GELOOFSGEBASEERDE ORGANISASIES EN WERKLOOSHEID: ’N EMPIRIESE ONDERSOEK BINNE DIE PAARL-WELLINGTON-GEMEENSKAP.

deur

ANITA LOUISA CLOETE

voorgelê luidens die vereiste
vir die graad

DOCTOR DIACONIOLOGIAE
(JEUGWERK-RIGTING)

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: DR C H THESNAAR

MEDEPROMOTOR: PROF A P PHILLIPS

NOVEMBER 2007

Studentenommer: **3199-812-7**

Ek verklaar hiermee dat **Geloofsgebaseerde organisasies en werkloosheid: ’n empiriese ondersoek binne die Paarl-Wellington-gemeenskap,** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

_____ _____

ME A L CLOETE DATUM

OPSOMMING

Die sentrale tema van hierdie studie handel oor die rol van die kerk as geloofsgebaseerde organisasie in die hantering van werkloosheid.

Na ’n inleidende hoofstuk waarin die navorsingsmetodologie en werkwyse uiteengesit word, volg ’n bespreking in Hoofstuk 2 aan die hand van resente literatuur oor die konsep werkloosheid, asook die uitwerking daarvan op die inidividu, die gesin en die samelewing. In Hoofstuk 3 fokus die bespreking op die betrokkenheid van geloofsgebaseerde organisasies by die hantering van werkloosheid as deel van sosiale ontwikkeling.

Die empiriese ondersoek wat deur middel van semigestruktureerde onderhoude met kerkleiers van die Paarl-Wellington-omgewing uitgevoer is, word in Hoofstuk 4 beskryf. Die geïnterpreteerde data word in Hoofstuk 5 aan die hand van hooftemas, subtemas en kategorieë bespreek . Gelyktydig daarmee is literatuurkontrole gedoen.

Op grond van die literatuurstudie en die bevindinge van die empiriese ondersoek word in Hoofstuk 6 ’n aantal gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak. Die aanbevelings is bepaaldelik daarop gemik om die kerk in die vorm van plaaslike gemeentes te aktiveer om op konkrete wyse in die daadwerklike aanpak van werkloosheid in hulle omgewing en gemeenskap betrokke te raak.

KERNBEGRIPPE:

Geloofsgebaseerde organisasies; kerk; werkloosheid; sosiale ontwikkeling.

SUMMARY

The central focus of this study is the role of the church as a faith-based organisation in dealing with unemployment.

Following an introductory chapter in which the research methodology and *modus operandi* are being explained, Chapter 2 is devoted to a discussion, in the light of recent literature, of the concept of unemployment and the effect of unemployment on the individual, the family and society. In Chapter 3 the discussion focuses on the involvement of faith-based organisations in addressing unemployment as part of social development.

In Chapter 4 the empirical survey, conducted by means of semi structured interviews with church leaders in the Paarl-Wellington-area, is described. The interpreted results are discussed in Chapter 5 according to main themes, sub themes and categories. A literature control is carried out simultaneously.

Based upon the literature study and the findings of the empirical survey, certain conclusions are drawn and recommendations are made in chapter 6. These recommendations are specifically aimed at activating the church in the form of local congregations to get actively involved in dealing with unemployment in their environment and community.

KEY CONCEPTS

Faith-based organisations; church; unemployment; social development.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

TERREINAFBAKENING EN BEGRONDING

Bls.

1. Inleding……..... **1**

2. Agtergrond van studie……. **1**

2.1 Begripsomskrywings……. 2

2.1.1 Geloofsgebaseerde organisasies……... 2

2.1.2 Kerk…….. 2

2.1.3 Werkloosheid……. 2

3. Motivering vir die studie…….. **2**

4. Die navorsingsprobleem…….. **7**

5. Die navorsingsvraag…….. **7**

6. Die doelstellings en belang van die studie……. **8**

7. Die doelwitte van die studie…….. **9**

8.Die navorsingstrategie……. **10**

8.1 Kwalitatiewe navorsing……. 10

8.2 Die navorsingsontwerp……. 10

8.3 Dataversamelingstegniek……. 11

8.4 Eenheid van ontleding……. 12

9. Die studie binne die vakgebied van praktiese teologie……. **12**

9.1 Praktiese teologie as vakgebied……. 12

9.2 Teologiese identiteit van praktiese teologie……. 13

9.3 Praktiese teologie en kontekstualiteit…….. 16

9.4 Die gebruik van empiriese navorsingsmetodes in praktiese teologie…… 17

9.5 Benaderings in praktiese teologie in Suid-Afrika……. 18

9.5. 1 Die diakoniologiese benadering…….. 20

9.5.2 Die handelingswetenskaplike benadering…….. 20

9.5.3 Die kontekstuele benadering……. 22

9.5.6 Basis- en metateoretiese uitgangspunte……. 23

10. Verwagte uitkomste en voordele van die navorsing…… 24
11. Beperkinge van die studie…… 25
12. Etiese kwessies…… 25
13. Hoe bevindinge gekommunikeer gaan word…….. 26
14. Aanbieding van studie…….. 26

HOOFSTUK 2

DIE KONSEP WERKLOOSHEID EN DIE UITWERKING DAARVAN OP DIE INDIVIDU EN DIE SAMELEWING

2.1 Inleiding…… 27
2.1.1 Literatuuroorsig…… 27
2.2 Wat is werkloosheid?..... 28
2.2.1 Tipes werkloosheid……... 30
2.2.2 Die meting van werkloosheid…… 31
2.3 Werkloosheid in Suid-Afrika…… 33
2.3.1 Strukturele werkloosheid in Suid-Afrika…… 36
2.3.2 Die oorsake van werkloosheid…… 37
Die asimmetriese groei van die ekonomie en die asimetriese groei van die bevolking..... 37
Die besigheidsiklus…… 38
Tekort aan kapitaal, groei en opleiding…… 38
Internasionale kompetisie…….. 39
2.2.3 Komplikasies eie aan Suid-Afrika…… 39
Die markgedrewe ekonomie in Suid-Afrika…… 39
Apartheid het vooruitgang gestuit en aanleiding gegee tot werkloosheid…… 40
2.4 ʼ n Teologie van werk..... 42
2.5 Die uitwerking van werkloosheid……… 47
2.6 Samevatting…… 52

HOOFSTUK 3

BETROKKENHEID VAN GELOOFSGEBASEERDE ORGANISASIES BY DIE HANTERING VAN WERKLOOSHEID AS DEEL VAN SOSIALE ONTWIKKELING.

3.1 Inleiding…….. 54

3.2 Geloofsgebaseerde organisasies…… 55

3.2.1 *Faith-permeated:*……. 57

3.2.2 *Faith-centered organizations*……. 57

3.2.3 *Faith-affiliated*……. 57

3.2.4 *Faith-background*……. 57

3.2.5 *Faith-secular partnership*……. 57

3.2.6 *Secular:*……. 57

3.3 Kerk……. 58

3.3.1 Die kerk as vennoot in ontwikkeling……. 60

3.4 Oorsig van uitdagings, kritiek en voorstelle aan die kerk oor betrokkenheid in die publieke arena…….. 62

3.4.1 Uitdagings aan die kerk……. 62

3.4.2 Uitdagings wat werkloosheid as sosiale aangeleentheid aan die kerk stel……. 65

3.5 Kritiek op die kerk se betrokkenheid in die openbare lewe…… 75

3.6 Voorstelle oor hoe die kerk in die burgerlike samelewing betrokke kan raak in die hantering van sosiale uitdagings…… 79

3.7 Slot……. 85

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSMETODOLOGIE

4.1 Inleiding…… 87

4.2 Die navorsingsvraag…… 88

4.2.1 Die literatuuroorsig en die navorsingsvraag……. 88

4.3 Navorsingsbenadering…… 90

4.3.1 Kwalitatiewe navorsing……. 90

4.4 Die navorsingsontwerp…… 92

4.4.1 Doel van die navorsing……. 94

4.4.2 Geldigheid……. 95

4.4.3 Betroubaarheid……. 96

4.4.4 Veralgemening……. 96

4.5 Dataversamelingstegnieke…… 97

4.5.1 Onderhoude en kwalitatiewe navorsingsbenadering……. 97

4.5.2 Voortoetsing……. 101

4.5.3 Etiese oorwegings tydens empiriese ondersoek…….. 101

4.6 Steekproefneming…… 102

4.6.1 Eenheid van ontleding……. 103

4.6.2 Hoe is die eenheid van ontleding gekies?..... 104

4.7 Sekondêre data…….. 106

5. Empiriese ondersoek …… 109

5.1 Voortoetsing……... 110

5.2 Veranderings/verbetering op grond van die voorondersoek…… 112

6. Samevatting…… 114

HOOFSTUK 5

BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSBEVINDINGE EN LITERATUURKONTROLE

5.1 Inleiding..... 115

5.2 Demografiese besonderhede van deelnemers betrokke by die navorsingsprojek..... 116

5.3 Hooftema 1: Deelnemers se persepsies rondom die voorkoms van werkloosheid en werkloosheid as 'n probleem in die gemeenskap..... 125

5.3.1 Persepsie: Werkloosheid kom nie voor – en is nie 'n probleem - in ons gemeente nie, maar dit is 'n probleem en kom voor in die gemeenskap.....126

5.3.2 Persepsie: Werkloosheid is nie 'n probleem in ons gemeenskap en gemeente nie..... 127

5.3.3 Persepsie werkloosheid is 'n probleem in die gemeenskap..... 128

5.3.4 Persepsie: Werkloosheid is 'n probleem in die gemeenskap en in die gemeente..... 129

5.3.5 Persepsie: Redes vir werkloosheid onder gemeente- en gemeenskapslede..... 131

5.3.6 Persepsie: Die uitwerking van werkloosheid op gemeenskapslede, gesinne en kinders..... 133

5.3.7 Persepsie rondom wie die werkloses is..... 135

5.3.8 Persepsie rondom 'n deelnemer se siening van werklose mense..... 135

5.4 Hooftema 2 : Deelnemers se sieninge rondom die rol van die kerk in die hantering van werkloosheid..... 136

5.4.1 Die siening word gehuldig dat die kerk 'n verpligting en verantwoordelikheid het ten opsigte van die aanspreek van werkloosheid in die gemeenskap.....137

5.4.2 Die siening word gehuldig dat die kerk sy rolverpligting en verantwoordelikheid ten opsigte van die aanspreek van werkloosheid in samewerking met ander sisteme moet aanpak..... 143
5.4.3 Sienings omtrent die aard, of wat die kerk se rol is by die aanspreek van werkloosheid in die gemeenskap..... 145
5.5 Hooftema 3: Inisiatiewe binne gemeenteverband vir die aanspreek van werkloosheid..... 150
5.5.1 Huidige inisiatiewe vir die aanspreek van werkloosheid binne gemeenteverband..... 150
5.5.2 Beoogde inisiatiewe vir die aanspreek van werkloosheid binne gemeenteverband..... 159
5.6 Hooftema 4: Voorstelle aan kerke oor hoe hulle betrokke kan raak by die hantering van werkloosheid..... 162
6. Samevatting..... 171

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 Inleiding..... 172
6.2 Navorsingsbenadering..... 173
6.3 Gevolgtrekkings en aanbevelings..... 174
6.4 Verdere navorsing..... 186

HOOFSTUK 1

TERREINAFBAKENING EN BEGRONDING

1. Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om die belang en aard van die studie aan te toon en die metodologie, werkswyse, riglyne en begrensing vir die studie te verduidelik.

2. Agtergrond van die studie

Hierdie studie is deel van ’n groter projek deur die National Research Foundation (NRF) met die titel: **Volhoubare ontwikkeling: Die uitwissing van armoede**. Hierdie projek sluit die volgende navorsingsvelde in: Ontwikkelingstudies, Religieuse studies, Teologie, Praktiese teologie, Maatskaplike werk en Sosiologie. Die navorser is dus deel van ’n interdissiplinêre span en doen die studie in die vakgebied van praktiese teologie.

Die gebiede wat vir die groter projek geselekteer is, is onder andere George, Paarl en Wellington in Wes- Kaapland. Die navorser gaan net betrokke wees by die fases van die projek wat op die Paarl – Wellington - area fokus.

2.1 Begripsomskrywings

Al drie die onderstaande begrippe word in Hoofstuk 2 en 3 breedvoerig bespreek.

2.1.1 Geloofsgebaseerde organisasies

In hierdie studie word daar speisifiek na kerke as geloofsgebaseerde organisasies verwys. In die meer breedvoerige bespreking van die term in Hoofstuk 3 word egter verduidelik dat die term ook ander nieregerings organisasies en enige ander organisasies insluit wat vanuit hul geloofsoortuigings in die gemeenskap betrokke is.

2.1.2 Kerk

Die term “kerk” soos hier gebruik, korreleer met hoe Koegelenberg (1992:67) die begrip omskryf naamlik as sosiologiese konsep of organisasie waarin groepe van mense uitdrukkking gee aan hul gedeelde geloof. Soos die konsep hier gebruik word, verwys dit ook na die kerk in die breë en kerk in die vorm van die plaaslike gemeente.

2.1.3 Werkloosheid

Uit die literatuur het dit duidelik geword dat daar nie net een algemene aanvaarde definisie van werkloosheid bestaan nie, omdat dit kompleks is om werkloosheid akkuraat te meet en te omskryf. Vanuit verskeie definisies is daar egter die volgende kriteria geïdentifiseer waaraan iemand moet voldoen om as werkloos geklassifiseer te word, naamlik dat:

- die persoon nie werk het nie;
- beskikbaar is vir werk;
- graag wil werk; en
- besig is om werk te soek.

3. Motivering vir studie

Werkloosheid is sekerlik die grootste probleem en uitdaging wat die Suid-Afrikaanse samelewing in die gesig staar, en dit is meermale ook die oorsaak van vele ander probleme soos ’n hoë misdaadsyfer, geweld en

volslae armoede. Verskeie navorsers is dit eens dat Suid-Afrika nog steeds een van die lande met die hoogste werkloosheidsyfer in die werêld is (Erasmus 1999:29). Daar is bevind dat werkloosheid ook deur al vier bevolkingsgroepe as die grootste probleem in die land beskou word (Barker & Backer 1992:72).

Erasmus (1999:26) bevestig dat werkloosheid nog steeds van die grootste probleme en uitdagings in die Suid-Afrikaanse samelewing is op grond van navorsing wat oor werkloosheid in Suid-Afrika gedoen is. Afgesien van die persoonlike lyding wat werkloosheid tot gevolg het, hou dit ook ’n ernstige bedreiging in vir die politieke en sosiale stabiliteit van die land.

Nie minder nie as 350 000 persone tree jaarliks tot die werksmark in Suid-Afrika toe, terwyl daar in die dekade 1980-1990 slegs 50 000 nuwe werkgeleenthede per jaar in die formele sektor geskep is. Daar is verder bevind dat die werksabsorberingsvermoë van die formele sektor gevaarlik vinnig daal: In die laat- tagtigjare het dit 12, 5 persent beloop, vergeleke met die 73, 6 persent in die laat -sestigjare, toe amper ’n driekwart van die werksoekers in die werksmag opgeneem is (Barker & Backer 1992:73).

Gegewe die getal nuwe werksoekers wat die werksmag elke jaar betree, kan slegs een uit elke 30 nuwe werksoekers in die formele sektor van die ekonomie werk vind. Vir baie jare kon die Suid-Afrikaanse ekonomie nie voldoende werk skep vir die mense wat jaarliks tot die werksmark toetree nie. Alhoewel daar in die afgelope tyd meer werkskepping was, is dit nog steeds nie genoeg om die grootskaalse werkloosheid in die land beduidend te verlig nie (Barker 2007:173).

In 1990 was dit vir 45% van al die mense in Suid-Afrika wat gewillig was om te werk, onmoontlik om in die formele sektor werk te kry. Volgens die 2001- sensus het 9, 5 miljoen mense poste in verskillende beroepe beklee, terwyl 6 miljoen mense werkloos was in Suid-Afrika. In 2002 was die werkloosheidsyfer 41% volgens die breë definisie en 30% volgens die enger (meer verfynde) definisie Stats SA, 2002 in (Knight & Kingdon

2003:391). Dit is dus volkome duidelik dat die werkloosheidsyfer steeds onaanvaarbaar hoog is in Suid-Afrika.

Die jeug en diegene met laer vaardigheidsvlakke word deur die situasie van werkloosheid in Suid-Afrika die ergste geraak. ’n Analise van die situasie in Suid-Afrika het aan die lig gebring dat werkloosheid hoofsaaklik voorkom onder die ouderdomsgroep tussen 20-40 jaar (Erasmus 1999:26). ’n Studie deur CASE 2000 (*Youth 2000: A national study of youth in South Africa)* bevestig bostaande bevindinge, naamlik dat werkloosheid deur jongmense as die grootste probleem in Suid-Afrika beskou word. Dieselfde studie het verder aangetoon dat 41% van die respondente werkloos was. Dit is die ekwivalent van 52% van die ekonomies aktiewe jeug in Suid-Afrika. Die volgende tabel uit die studie deur CASE staaf die stelling dat werkloosheid deur jongmense as die vernaamste probleem in Suid-Afrika beskou word:

Problem	**All**	**African**	**Coloured**	**Indian**	**White**
Unemployment	41%	45%	31%	34%	16%
Crime	14%	11%	20%	18%	37%
HIV/AIDS	11%	12%	7%	7%	5%
Money	10%	11%	4%	3%	4%
Education	4%	4%	4%	8%	2%
Drug abuse	2%	3%	2%	2%	2%
Future of SA	2%	1%	7%	5%	7%
Future of kids	2%	0%	4%	0%	8%
Poverty	2%	2%	2%	2%	0%
Corruption	2%	2%	1%	2%	1%
Economy	1%	0%	3%	10%	6%
Health	1%	1%	2%	2%	0%
Gangs	0%	0%	4%	0%	0%
Total	**100%**	**100%**	**100%**	**100%**	**100%**

Tabel 1

Die effek van werkloosheid op die individu, die familie en die samelewing is oor die algemeen baie negatief. Behalwe die verlies aan inkomste lei werkloosheid ook tot identiteitsverlies en vele ander sielkundig defektiewe toetstande. Die mees voor die hand liggende oplossing vir werkloosheid is werkskepping, maar dit is ook die moeilikste om te bereik. Werkloosheid is egter nie bloot ’n individuele probleem nie, maar ’n kollektiewe probleem en moet as sodanig hanteer word.

In die kollektiewe hantering van sosiale probleme in Suid-Afrika word daar op die rol van die religieuse sektor staatgemaak. Op die bydrae van die religieuse sektor maak die owerheid en die breë gemeenskap veral staat.’n Ekonoom van die Ontwikkelings bank van Suid-Afrika, ene Mokaba beweer: “*social capital is a necessary condition for economic growth. This involves more than political stability, law and order, a low crime rate and economic policies. What is required is discipline, a commitment to productivity, willingness to learn a believe in moral values like justice and truth. Faith communities such as churches, could help in a more systematic and focused way to rebuild the social cohesion, social trust, moral values, in the short the social capital*” (Coetzee *et al* 2001:486).

In Suid-Afrika word die kerk as die grootste nieregerings organisasie beskou. Vanaf die vroegste tye was daar ’n sterk band tussen die kerk en die Christelike teenwoordigheid onder NGO’s (nieregeringsorganisasies) en ontwikkeling (en dus geloofsgebaseerde organisasies) in die proses van ontwikkeling. Alhoewel NGO’s ’n toenemend sekulêre identiteit aanneem, is die oorsprong van baie of die meeste NGO’s godsdienstig van aard. Sowel NGO’s en geloofsgebaseerde organisasies word uitgedaag om nuwe maniere te vind van betrokkkenheid by ontwikkeling. Daar is nuwe uitdagings wat vra vir gesamentlike betrokkenheid en die formulering van gesamentlike doelstellings (Coetzee *et al.* 2001:487).

Gemeenskap en sosiale kapitaal word gebou en in stand gehou deur organisasies en kerke. NGO’s en kerke is albei ontvangers van sosiale kapitaal en tegelyk genereer hulle sosiale kapitaal. Alhoewel daar nie net

een enkele definisie of manier van meting van sosiale kapitaal is nie, verwys dit na die kenmerke van sosiale die gemeenskap/ organisasies van vertroue, gedragsnorme, sosiale netwerke of ’n kombinasie hiervan (Bacon 2001:5).

Swart (in Coetzee et al. 2001:488-490) reken dat die geloofsgebaseerde organisasies ook hul rol moet herbedink en aanpas ooreenkomstig die vier generasie teorieë van Korten. Volgens hom funksioneer dié sektor hoofsaaklik volgens die eerste twee teorieë, naamlik direkte dienslewering soos voorsiening van kospakkies, oprig van skole en skuilings, kapasiteitsbou en selfontwikkeling. Tans is dit egter noodsaaklik om meer op die gebied van die derde en die vierde teorie te opereer, wat pogings insluit om plaaslike, nasionale en globale wetgewing te beïnvloed, asook om mense te mobiliseer in organisasies/bewegings wat by meer “people-centered development” aansluiting vind.

Hieruit is dit duidelik dat geloofsgebaseerde organisasies nie net in die geestelike behoeftes van mense nie, maar ook in hul tydelike behoeftes ’n rol behoort te speel. Daar is dus ’n bydrae te lewer tot ekonomiese kwessies soos werkloosheid. Dit word bevestig deur Nürnberger (1994:121) wat sê “*In South Africa progressive Christians have concentrated on racial ideology and politics. The challenge facing them now is to throw themselves into the economic problem with the same vigour, rigour and readiness for conflict as in the case of the racially defined problem in the past.”*

Navorsing deur die Eenheid van Godsdiens- en Ontwikkelingsnavorsing (EGON) toon dat daar by die mense in die Paarl-omgewing die verwagting leef dat geloofsgebaseerde organisasies by die hantering van sosiale uitdagings soos werkloosheid betrokke sal wees. Hierdie oproep tot ’n verstelde fokus in hul aksies is in lyn met die missionêre karakter van die kerk.

Sonder resente data oor die omvang van die probleem is dit nie moontlik om effektief betrokke te raak by die hantering daarvan. Dit is dus belangrik dat daar eerstens data versamel word oor die probleem. Die huidge studie

behoort ’n belangrike bydrae te lewer met die bewusmaking van die realiteit van werkloosheid deur gebruik te maak van sekondêre data omtrent werkloosheid en die mate van betrokkenheid van geloofsgebaseerde organiasies in die Paarl-Wellington omgewing. Die hoofdoelstelling van die studie is om ondersoek in te stel na hoe geloofsgebaseerde organisasies hul rol verstaan ten opsigte van die hantering van werkloosheid as een van die grootste probleme in ons gemeenskappe en land.

4. Die navorsingsprobleem

In bostaande kort literatuuroorsig het dit onweerlegbaar aan die lig gekom dat werkloosheid een van die grootste probleme in die Suid-Afrikaanse samelewing is. Uit bostaande bespreking blyk dit verder dat daar heelwat verwagtinge bestaan oor die rol van die religieuse sektor in die heropbou en ontwikkeling van ons land.

Die vraag ontstaan nou hoe dié organisasies self hul rol vandag verstaan? Daar kan nie sonder meer aanvaar word dat die sektor oor die vaardighede beskik om hul rol in die lig van ’n veranderde konteks en dus veranderde behoeftes te herinterpreteer nie. Deur vas te stel hoe die sektor tans hul bydrae verstaan, veral ten opsigte van die hantering van werkloosheid, kan ’n proses aan die gang gesit word waarin hulle bemagtig kan word om kennis en vaardighede te ontwikkel ten einde kontekstueel te werk te gaan met hul bediening en dienslewering in die verband. Die studie gaan dus ondersoek instel na hoe geloofsgebaseerde organisasies hul rol verstaan ten opsigte van die hantering van werkloosheid in die spesifieke area.

5. Die navorsingsvraag

Die navorsingsonderwerp moet in ‘n navorsingsvraag omskep word. Die doel van ‘n navorsingsvraag is om die aard en omvang van die navorsing te definieer. Die navorsingsvraag moet duidelik en spesifiek wees en moet die inligting voorsien wat vir die studie benodig word.

Volgens Blaike (2000:60-61) kan navorsingsvrae in drie hooftipes ingedeel word, naamlik: die *WAT*- die *HOEKOM*- en die *HOE*- vraag. Die *HOE*-vraag vereis ‘n beskrywende antwoord en is gerig op die ontdekking en beskrywing van die kenmerke en patrone met betrekking tot ‘n sekere sosiale fenomeen. Die *HOEKOM*-vraag stel ondersoek in na die oorsake en redes vir die bestaan van hierdie kenmerke in ‘n sekere verskynsel. Dit is gerig op die verstaan en verduideliking van die verhouding tussen sosiale gebeure en prosesse. Die *HOE*- vraag is daarmee gemoeid om aan te dui dat daar byvoorbeeld met behulp van intervensie en praktiese uitkomste verandering teweeg gebring kan word. Ook in die voorbeelde van navorsingsvrae wat deur Mouton (2002:4-5) gegee word, kan hierdie die drie tipes vrae naamlik die *WAT- HOE-en HOEKOM* -vraag ook onderskei word.

Die tipe vraag wat gevra word, speel in alle navorsing ‘n sleutelrol omdat die navorsingsvraag en die doelstellings van die studie bepalend is vir die keuse van die navorsingstrategie (Myburgh & Poggenpoel 1995:5). Die navorsingsvraag in hierdie studie is geformuleer om soos volg te lui**: Wat is die rol van geloofsgebaseerde organisasies in die hantering van werkloosheid?** Die navorsingsvraag van hierdie studie val dus onder die *WAT*- kategorie wat gerig is op ontdekking en beskrywing. Dit is dus belangrik om na gelang van die navorsingsvraag die mees geskikte navorsingsbenadering te kies wat die navorsingsvraag die beste sal beantwoord en die navorsingsdoelstellings die beste sal dien.

6. Die doelstellings van die studie

Die doelstellings van hierdie studie lui soos volg:

- Ontwikkeling van kennis en begrip vir die verskynsel van werkloosheid en veral die uitwerking van werkloosheid op individue, families en die gemeenskap;

- die ontwikkeling en uitbreiding van bestaande netwerke tussen geloofsgebaseerde organisasies wat effektiewe samewerking en koördinering van projekte met betrekking tot werkloosheid kan bevorder;

- die ontwikkeling van ’n nuwe of ’n verbeterde praxis aangaande die rol van geloofsgebaseerde organisasies in die hantering van werkloosheid in die Paarl- Wellington-omgewing.

7. Die doelwitte van die studie

Fouché (2002:17) beskryf doelwitte as die meer konkrete, meetbare en vinnig verkrygbare konsepte wat die breër doelstellings onderlê. Die doelwitte wat die breër doelstellings van hierdie studie onderlê, behels die volgende:

- ’n **Voorondersoek,** wat ’n literatuurstudie behels oor die konsep werkloosheid, werkloosheid in Suid-Afrika, die effek van werkloosheid op die inidividu, die familie en die samelewing, en ’n teologiese perspektief op werk;
- ’n **empiriese ondersoek,** waar die navorser deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude data gaan insamel oor die navorsingsvraag naamlik: Wat is die rol van geloofsgebaseerde organisasies in die hantering van werkloosheid? Die **resultate van die ondersoek word met die literatuur geverifieer** as ’n wyse van kontrolering van die betroubaarheid van die inligting soos deur die empiriese ondersoek verkry;
- Laastens word **gevolgtrekkings en aanbevelings** vanuit die resultate van die studie gemaak ten einde geloofsgebaseerde organisasies te bedien met voorstelle aangaande hulle rol in die hantering van werkloosheid.

8. Die navorsingstrategie

8.1 Kwalitatiewe navorsing

In hierdie studie gaan daar van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak word. Kwalitatiewe navorsing poog om die menslike werklikheid te beskryf vanuit die perspektief van die sosiale akteurs self. Die primêre doel van dié benadering is om te ontdek, te beskryf en te verstaan eerder as om te verklaar. Die belangrikste element in kwalitatiewe navorsing is dat betekenis geskep word deur individue in interaksie met hul leefwerêld (Merriam 2002:3). Die kwalitatiewe navorsingsparadigma sal die navorsingsvraag die beste beantwoord omdat daar in die navorsingsparadigma gefokus word op die beskrywing van mense se intensies, geloof en waardes (Henning 2005:20).

In die beantwoording van die navorsingsvraag, naamlik: Wat is die rol van geloofsgebaseerde organisasies in die hantering van werkloosheid? Sal mense se menings onder andere gegrond wees op hulle verstaan van God, die rol van die kerk, hul waardes en hoe hulle hul rol as gelowiges in die wêreld beskou. Dit gaan dus in die navorsingsvraag oor die interaksie van mense (sosiale akteurs) met hul leefwerêld ('n spesifieke aangeleentheid in hul sosiale lewe, naamlik werkloosheid), wat ook die fokus is in die kwalitatiewe navorsingsparadigma.

8.2 Die navorsingsontwerp

In die lig van die navorsingsvraag en doelstellings van die studie kies die navorser die basiese interpreteerbare of beskrywende kwalitatiewe navorsingontwerp, *(basic interpretive)* binne die kwalitatiewe navorsingsparadigma. Die navorsingsontwerp word benut deur navorsers wat daarin belangstel om te verstaan hoe deelnemers sin maak uit 'n situasie of verskynsel en die betekenis word dan deur die navorser as instrument bepeins. Die strategie is abduktief en die uitkoms is beskrywend. In die uitvoer van basiese interpreterende kwalitatiewe navorsing wil die

navorser ‘n sekere verskynsel of proses ontdek en beskryf, of die perspektiewe of sieninge van mense wat in die proses of verskynsel betrokke is, ontdek en beskryf. Data word versamel by wyse van onderhoude, observasie en dokumentêre analise. ‘n Ryk beskrywing van die bevindinge word aangebied en bespreek deur gebruik te maak van die literatuuroorsig wat ‘n raamwerk vir die studie voorsien het (Merriam 2002:6).

Aan die hand van die navorsingsvraag word ondersoek ingestel na die rol van geloofsgebaseerde organisasies in die hantering van werkloosheid. In die beantwoording van die navorsingsvraag gaan die perspektiewe van deelnemers aangaande die verskynsel van werkloosheid en die proses hoe om dit te hanteer, ontdek en beskryf word. Die doelstellings van die studie is gerig op verbetering, aanpassing of verandering van die praxis van geloofsgebaseerde organisasies in hul rol as agente van verandering ten opsigte van die hantering van werkloosheid. Die navorsingsvraag sal dus die beste beantwoord word deur dié navorsingsontwerp binne die kwalitatiewe navorsingsparadigma.

8.3 Dataversamelingstegniek

In hierdie ondersoek gaan daar van een tot een, semigestruktureerde onderhoude gebruik gemaak word. Die rede vir die keuse van dié vorm van onderhoude is omdat semigestruktureerde onderhoude algemeen deur navorsers gebruik word om ‘n prentjie te verkry van die deelnemers se geloof oor of persepsies van ‘n spesifieke onderwerp (De Vos 2005:287). Dié vorm van dataversameling sal dus die navorsingsvraag die beste beantwoord en ook die navorsingsdoelstellings van die ondersoek die beste dien.

8.4 Eenheid van ontleding

In hierdie studie is die eenheid van waarneming sowel as die eenheid van ontleding die leiers van die onderskeie geloofsgebaseerde organisasies in die Wellington-Paarl-omgewing.

Hierdie studie vind egter nie in ’n lugleegte plaas nie, maar word vanuit n bepaalde vakgebied gedoen, naamlik die vakgebied van die praktiese teologie.

9. **Die studie binne die vakgebied van praktiese teologie**

9.1 Praktiese teologie as vakgebied

Praktiese teologie is een van die studievelde van teologie, met ander woorde ’n bepaalde perspektief op teologie as geheel. In die praktiese teologie word die geloofshandelinge van die mens bestudeer. Praktiese teologie as ’n handelingswetenskap kan binne die paradigma van ’n kommunikatiewe handelingsteorie geplaas word.

Dat die prakties-teologiese handelinge in diens van die evangelie staan, verseker die teologiese gehalte van praktiese teologie. Praktiese teologie is veral geïnteresseerd in die rol van die mens in die ontmoeting tussen God en mens. Praktiese teologie is ’n wetenskap omdat dit ’n eie studieveld het, prakties-teologiese teorieë vorm en wetenskaplike metodes gebruik (Heyns & Pieterse 1994:711).

Dit gaan in hierdie vak spesifiek om die *kommunikasie* van die evangelie in verskillende situasies met verskillende handelinge soos prediking, viering van die heil in die erediens, pastorale sorg, kerklike onderrig, diens, gemeentebou, ensovoorts (Pieterse 1993:2) Die formele objek van die vak is die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie wat in die spanning tussen die ideaal en werklikheid geskied, en wat as mediale handelinge ten doel het om geloof deur te gee asook kommunikatiewe

geloofshandelinge te bevorder (Pieterse 1993:48). Prakties-teologiese ondersoeke het ten doel om hierdie praxis te verbeter.

Hierdie studie is daarop gemik om die huidige praxis rondom die betrokkenheid van geloofsgebaseerde organisasies by werkloosheid as een van die probleme in die sosiale werklikheid te ondersoek en, indien dit uit die ondersoek nodig sou blyk ’n nuwe of verbeterde praxis te formuleer. Die ondersoek het dus ten doel om die mediale betrokkenheid van die mens tussen die ideaal en die werklikheid onder die soeklig te plaas met betrekking tot die spesifieke uitdaging van werkloosheid in die samelewing.

9.2 Teologiese identiteit van praktiese teologie

Praktiese teologie is een van die deeldissiplines van teologie. Aangesien teologie uit verskillende studievelde bestaan kan dit voorkom asof teologie gefragmenteerd is (Ballard 1999:143). Die verskillende skakerings van teologie, waarvan praktiese teolgie een is, moet egter nie as ’n gedeelte van teologie gesien word nie, maar as ’n bepaalde perspektief op die teologie as geheel (Pieterse & Heyns 1994:6)

Praktiese teologie as dissipline in teologie kan dus nie verstaan word sonder om dit te plaas binnne die raamwerk en funksie van teologie as geheel nie. In teologie gaan dit om God. God kan egter nie in menslike woorde vasgevang word nie, daarom kan teologie hoogstens mense se woorde oor God en geloof in God bestudeer. Teologie kan omskryf word as die wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God en van mense se geloofsuitsprake oor God (Pieterse & Heyns 1994:4).

Schubert Ogden soos aangehaal deur Paul Ballard (1999:141) beskryf teologie soos volg:

- Dit is beskrywend: Dit sit uiteen hoe Christene geglo het en voortgaan om te glo, asook hoe hulle hul geloof uitleef;

- teologie is normatief: Dit is op die Skrif en tradisie gebasseer, en wil in die lig van hedendaagse uitdagings, die norme en aansprake van geloof duidelik maak;

- dit is krities: Dit probeer op die uitdagings en insigte van ’n veranderde wêreld respondeer;

- teologie is apologeties: In die markplein van idees is teologie daarmee gemoeid om die implikasies van geloof in en vir die wêreld uit te werk en voorspraak daarvoor te doen.

Die volgende kenmerke van praktiese teologie soos aangedui deur Fowler (1999: 80), toon groot ooreenkomste met dié van teologie:

- Kritiese en konstruktiewe besinning van geloofsgemeenskappe in die konteks van hul praxis;

- die normatiewe bron is die Skrif en tradisie in hul respons op die uitdagings en situasies waarmee hulle gekonfronteer word;

- voortdurende modifikasie en transformasie van hul praxis ten einde ’n meer effektiewe praxis daar te stel.

Daar is dus geen skerp onderskeidings tussen praktiese teologie en teologie as sodanig nie. Alle teologie staan in diens van die geloofsgemeenskap en daarom is alle teologie in wese prakties.

Die taak van praktiese teologie kan as volg saamgevat word:

- Om bronne te verskaf aan die hand waarvan die kerk in sy diversiteit krities kan besin oor sy eie lewe en missie in die wêreld;

- om deur prosesse en persoonlike ontwikkeling en leer inligting te voorsien waardeur gelowiges bemagtig kan word om op ’n kreatiewe wyse aan hul taak in die wêreld uitvoering te gee (Ballard 1999:141-143).

Die kritiese besinning oor die taak van die gelowige vandag in die wêreld is van groot belang vir die studie. Die navorser stem saam dat die geloofsgemeenskap voortdurend hul taak moet evalueer in die lig van die huidige vraagstukke en uitdagings. Die normatiewe karakter van teologie stel ons in staat om in die lig van die Skrif en die tradisie ons huidige en toekomstige handelinge in diens van die evanglie te heroriënteer en te rig. Soos Hendriks (2004:19) dit beskyf, is praktiese teologie die voortgesette hermeneutiese besorgdheid oor hoe die Woord in woord en daad in die wêrêld verkondig moet word.

Die volgende beoogde uitkomste van die studie korreleer met die funksies van praktiese Teologie:

- Mense se verstaan van die kerk se rol met betrekking tot sosiale probleme word onderlê deur die teologie wat hulle bedryf, hul siening van God en die verstaan van hul taak as gelowiges in die werêld;

- die bemiddelende rol van gelowiges in die ontmoeting tussen God en die mens kom in hierdie studie sterk na vore. Die praxis van gelowiges ten opsigte van sosiale probleme soos werkloosheid word geïdentifiseer, en geëvalueer en indien nodig gewysig;

- interaktiewe teologie word in hierdie studie bevorder, aangesien daar ‘n heen-en-weer beweging is tussen die konteks (sosiale behoeftes) en die Woord as normatiewe bron.

Die doelstellings van hierdie studie toon dus ooreenkomste met die taak van praktiese teologie. Hierdie ondersoek het ten doel dat gelowiges krities sal besin oor hul rol in die samelewing met betrekking tot werkloosheid.

Vanuit hierdie besinning kan ‘n verbeterde of nuwe praxis geformuleer word met betrekking tot hul rol in dié verband.

Praktiese teologiese ondersoeke vind egter nie in ‘n vakuum plaas nie, maar in ‘n bepaalde konteks. Vervolgens gaan die belangrikheid van konteks in die vakgebied van die praktiese teologie kortliks bespreek word.

9.3. Praktiese teologie en kontekstualiteit

Net soos teologie, vind praktiese teologie nie in ’n lugleegte plaas nie, maar wel in ’n spesifieke sosiale en kulturele konteks (Hendriks 2004:27). Die term kontekstualiteit of konteks kan volgens Preul (1999:152-153) op die volgende drie maniere gebruik word:

- Dit kan beteken die Christelike boodskap is en sal altyd gekonfronteer word met vrae, behoeftes en belangstellings wat ontstaan uit die lewenservaring onder veranderde lewensomstandighede. Dit het op sosiale, kulturele en intellektuele vraagstukke betrekking.

- kontekstualiteit kan ook na die metodes verwys wat in die teologie in al sy vertakkinge gebruik word;

- kontekstualiteit moet ook by die proklamering van waarheidsaansprake (“truth claims”) in berekening gebring word. Proposisies en leerstellings is relatief tot bepaalde historiese en sosiale konteks.

In hierdie studie sal dit dus nodig wees dat die probleem wat ondersoek word gekontekstualiseer word. Werkloosheid moet met betrekking tot die geografiese gebied verstaan en hanteer word, wat noodwendig beteken dat die probleem gekontekstualiseer word. Daarmee word bedoel dat die probleem binne die bepaalde gebied en heersende kultuur verstaan en benader moet word.

9.4 Die gebruik van empiriese navorsingsmetodes in praktiese teologie

Volgens Van der Ven (1999:322) was die vraag oor die metodologie in die praktiese teologie nog altyd onder die soeklig. Sommige beweer dat die praktiese teologie geen metodologie het nie en ook nie hoef te hê nie. Ander is weer van mening dat die metodologie nie die alfa en die omega van die praktiese teologie moet word nie, maar dat dit nogtans ’n belangrike voorwaarde vir die vakgebied is. Die navorser stem saam met die siening, dat sonder ’n duidelike metodologie, praktiese teologie nie sy taak behoorlik kan vervul nie, naamlik besinning oor die praktyk van mense in diens van die evangelie. In aansluiting hierby skryf Heitink (1999:265) dat die praktiese teologie ’n empiries-georiënteerde teorie is oor die bemiddeling van die Christelike tradisie in die praktyk van die moderne samelewing. Hy is van mening dat “empiries” nie in opposisie tot die begrip “hermeneuties” staan nie. Hulle is volgens hom in lyn met mekaar.

Die aard van die prakties-teologiese navorsing aangaande die verhouding tussen teks en konteks is hermeneuties van aard, maar die ontwerp is empiries. Hierdie prakties-teologiese studie is dus hermeneuties van aard omdat die navorsing op verstaan gerig is: Die verstaan van die probleem van werkloosheid en die rol wat geloofsgebaseerde organisasies kan speel by die hantering van die probleem. Dit vereis egter ’n empiriese ondersoek omdat prakties teologiese navorsing altyd sy vetrekpunt neem in die werklike situasie van die kerk en die samelewing. Hierdie situasie moet verstaan word as die situasie van handelinge wat by wyse van empiriese navorsing verduidelik word en by wyse van praktiese teologiese teorieë geïnterpreteer word (Van der Ven 1999:266).

Die gebruik van empiriese navorsingsmetodologie is deel van die ontwikkeling (verbreding van die objek) in die vakgebied van praktiese teologie. Praktiese teologie het as gevolg van dié ontwikkeling nie meer uitsluitlik op die *pastores* en hulle verantwoordelikheid gekonsentreer nie, maar die handelinge van alle gelowiges in diens van die evangelie ondersoek (Pieterse & Dreyer 1995:33).

Die handelingswetenskaplike benadering het ’n verbreding van die objek van die vak teweeggebring, die wetenskaplike karakter van die vak gevestig, en die perspektief van die vak verruim, sodat die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie ook buite die kerk, in die konkrete konteks van die samelewing, bestudeer kon word met die oog op ’n emansipatoriese belang-verandering tot bevryding en ’n eg-menslike bestaan (Pieterse 1993:107). Die empiriese ondersoek is in hierdie studie nodig ten einde meer wetenskaplike en sosiaal betekenisvolle navorsingsresultate te lewer.

Praktiese Teologie word vanuit verskeie benaderings beoefen in Suid-Afrika. Die verskillende benaderings gaan kortliks bespreek word ten einde aan te toon hoe dié benaderings die studie rig en verryk. Vir hierdie studie gaan daar nie uitsluitlik vir een spesifieke benadering gekies word ten koste van die ander twee nie, aangesien die navorser van mening is dat alhoewel daar tussen die benaderings onderskei kan word, daar ook baie onderlinge raakpunte is. By elk van die benaderings gaan daar dus sekere beginsels beklemtoon word wat vir die studie as belangrik beskou word.

9.5 Benaderings in praktiese teologie in Suid-Afrika

Volgens ’n ondersoek deur Burger (1991:59) kan drie basiese benaderings in die huidige praktiese teologie in Suid-Afrika onderskei word. Dit is die diakoniologiese benadering; ’n handelingswetenskaplike benadering; en ’n kontekstuele benadering.

Burger is van mening dat die norm van die praktiese teologie ’n deurslaggewende rol in die benadering tot die vak speel (Burger 1991:40). Hy kies as norm die gebondenheid aan die Skrif of die Christelike evangelie. Hy gebruik dit ook as onderskeidingsbeginsel om die verskillende benaderings tot die praktiese teologie in Suid-Afrika te identifiseer.

Alhoewel daar ander sake is wat ook as onderskeidingsbeginsel gebruik kan word, byvoorbeeld die metodologie waarmee die vak benader word, kies die

navorser ook vir die norm van die Skrif as die onderskeidingsbeginsel vir die ondersoek in hierdie studie. Die keuse word gemaak met begrip daarvoor dat die evangelie verstaan kan word vanuit verskillende konfessies en dogmatiese sienings asook in die lig van die sosiale, ekonomiese en politieke konteks waarin mense leef. Die gevolg hiervan is egter dat daar verskillende opvattings oor die evangelie onder mense kan bestaan.

’n Mens sou ook kon redeneer dat dit riskant kan wees om met die norm van die evangelie soos in die Bybel vervat, as onderskeidingsbeginsel te werk.Ten spyte daarvan is dit belangrik dat in hierdie polêre verhouding van wat die konteks behels en wat die Skrif leer, die Bybel vir ons as gelowiges steeds die normatiewe pool bly–die bril waardeur ons na die wêreld en die lewe kyk. Na die gesag van die Bybel word ook verwys as ’n intensionele gesag. Hiemee word bedoel dat dit betroubare woorde is om die relasie tussen God en mens te skep en te onderhou (Burger 1999:126).

Hermeneutiese denke in die praktiese teologie het die insig gevestig dat die boodskap in wisselwerking met die konteks gesoek moet word (Pieterse 1993:8). By elk van die benaderings is egter ook diie koninkryk of heerskappy van God belangrik (Pieterse 1993:102). Dit is tegelyk ’n aanduiding daarvan dat die Skrif as norm op een of ander wyse vir al drie benaderings belangrik is. Die taak van praktiese teologie om die konkrete situasie te ondersoek is baie belangerik vir hierdie studie. In die lig van die data soos deur die empiriese ondersoek versamel kan geloofsgebaseerde organisasies hul huidige kommunikatiewe handelinge evalueer en indien nodig wysig of aanpas ten einde ’n meer effektiewe praxis insake die betrokke aangeleentheid daar te stel. Dit is immers die taak of verantwoordelikheid van die praktiese teologie om die prakties-teologiese teorieë wat in die praktyk funksioneer te identifiseer, krities te beoordeel en indien nodig nuwe teorieë vir die praktyk te ontwikkel (Heyns & Pieterse 1994:20).

9.5. 1 Die diakoniologiese benadering

Alhoewel die navorser ook die Skrif as norm vir die studie wil gebruik, verskil sy van die diakoniologiese benadering op dié punt dat daar by laasgenoemde nie sprake is van gesprek met die praktyk nie en daar ’n byna eensydige omgang met die Skrif is. Sonder dialoog tussen die Skrif en die praktyk wat mense se ervarings en lewensomstandighede insluit, is dit nie moontlik om nuwe teorieë vir die praktyk te ontwikkel nie. Daar word dus gepleit vir die hersiene korrelasionele model in praktiese teologie soos deur Tracey beskryf in Browning (1999:59:

“*Practical theology is the mutually critical correlation of the interpreted theory and the praxis of the Christian faith with the interpreted theory and praxis of contemporary situation*”.

Browning (1999:71) verwys hierna as die definisie vir ’n fundamentele praktiese teologie. Die praktiese teologie kan dus nie met absolute gesag antwoorde vanuit die Skrif formuleer nie, maar die argumente van die praktiese teologie het wel die status om rigting te bied aan die aksie wat in spesifieke omstandighede geneem moet word.

9.5.2 Die handelingswetenskaplike benadering

Die handelingswetenskaplike benadering is ’n realatief nuwe paradigma in praktiese teologie.
Dié benadering het:

- ’ n Verbreding in die objek van die vak teweeggebring;
- die wetenskaplike karakter van die vak gevestig; en
- die perspektief van die vak verruim, sodat kommunikatiewe handelinge ook buite die kerk, in die konkrete konteks van die samelewing, bestudeer kan word met die oog op ’n emansipatoriese belang.

Die navorser stem saam met dié benadering waarin die kerk nie uitgeskuif word nie, maar nou as deel van die samelewing gesien word. In so ’n benadering kan die Woord en die werklikheid saam gesien word. Dié benadering stel beslis die praktiese teoloog in staat om ’n dinamiese interaksie tussen teorie en praxis te laat plaasvind, terwyl die aard van die verhouding tussen en teorie praxis ook tot sy regkom. Die teorie is nie belangriker as die praktyk nie en die praktyk nie belangriker as die teorie nie, inteendeel word die gelykwaardige en unieke bydrae van die teorie sowel as die praktyk in die benadering erken. Dit is belangrik in die beoefening van praktiese teologie en die formulering van praktykteorieë dat die praxis as gelykberegtigde vennoot in hierdie spanningsverhouding tussen teorie en praktyk erken word.

Die kritiek wat die Bybels-hermeneutiese benadering teen die handelingswetenskaplike benadering het, is dat dié benadering in werklikheid met twee openbaringsbronne werk. In ’n Bybels-hermeneutiese benadering speel die praktyk ’n sekondêre rol en is Skrifgefundeerde teorieë van primêre belang. Die navorser verstaan egter die handelingswetenskaplike benadering as meer werklikheidsgetrou vanweë die dialoog tussen die praktyk en die Woord, of die praxis en die teorie.

Ten einde wetenskaplike greep op die praxis te verkry kies die handelingswetenskaplike benadering vir empiries-wetenskaplike ondersoeke daarvan. Met empiriese ondersoek word bedoel ’n analise van die praktyk deur die versameling, beskrywing en analisering van empiriese gegewens (Pieterse & Heyns 1994:21). ’n Belangrike aanwins van dié benadering is dat daar ’n interdissiplinêre verhouding ontstaan het, waarin sosiale wetenskappe as dissiplines in eie reg en op gelyke vlak met die praktiese teologie begin saamwerk het (Pieterse 1993:110).

In hierdie benadering word die kommunikasie van die evangelie ten diepste ’n praxis van God. God neem die inisiatief en skakel mense as vrye en selfstandige subjekte in die kommunikasie van die evangelie in (Pieterse1993:114). Dié benadering vind dus aansluiting by die benadering

wat deur Richard Osmer in (Browning 1999:123) voorgestel word, naamlik dat praktiese teologie ’n gesprek is waarin elke vennoot op ’n gelyke basis bydraes in die vorm van insigte, kritiek en vrae kan maak.

9.5.3 Die kontekstuele benadering

Hierdie benadering wil ’n paradigma vir praktiese teologie formuleer wat ’n nuwe visie vir die hele samelewing daarstel en die rol van die praktiese teologie in die strewe na die nuwe, beter samelewing uitspel. Die teologiese perspektief waarby hierdie benadering aansluit se sentrale idee is die solidariteit met die armes, verdruktes en gemarginaliseerdes. Hiervolgens word saam met die onderdruktes ondersoeke gedoen sodat sake vanuit hulle konteks en siening teologies deurdink kan word. Dokumente waarby dié benadering aansluit is die *Belhar-belydenis,* die *Kairos-dokument* en die *Evangelical Witness in South Africa* (Pieterse 1993:119).

In *Doing Theology in Context: South African Perspectives,* verwys Villa-Vicencio (1994: 187-190) na vier teologiese benaderings in Suid-Afrika naamlik Afrika teologie, Belydende teologie, Swart teologie en Bevrydingsteologie. Bevrydingsteologie vind baie nou aansluiting by die kontekstuele benadering in praktiese teologie. Dié benadering wil nie beskou word as net nog ’n toevoeging tot die teksboek van sistematiese teologie of etiek nie, maar as ’n nuwe manier van teologiseer. Hierdie nuwe manier van teologiebeoefening sluit twee opsies in: The *first is to show a preferential option for the poor and the second is to turn theology into a critical reflection on praxis.* Net soos die kontekstuele benadering in praktiese teologie is daar in dié benadering dus die keuse om teologie te beoefen vanuit die gesigspunt van die arme en verdrukte. Dit beteken egter nie dat die geestelike en morele insigte van die armes superieur teenoor dié van ander mense sou wees nie, maar dat daarmee rekening gehou word dat hulle die werklikheid vanuit ’n ander perspektief sien. Volgens hierdie benadering beteken kennis van God meer as intellektuele teologisering, maar word daar van die teoloog verwag om by die konteks (situasie) betrokke te raak as deelnemer aan God se verlossingsdoel.

In hierdie studie is die taak van die praktiese teologie om ’n bemiddelende rol te speel met die oog op die transformasie van die samelewing van kardinale belang. Van teologie word verwag dat dit die ontmoeting tussen die Woord en die werklikheid sal bemiddel. Hierdie bemidddeling eis ’n worsteling met die Woord, die Christelike geloofstradisie en die weerbarstige werklikheid. Dit eis van die teologie om meer handelingsgeorïenteerd te wees ten einde die Christelike geloof in die samelewing te bemiddel (Heitink 1993:18). Die verwysing na die transformasie van die samelewing geskied nie vanuit ’n ideologiese gesigshoek nie, maar vanuit die oortuiging dat die evangelie ’n veranderende krag in die samelewing.

Die besondere klem wat in die benadering op die konteks geplaas word mag positief wees, maar die navorser is van mening dat teologisering uitsluitlik vanuit die gesigshoek van die armes en verdruktes ook weer grens aan ’n eensydige manier van teologie beoefen. ’n Groter openheid ten opsigte van teologisering vanuit ander gesigspunte, benewens dié van die verdruktes word voorgestel.

9.5.6 Basis- en metateoretiese uitgangspunte

In die praktiese teologie word daar onderskei tussen metateorie, basisteorie en praktykteorieë. Die metateorie is ’n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat ons as’t ware universeel met ander vakke deel (Pieterse 1994:53). Metateorie is die teoretiese verantwoording oor die raamwerk waarbinne oor “voorvrae” duidelikheid verkry word. Die stel die teoloog in staat om keuses uit te oefen aangaande vertrekpunte in prakties-teologiese ondersoeke en die oriëntasie ten opsigte van die praktyk wat ondersoek word. Op metateoretiese vlak is daar veral twee hoofstrome in die sosiale wetenskappe wat as paradigmas geld, naamlik die sisteeemteorie en die handelingsteorie. Die sisteemteoretiese benadering kyk na handelinge binne sisteme, terwyl die handelingsteoretiese benadering kyk na handelinge van persone (Pieterse 1993:53). By ’n sintese van hierdie insigte van beide

die teorieë kan ons in praktiese teologie praat van kommunikatiewe handelingsisteme.

Waar die algemene sisteemteorie die fokus verskuif het van die dele na die geheel, wil ’n nuwere ontwikkling, die aandag vestig op patrone eerder as objekte. In die praktiese teologie val die klem dus nie meer op die pastorale objekte as sodanig nie, maar op die dinamiese interaksie waarbinne mense hulle bevind (Heitink 1999:31-34). Die winspunt van die sisteemdenke is dat daar wegbeweeg is van reduksionisme ten gunste van ’n meer holistiese aanpak. Hierdie benadering soek na die relasies tussen sisteemelemente en wil die prosesse in ’n sisteem verstaan en organiseer met ’n duidelike doel (Pieterse 1993:135-136). Dit is dus duidelik dat sisteemdenke in die besonder geskik sal wees as metateoretise uitgangspunt vir die praktiese teologie en ook vir hierdie studie, waar daar op komplekse en dinamiese sisteme van enkelinge en groepe gefokus word. In hierdie studie word daar gekies vir ’n integrasie of kombinasie van die sisteem-en handelingsteoretiese benadering. Die geïntegreerde sisteem- en handelingsteorie vorm toenemend die metateoretiese vetrekpunt in die praktiese teologie (Heyns & Pieterse 1994:53). Die kommunikatiewe handelingsteorie en die sisteemteorie word dus as komplementêr tot mekaar beskou.

’n Basisteorie is ’n vakgerigte teorie wat binne ’n spesifieke vak ontwikkel word vir die doeleindes van daardie vak. In die praktiese teologie gee dit byvoorbeeld vertrekpunte aan ten opsigte van die hele vak of spesifieke areas van die vak. Basisteorieë is dus die fundamentele prakties-teologiese teorieë binne die vak. Basisteorieë in die vak word gevoed deur deur interdissiplinêre diskussies met ander teologiese dissiplines, met insigte uit die sosiale wetenskappe en met insigte wat deur empiriese ondersoeke in die praktiese teologie opgedoen word (Burger 1991:32-33).

10. Verwagte uitkomste en voordele van die navorsing

Die volgende word deur die navorser in die vooruitsig gestel:

- Begrip vir die probleem van werkloosheid in die samelewing sal bevorder word;
- geloofsgebaseerde organisasies kan opnuut besin oor hul rol en praxis in die hantering van werkloosheid;
- die opbou en uitbou van netwerke en vennootskappe tussen geloofsgebaseerde organisasies kan bevorder word;
- ’n bydrae tot die proses van sosiale ontwikkeling in die betrokke gebied naamlik die Paarl-Wellington-omgewing kan gelewer word.

11. Beperkinge van die studie

Hierdie studie is beperk tot ’n bepaalde geografiese gebied naamlik die Paarl-Wellington-omgewing. Die resultate van die studie sal dus nie sonder meer veralgemeen kan word as geldig vir ander gebiede in die Suid-Afrika nie. Die navorser fokus slegs op werkloosheid as een van die groot uitgagings van die Suid-Afrikaanse samelewing. Werkloosheid bestaan egter nie in isolasie van ander uitdagings en probleme in ons samelewing nie. Die wedersydse beïnvloeding van werkloosheid en ander probleme moet dus wel in gedagte gehou word, alhoewel die studie nie pertinent daarop ingaan nie. Die praxis wat ontwikkel gaan word oor die rol en betrokkenheid van geloofsgebaseerde organisasies met betrekking tot werkloosheid, sal nie noodwendig net so in ander kontekste geimplementeer kan word nie.

12. Etiese kwessies

Die navorser het alle persone wat vir die inwin van gegewens by hierdie ondersoek betrek was, volledig in te lig aangaande die volgende etiese aspekte van in navorsing van hierdie aard naamlik:

- Die aard en omvang van die projek;
- wat van hulle verwag word;
- hoe die navorsing hulle moontlik kan affekteer;

- hoe hul anomiteit verseker gaan word;
- maatreëls ten opsigte van vertrouelikheid rondom inligting wat verskaf word; en
- hul reg om op enige stadium aan die projek te onttrek (Blaikie 2000:20).
- Skriftelike toestemming is van respondente ontvang alvorens die onderhoude gevoer is.

13. Hoe bevindinge gekommunikeer gaan word

Die navorser onderneem om eenmalig aan die betrokkenes terugvoering te gee oor die navorsingresultate. Bevindinge gaan ook deur middel van ‘n artikel aan die publiek bekend gemaak word. Die navorser vorm deel van ’n interdissiplinêre span wat gesamentlik aan die breë projek deelneem. Gereelde byeenkomste van al die betrokkenes sal ook geleentheid bied vir verslaggewing oor die navorsingsbevindinge.

14. Aanbieding van die studie

Hoofstuk 1 dien as inleiding en uiteensetting van die probleemstelling, motivering vir die studie en die navorsingsplan. In Hoofstukke 2 en 3 bespreek bestaande literatuur oor die konsep van werkloosheid, die uitwerking daarvan op die individu en die samelewing, asook die betrokkenheid van geloofsgebaseerde organisasies by werkloosheid as deel van sosiale ontwikkeling.

In hoofstuk 4 word die navorsingsmetodologie bespreek wat in die studie gevolg gaan word, terwyl die geïnterpreteerde data in hoofstuk 5 aan die hand van hooftemas, subtemas en katergorieë bespreek word.

In hoofstuk 6 gaan gevolgtrekkings gemaak asook aanbevelings en riglyne geformuleer word vir kerklike betrokkenheid by die hantering van werkloosheid.

HOOFSTUK 2

DIE KONSEP WERKLOOSHEID EN DIE UITWERKING DAARVAN OP DIE INDIVIDU EN DIE SAMELEWING.

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan agtereenvolgens die konsep werkloosheid verduidelik word; daarna gaan op werkloosheid in Suid-Afrika gefokus word; ‘n teologie van werk uiteengesit word; en die uitwerking van werkloosheid bespreek word.

2.1.1 Literatuuroorsig

Hoofstukke 2 en 3 dien as literatuuroorsig met betrekking tot die verskynsel van werkloosheid. Die literatuuroorsig dien as konseptuele raamwerk vir die studie. Die teoretiese raamwerk bied ‘n oriëntering tot die studie en help ook die navorser om bepaalde vooroordele met betrekking tot die ondersoek te identifiseer. Die voordeel van‘n teoretiese raamwerk is dat dit die studie in die relevante literatuur veranker. Die literatuurstudie lê nie alleen grondslag vir die navorser nie, maar gee ook die navorser ‘n gesaghebbende argument (Henning 2005:26). Die literatuurstudie bied aan die navorser die geleentheid om haarself te vergewis van wat reeds deur ander navorsers oor die tema nagevors is. Die literatuurstudie voorkom dus onnodige herhaling van navorsing, terwyl dit ook van hulp is met die formulering van die navorsingsprobleem en die navorsingsvraag vir die studie (De Vos 2005:262).

Hierdie deel van die literatuurstudie fokus op die bespreking van die konsep van werkloosheid, die uitwerking daarvan op die individu en die samelewing en laastens ’n teologiese perspektief op werk.

2.2 Wat is werkloosheid?

Vanuit die literatuur het dit duidelik geword dat daar nie ’n enkele definisie van werkloosheid bestaan nie, omdat dit kompleks is om werkloosheid akkuraat te omskryf en te meet (Ransom, Poswa, Van Rooyen 1997:167; Klasen & Woolard 1999:10; Moller 1992:15; Cawker & Whitefood 1993:2; Barker, 2007: 174). Werkloosheid is een van die verskynsels wat wel sigbaar en selfs meetbaar is, maar dit is tog baie moeilik om dit ten volle of akkuraat te beskryf (Wilson & Ramphele 1989:235). Daar kan verskeie redes aangevoer word vir die kompleksiteit rondom die akkurate omskrywing van iemand wat as werkloos bestempel kan word.

In die bespreking wat volg, gaan op verskeie definisies van werkloosheid gelet word. Daarna gaan enkele aspekte kortliks bespreek word, naamlik die insluiting en uitsluiting van ontmoedigde werksoekers in die omskrywing van werkloosheid, asook verskillende maniere waarop werkloosheid gemeet word, wat bydra tot die kompleksiteit om die fenomeen akkuraat te meet en te beskryf. Vervolgens dan enkele definisies van werkloosheid ten einde te poog om ‘n aanduiding te gee van wat met die konsep werkloosheid in hierdie studie bedoel word.

.

Volgens Voster (1992:2) is iemand werkloos as die persoon werk soek en beskikbaar is vir werk, maar nie ’n betaalde werk kan vind nie. In die 2001 Sensus word ’n werklose persoon beskryf as iemand tussen die ouderdom van 15 en 65 met die volgende antwoorde op die vraag of hy/sy werk het: “No, do not have work”; “Could not find work” ; “Have taken active steps to find employment”; Could start within one week if offered work” (www.statssa.gov.za).

Volgens die streng definisie (*the strict definition)* van werkloosheid is iemand werkloos wat 15 jaar en ouer is;

- wat nie betaalde werk het nie;
- wat beskikbaar is vir betaalde werk of selfwerkskepping;

- wat werk soek;
- wat ’n begeerte het om te werk (Moller 1993:15).

In aansluiting by die bogenoemde definisie skryf Barker (2007:174) dat iemand as werkloos kan beskryf word indien:

- die persoon nie werk het nie;
- beskikbaar is vir werk;
- graag wil werk ;
- en werk soek.

Al die aspekte bogenoemde definisies korreleer in ’n groot mate met die kriteria wat Cawker & Whiteford (1993:3) stel op grond waarvan iemand as werkloos beskou/geklassifiseer kan word, naamlik:

- ’n toestand (om sonder werk te wees);
- ’n houding (’n begeerte om te werk);
- ’n aktiwiteit (om werk te soek).

In die definiëring van werkloosheid is dit belangrik om te onderskei tussen vrywillige en nievrywillige werkloosheid. Ekonome stel meer belang in persone wat nievrywillig werkloos is nie. Nievrywillige werkloosheid verwys na persone wat graag wil werk en dus ook aktief werk soek. Persone wat vrywillig werkloos is, verwys na mense wat verkies om nie te werk nie en daarom ook nie werk soek nie (Kingdon & Knight 2003: 393; Cawker & Whiteford 1993:3). Die insluiting en uitsluiting by die meting van die werkloosheidsyfer van die ontmoedigde werksoekers bring verskillende definisies en werkloosheidsyfers mee.

’n Verdere onderskeiding in die omskrywing van werkloosheid is dié van werkloosheid volgens die streng definisie (*strict)* en uitgebreide definisie (*expanded*). Die werkloosheidsyfer volgens die streng definisie sluit ontmoedigde werksoekers uit terwyl die uitgebreide definisie ontmoedigde werksoekers insluit. Statistiek Suid-Afrika maak gebruik van die streng definisie van werkloosheid (Barker 2007:174). Die logiese afleiding is dat die

werkloosheidsyfer volgens die uitgebreide definisie altyd hoër sal wees as dié volgens die streng definisie. Hierdie verskynsel sal duidelik na vore kom in die afdeling wat handel oor werkloosheid in Suid-Afrika.

Om die probleem van werkloosheid aan te pak of op te los, sal ’n onderskeid getref moet word tussen die verskillende tipes werkloosheid, aangesien dit ’n aanduiding sal gee van die oorsake van werkloosheid en sodoende van ’n moontlike aanpak van die probleem.

2.2.1 Tipes werkloosheid

Die verskillende tipes werkloosheid word kortliks verduidelik word.

a) Wrywingswerkloosheid is die gevolg van die normale werksomset wat in enige dinamiese ekonomie plaasvind. As gevolg van die beweging van mense tussen poste en ook die toetrede van nuwe werkers tot die werksmark bestaan daar op enige tydstip ’n aantal werkloses sowel as vakante poste in die mark wat deur daardie werkloses gevul kan word, maar dit neem gewoonlik ’n sekere tyd voordat die poste gevul kan word.

b) Sikliese werkloosheid kom voor tydens’n resessie wanneer die totale vraag na werk laag is as gevolg van die lae vraag na produkte en dienste. Gedurende resessionêre tye word daar baie min of geen nuwe poste geskep vir toetreders tot die arbeidsmark nie, en selfs dié wat reeds werk het, kan hul werk verloor weens personeelverminderings aksies. Sodra die ekonomie verbeter, sal die sikliese werkloses weer in diens geneem kan word. In Suid-Afrika bestaan die probleem wat sikliese werkloosheid moeilik maak om te hanteer, naamlik die feit dat dit van tyd tot tyd deel uitmaak van grootskaalse strukturele werkloosheid.

c) Strukturele werkloosheid is moeliker om te definieer. Gewoonlik verwys dit na die algemene onvermoë van die ekonomie om aan die totale werksmag werk te verskaf. Selfs in tye van hoë ekonomiese groei neem werkgeleenthede nie vinnig genoeg toe om diegene wat reeds werkloos is saam met nuwe toetreders tot die werksmark te absorbeer nie. Verskeie

redes kan hiervoor bestaan, byvoorbeeld die vinnige groei in die werkerskorps, die gebruik van kapitaal-en vaardigheidsintensiewe tegnologie of ’n onbuigsame werksmark. Strukturele werkloosheid kan ook verwys na ’n vaardigheidswanbalans, dit wil sê ’n wanbalans tussen die vaardighede wat die werkgewer soek en dít waaroor die werksoekers beskik, of ’n geografiese wanbalans, dit wil sê tussen die ligging van vakatures en dié van werkloses. Die grootste gedeelte van Suid-Afrika se werkloosheidsprobleem kan aan strukturele werkloosheid toegeskryf word.

d) Seisoenale werkloosheid is die gevolg van die normale en verwagte verandering in ekonomiese aktiwiteite binne ’n enkele jaar. Dit word in baie sektore aangetref, maar die landbousektor is seker die beste voorbeeld. Mense wat in hierdie sektor werk, sal in tydperke van hoë aktiwitieit in diens wees (soos oestyd) en in tye van lae aktiwiteit werkloos wees (byvoorbeeld in die wintermaande wanneer daar nie geplant of geoes word nie). Hierdie werkers is dus seisoenaal werkloos en hierdie tipe werkloosheid kom voor en verdwyn op ’n gereelde en voorspelbare wyse (Barker & Backer 1992:74-75, Barker 2007:177; Mzuno, Mizutani & Nakayama 2003:4, Voster 1992:5-14).

Werkloosheid kan ook op verskillende maniere gemeet word. Die verskillende maniere vir die meting van werkloosheid word vervolgens kortliks bespreek.

2.2.2 Die meting van werkloosheid

Hoewel daar verskeie maniere bestaan om werkloosheid te meet, is die volgende basiese en breë benaderings die mees algemene:

1) Die sensusmetode, waar die ekonomiese status van die hele bevolking gemeet word;

2) die verskilmetode, waar die verskil tussen die ekonomies bedrywige bevolking en daardie mense wat nie in diens is nie, as die getal werkloses geneem word;

3) die registrasiemetode, waar die werklose persone as werkloos geregistreer word;

4) die steekproefmetode, waar ’n opname onder ’n aantal huisgesinne gemaak word om te bepaal wat die ekonomiese status van die lede van die huisgesin is;

5) bestudering van die syfers rakende werkloosheidsregistrasie by die Department van Mannekrag (Cawker & Whiteford 1993:4; Barker & Backer 1992: 75; Barker 2007:179).

Vanuit die verkillende definisies van werkloosheid, naamlik die streng en uitgebreide definisie, en die onderskeie metodes vir die meting van werkloosheid kom daar iets van die kompleksiteit van die fenomeen na vore. ’n Verdere probleem wat ondervind word om werkloosheid akkuraat te beskryf is die betrokkenheid van mense in die informele sektor. Die volgende definisie van die informele sektor deur Barker (2007:49) word in die navorsing gebruik. Hiervolgens verwys die informele sektor na ekonomiese aktiwiteite wat die volgende kenmerke vertoon:

- Ongeorganiseerd;
- meestal wettig, maar niegeregistreer en dus nie gereguleer;
- word deur individue of familie besit;
- gebruik eenvoudige werksintensiewe tegnologie.

Baie werkloses betree die informele sektor as ’n manier om te oorleef. Die inkomste in die informele sektor is egter oor die algemeen baie laag en werksomstandighede swak. Die probleem van armoede word dus nie deur werk in die informele sektor opgelos of lewenstandaarde verhoog nie. Dit is feitlik onmoontlik om betrokkenheid in die informele sektor akkuraat te bepaal wat dan verder bydra tot die probleem om werkloosheid akkuraat te beskryf (Barker 2007:49).

Aangesien die navorser die tendens so kontekstueel as moontlik wil belig, gaan daar kortliks op die omvang en uitdagings van werkloosheid in Suid-Afrika gefokus word.

2.3 Werkloosheid in Suid-Afrika

Werkloosheid in Suid-Afrika sal aan die hand van statistiese gegewens bespreek word. In 1990 was dit vir 45% van al die mense in Suid-Afrika, wat gewillig was om te werk nie moontlik om in die formele sektor werk te kry nie. Roukens de Lange (1993:12) het voorsien dat selfs met die optimistiese ekonomiese scenario die algehele werkloosheidskoers teen 2005 ongeveer 25% sal wees. Nie minder nie as 350 000 nuwe mense tree jaarliks tot die werksmark in Suid-Afrika toe, terwyl daar in die dekade 1980-1990 slegs 50 000 formele nuwe werkgeleenthede per jaar geskep is. Die arbeidsabsorberingsvermoë van die formele sektor vinnig en gevaarlik daal: In die laat-tagtigjare het dit 12,5 % beloop vergeleke met die 73,6% in die laat-sestigjare toe amper ’n driekwart van die werksoekers in die arbeidsmag opgeneem is (Barker & Backer 1992:73).

Die volgende statistieke bied ’n prentjie van hoe werkloosheid in Suid-Afrika in 2002 vergelyk met werklooosheid in ander lande.

Standarised unemployment rates in 2002

RSA	Korea	New Zealand	Australia	Ireland	Portugal	UK	Switzerland
29, 5%	3,3%	5,2%	6,3%	4,4%	5.1%	5.1%	3.1%

(OECD Mian Economic Indicators – Oktober 2003) in HR Future 2003:29).

In 2002 is die werkloosheidsyfer volgens die breë definisie (die definisie sluit diegene wat nie werk soek nie - ontmoedigde werksoekers in) gemeet as 41% gemeet, en volgens die meer verfynde definisie as 30**%** (Knight J & Kingdon G 2003:391). Die UNDP (*South Africa Human Development Report 2003)* identifiseer werkloosheid as die grootste uitdaging Suid-Afrika en bevestig dit deur die statistieke dat byna die helfte van die land se bevolking (48.5%) van 44 miljoen mense in volslae armoede leef, hoofsaaklik as gevolg van die hoë werkloosheidsyfer.

Daar bestaan redelike konsensus oor die verband tussen werkloosheid en armoede. Armoede het vele gesigte en kan verbind word met hongersnood, werkloosheid, uitbuiting en gebrek aan toegang tot skoon water, sanitasie, gesondheidsorg en skole. Arm huishoudings word gekenmerk deur ’n gebrek aan inkomste as gevolg van werkloosheid of ’n laagbesoldigde werk (Woolaard 2002:2-5). Armoede en ongelykheid word ook met werkloosheid verbind en bly ’n uitdaging vir die regering (Triegaardt 2006: 4).

Die volgende tabel bied ’n samevatting van die werkloosheidsyfers vanaf 1994 -2005 in Suid-Afrika volgens die streng definisie (Barker 2007:179).

1994	20%
1995	16.9%
1996	21%
1997	22.9%
1998	25.2%
1999	23.3%
2000	25.8%
2001	29.4%
2002	30.4%
2003	28%
2004	26.2%
2005	26.7%

Tabel 2

Uit die tabel blyk dit asof die werkloosheidsyfer die afgelope tien jaar met ongeveer 10% toegeneem het. Volgens die uitgebreide definisie van werkloosheid is die werkloosheidsyfer vir 2005 in Suid-Afrika 38.8% teenoor die 26.7% volgens die streng definisie. Ongeveer 65% van die werkloses in Suid-Afrika het nog nooit voorheen gewerk nie. Dit wil dus voorkom of die

werkloosheidsprobleem nog steeds een van die grootste uitdagings in die land is selfs na die oorskakeling na die demokratiese bestel in 1994.

Ander kenmerke van werkloosheid in Suid-Afrika is dat die werkloosheidsyfer onder vroue ongeveer 32% is teenoor die 23% onder mans terwyl werkloosheid onder die meer geletterdes in Suid-Afrika ook aan die toeneem is. ’n Totaal van 34% van die werkloses in 2005 was in besit van ’n matrieksertifikaat teenoor die 21% in 1995. Daar blyk dus ‘n dentens te wees dat selfs geleerdes dit moeilik is om werk te kry. Daar kan verwag word dat die risiko politieke onrus ook sal toeneem namate meer geleerde mense werkloosheid ervaar (Barker 2007:178-183).

Die probleem van werkloosheid bestaan nie in isolasie van ander sosiale probleme in die samelewing nie. Inteendeel werkloosheid is medeverantwoordelik meermale vir ’n aantal ander sosiale probleme soos ’n hoë misdaadsyfer, geweld en volslae armoede. Dit is daarom nie vreemd nie dat Whittle (in Barker & Barker 1992:72) bevind het dat werkloosheid deur al vier bevolkingsgroepe as die grootste probleem in die land beskou word.Die jeug en diegene met laer vaardigheidsvlakke word die meeste geraak deur die situasie van werkloosheid in Suid-Afrika. ’n Analise van die situasie in Suid-Afrika het aan die lig gebring dat werkloosheid hoofsaaklik voorkom onder die ouderdomsgroep 20-40 jaar volgens Erasmus (1999:26).

Die kwesbaarheid van die jeug weens werkloosheid word bevestig deur die *World Youth Report* 2005 waarin verklaar word dat ongeag die feit dat die jeug meer opleiding ontvang het die werkloosheid onder die jeug wêreldwyd tot 88 miljoen gestyg het. Volgens Borath (Rapport 17 Desember 2006) is ongeveer 70% van die jongmense tussen 15-34 werkloos. In aansluiting hierby skryf Cochrane & West (1991:34) dat die jeug die mees kwesbaarste groep in die samelewing is wat werkloosheid betref. Alhoewel die jeugjare die tydperk is waar jongmense hulself wil bewys, entoesiasties is oor die toekoms en aksie belangrik is, kan werkloosheid ’n demper plaas op al hierdie karaktertrekke van die jeug. Hierdie positiewe gevoelens word as gevolg van werkloosheid vervang met negatiewe gevoelens soos minderwaardigheid,

nutteloosheid en wrok. Die jeug wend dikwels hierdie oortollige energie aan in bendegeweld en kattekwaad.

’n Berig in Rapport (31 Desember 2006) beklemtoon die feit dat jongmense toenemend die 50% van die werklose korps mense vorm wat nooit hul skoolopleiding voltooi het nie en selfs diegene met ’n matrieksertifikaat het geen waarborg dat hulle in die arbeidsmark opgeneem gaan word nie. Hierdie situasie gee daartoe aanleiding dat baie van die jeugdiges hulle tot misdaad wend. Op grond van hierdie statistieke is die werkloosheidsyfer onder die jeug die hoogste van enige ander groep in die samelewing. In die lig hiervan het die President in sy staatsrede in 2007 aangekondig dat die regering ’n loonsubsidiestelsel oorweeg vir nuwe toetredes tot die werksmark, wat veral daarop gerig sal wees om meer werk aan jongmense te verskaf (Rapport 11 Februarie 2007).

Soos vroeër bespreek is, daar verskeie tipes werkloosheid, maar die oorheersende tipe werkloosheid in Suid-Afrika is struktureel van aard. Vervolgens dan ’n bespreking van strukturele werkloosheid en die gepaardgaande uitdagings binne die Suid-Afrikaanse konteks.

2.3.1 Strukturele werkloosheid in Suid-Afrika

Hierdie vorm van werkloosheid het ontstaan as gevolg van veranderinge in die ekonomie sedert 1970, die veranderinge wat met die tegnologiese ontwikkelinge gepaard gaan; en die afname in die landbousektor. Strukturele werkloosheid is ook grootliks die nalatenskap van apartheid.

’n Ander kenmerk van werkloosheid in Suid-Afrika is dat die oorgrote meerderheid van die werkloses *semi-skilled* of *unskilled* is. Werkloosheid in Suid-Afrika is ook nie net die gevolg van lae aanvraag van werk nie; die probleem is dat die werksaanvraag nie ooreenstem met die vaardighede wat beskikbaar is nie. Dit beteken dus dat ekonomiese groei alleen nie die werkloosheidsprobleem in Suid-Afrika sal oplos nie. Werkloosheid in Suid-

Afrika het groot implikasies vir armoede, politieke stabiliteit en menseregte (Idasa 12 Oktober 2004; Wilson & Ramphele 1938:237).

2.3.2 Die oorsake van werkloosheid

Ten einde die probleem van werkloosheid effektief aan te pak is dit noodsaaklik om die oorsake daarvan behoorlik te peil.

<u>Die asimmetriese groei van die ekonomie en die asimetriese groei van die bevolking.</u>

Volgens Cochrane & West (1991:210) is die belangrikste oorsaak van werkloosheid die kombinasie van die asimmetriese groei van die industriële ekonomie en die assimetriese groei van die bevolking. Ter verdere verduideliking van die asimetriese groei van beide die ekonomie en die bevolking gaan daar na die hoogs ontwikkelde deel van die ekonomie as die sentrum verwys word en na die minder ontwikkelde deel die periferie beide in geografiese en demografiese terme. Die bevolking van die periferie groei terwyl die industriële en kommersiêle groei afneem of stagneer. Die gevolge van sodanige ontwikkeling het verreikende gevolge, veral vir die ekonomiese en die sosiaal-ekonomiese realiteit.

Wat produksie betref is daar in die sentrum ’n vraag na kundigheid in die tegnologies ontwikkelde ekonomie wat prysverhogings tot gevolg het. ’n Tegnologiese *elite* ontstaan met beide rykdom en beheer, kortom, ekonomiese mag. Die hoë koste van werk lei tot verdere ontwikkeling van werkbesparende tegnologie, wat weer lei tot meer kapitaal intensiewe produksie. Groter klem word geplaas op produktiwiteit, maar minder en minder werkers is nodig hiervoor.

As gevolg van die stygende produktiwiteit van die sentrum, kan die ekonomie van die periferie nie daarmee meeding nie. Die surplusproduksie van die sentrum kan nie na die periferie oorgedra word nie omdat die bevolking van die periferie nie genoegsame koopkrag het nie. Ten einde ontslae te raak van

die surplus in die sentrum word daar aggressiewe bemarking gedoen om die behoeftevlak van die sentrum te verhoog. So ontwikkel daar ’n ekonomie van weelde in die sentrum, terwyl daar onder die lede van die periferie baie onvervulde behoeftes bestaan wat dit baie kwesbaar maak vir die situasie.

Aangesien die elite dikwels die verwysingsraamwerk vir die res van die bevolking vorm, neem die periferie die verbruikerspatrone van die sentrum aan. Dit word die demonstrasie - uitwerking genoem, die lede van die periferie probeer die dinge koop wat die elite het. Die hoogs tegnologies aangedrewe ekonomie in die sentrum raak hoe meer ontoeganklik vir die mense in die periferie wat net tot groter werkloosheid aanleiding gee. Aangesien tegnologie assimetries ontwikkel, plaas dit al hoe meer mag in die hande van die minderheid en ontmagtig diegene wat in die tegnologiese vooruitgang nie kan bybly nie (Cochrane & West 1991: 37-39)

Die besigheidsiklus

Ekonome is van mening dat werkloosheid tydens ’n resessie toeneem maar tydens ’n oplewing in die ekonomie weer afneem. Dit realiteit is egter dat werkloosheid toeneem ten spyte van tendense in die besigheidsiklus, veral in die geval van strukturele werkloosheid.

Tekort aan kapitaal, groei en opleiding

Baie Westerse ekonome is dit eens dat enige oplossing vir werkloosheid gebaseer moet word op kragtige ekonomiese groei. Ekonomiese groei beteken gewoonlik groei in kapitaalintensiteit wat nie bevorderlik is vir werkskepping nie. Die minister van Openbare Werke het ook in ’n toespraak gesê dat *jobless economic growth* werklose ekonomiese groei asook onvoldoende opleiding van die vernaamste die dryfvere van werkloosheid in Suid-Afrika is. (http:/www.info.gov.za/speeches/2004/04111111451001.htm)

Internasionale kompetisie

Tegnologiese en kapitaalintensiewe produksie word dikwels as noodsaaklik beskou ten einde internasionaal te kan meeding. Dit is egter net die hoogs ontwikkelde lande wat op internasionale vlak kan meeding, terwyl ander lande slegs die slagoffers van sodanige kompetisie word.

2.2.3 Komplikasies eie aan Suid-Afrika

Die markgedrewe ekonomie in Suid-Afrika

Suid-Afrika is ’n semi-geïndustrialiseerde land. In teenspraak met die populêre opvatting beteken dit dat Suid -Afrika ’n derdewêreld land is wat nie ryk of hoogs ontwikkeld is nie. Vir baie dekades het Suid-Afrika ’n geïsoleerde ekonomie gehad, maar tans is die Suid-Afrkaanse ekonomie deel van die neo-liberale markgedrewe ekonomie. Die groei in die ekonomie na 2000 met ongeveer 3.8% per jaar en in 2006 tot 4.5% is volgens Barker (2007:156) moontlik die gevolg van die markgedrewe ekonomie.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is dus geskoei op beginsels van die neo-liberale ekonomiese ideologie, en die ekonomiese beleid word dus ook daarop gegrond. Neo-liberalisme benadruk groei deur die vrye mark en meer spesifiek die privatisering van staatsondernemings, die afskaffing van oormatige welsynsuitgawes en streng finansiële en begrotingsbeleid. Volgens die kritiek van kenners het neo-liberalisme ’n baie negatiewe uitwerking op die armstes in die wêreld. Die invloed van neo-liberalisme kan in Suid-Afrika gesien word in die skuif van ’n meer welsyngeorïenteerde program (die Heropbou en Ontwikkelingsprogram of HOP) na die meer markgeoriënteerde Growth, Employment and Redistribution (GEAR) makro-ekonomiese plan (Coetzee J *et al* 2001:487).

Suid-Afrika is ’n semi-geïndustrialiseerde land en die industriële en kommersiële sektor is te klein om die volle werkerskorps te akkommodeer. Die gevolg is dat ’n groot deel van die bevolking gemarginaliseer word/is. Die

Suid-Afrikaanse ekonomie is dus uiters ongeblanseerd. Die gaping tussen ryk en arm is baie groot in Suid-Afrika - sonder die korttermynvooruitsig dat dié gaping mag krimp.

Apartheid het vooruitgang gestuit en aanleiding gegee tot werkloosheid

Vanweë die rasgebaseerde werksbeleid van die vorige regime het apartheid op ’n direkte wyse werkgeleenthede vernietig en op ’n indirekte manier die land se vooruitgang belemmer (Cochrane & West 1991:43-48). Die redes wat deur Wilson & Ramphele (1991:242-243) aangevoer word korreleer in ’n groot mate met die van Cochrane & West (1991: 43-48). Hulle skryf die hoë werkloosheidsyfer in Suid-Afrika onder andere aan die volgende faktore toe naamlik; die langtermynafname in die wêreld ekonomie, afname van werk in die landbousektor; en die groei in die bevolking. Min of meer dieselfde oorsake van werkloosheid in Suid-Afrika word deur Kilian (1993:19-20) aangevoer.

Uit die bespreking van die kenmerke van werkloosheid in Suid-Afrika het dit duidelik geword dat die werkloosheid in Suid-Afrika eiesoortige oorsake en kenmerke het wat kontekstueel verstaan en benader moet word. Die Suid-Afrikaanse regering het egter verskeie strategieë geïmplementeer met die oog daarop om die hoë werkloosheidsyfer in die land aan te pak. Verskeie amptelike dokumente het al die lig gesien wat die mikpunt gehad het om werkloosheid in Suid-Afrika te verminder. In 1994 is die *Reconstruction en Development Programme* (of RDP) bekendgestel. In 1996 is die *Growth, Employment and Redistribution Programme* (of GEAR) bekendgemaak, wat werkskepping as een van die belangrikste oogmerke gehad het. GEAR sien ekonomiese groei, spesiale werkskeppingsprogramme en beleid vir werkskepping as die belangrikste komponente vir werkskepping. GEAR is egter nooit ten volle geïmplementeer nie. In 1998 het die algemene besorgdheid oor die hoë werkloosheidsyfer egter aanleiding gegee tot die *Job Summit* waar ’n verskeidenheid kortttermynprojekte ten opsigte van werkskepping geloods is.

Nie een van die bogenoemde programme het egter genoegsaam daarin geslaag om die werkloosheid in Suid-Afrika doeltreffend te hanteer nie. Gevolglik het die President in 2005 die *Accelerated and Shared Growth Initiative of South Africa* of (ASGISA) aangekondig. Die oogmerke van ASGISA is om werkloosheid en armoede teen 2014 te halveer en komplementerend ten opsigte van GEAR te wees.

Daar was die afgelope tyd selfs ’n baie positiewe groei in die ekonomie van die land, maar dit het nie noodwendig werkloosheid laat verminder nie. Inteendeel, op ’n stadium is daar na werklose groei in die ekonomie verwys (jobless *economic growth*). Gedurende die periode 1994-2001 het die land se ekonomie byvoorbeeld met met 2.7% gegroei; terwyl werkskepping met 1% gedaal het (Barker 2007:45).

Ten spyte van die implementering van die onderskeie programme deur die Suid-Afrikaanse regering om die probleem van werkloosheid aan te pak, blyk die werkloosheidsyfer volgens die jongste statistieke (sien Tabel 2 werkloosheid 1994-2005) steeds baie hoog te wees. Werkloosheid kan nie net as ekonomiese of politieke uitdaging gesien word wat deur die regering opgelos moet word nie, maar in wese is dit ook ’n geestelike en morele probleem (sien Hoofstuk 3 in dié verband). Juis om hierdie rede kan kerke ’n belangrike rol in die hantering van dié probleem vervul.

Aangesien hierdie studie vanuit die dissipline van praktiese teologie gedoen en benader word is dit noodsaaklik om ’n teologiese verstaan van werk te verkry. Die navorser is van mening dat die teologiese perspektief op werk ook kan bydra tot ’n beter begrip van die uitwerking van werkloosheid op mense. Dit sal verder ook die antropologiese en pneumatologiese vertrekpunte van die studie duidelik maak, naamlik dat die mens, geskape na die beeld van God, aangestel is om as ingeskakelde deur die werking van die Heilige Gees die skepping te bewerk en te versorg as verteenwoordiger van God op aarde.

2.4 ’ n Teologie van werk

Volgens Stott (1990:173) is werk die aanwending van energie in diens van ander, wat bevrediging aan die werker verskaf, waarby die gemeenskap baat en wat eer aan God bring. Om te werk speel dus ’n sentrale rol in God se doel met die mens. Werkloosheid is ten diepste nie ’n probleem van statistieke nie, maar van mense. Industriële sielkundiges beskou werkloosheid as ’n pynlike persoonlike en sosiale tragedie (Stott 1990: 173-174).

Daar bestaan nie ’n enkele universeel geldige definisie van werk nie, omdat werk verskillend beskryf word na gelang van die dissipline waarbinne dit bespreek word. Werk verteenwoordig byvoorbeeld die aspekte van sosiale handeling, ekonomiese funksie, psigiese uitdrukking, fisieke handelinge, en so meer. Werk kan van sy materiële kant beskryf word as handeling aan die omgewing, of van sy menslike kant, as uitdrukking van menslikheid. Deur sy werk stel die mens ’n objektiewe wêreld daar waarin hy kan woon en van sy eie bestaan verseker wees.

’n Moontlike minimumomskrywing is: Werk is ‘n doelgerigte aktiwiteit. Hierdie omskrywing is egter wyd en vaag. Soos die begrip in hierdie studie gebruik word, benodig bepaalde kwalifiserings.

- Werk staan gewoonlik onder sekere verpligtinge: dit behels ’n taak wat om verskeie redes verrig moet word;

- werk is beroepswerk waarvoor ’n mens betaling kry;

- in alle werk is daar ’n element van moeite, inspanning, vermoeienis en selfs van pyn aanwesig;

- ’n belangrike eienskap van werk is die produktiwiteit daarvan. In hierdie opsig word dikwels van die kreatiwiteit van werk gepraat, oftewel die

skeppingskwaliteit daarvan. Hierteenoor is daar ook herstelwerk en instandhoudingswerk wat ook as werk geklassifiseer word;

- werk vind altyd in sosiale verband plaas. In dié opsig word werk as die aktiewe deelname aan die samelewingsproses beskryf;

- werk is bewuste kraginspanning. Dit wil sê dat die mens ook met sy verstand daarby betrokke is wanneer hy werk;

- werk is konkreet: dit verbind die mens met sy wêreld en help om die wêreld te bou, die mens se realiteit te verruim.

Samevattend kan werk beskryf word as doelgerigte en inspannende aktiwiteit van die mens saam met ander mense, wat hulle in verhouding bring met die wêreld om hulle en wat gevolge het ten opsigte van die wêreld en die mens.

Teologies gesien, speel die verhouding tussen God en mens ’n belangrike rol, asook die verband tusssen die mens se werk en God se werk. Die betrokkenheid van die mens as geheel by werk word ook beklemtoon, sy hele bestaan as gawe van God en die opdrag van God in verband daarmee. Werk is niks anders nie as die aktiewe en konkrete bevestiging van die mens se bestaan (Van Wyk 1988: 9-11).

Aan die hand van die Woord kan sekere norme vir die mens se werk geformuleer word.

- Die mens se werkterrein is die aarde, die wêreld. Sy opdrag is om daaroor te heers, dit te onderwerp, te bewerk, en te bewaak. Die doel is dus om die aarde volgens die intrinsieke wette van die geskape dinge te lei en tot volle ontwikkeling te bring. Tegelyk sal die mens die aarde daardeur tot ’n woonplek vir die mens maak. Dit is die kultuurdoel van werk in die breë sin.

- In sy werk bring die mens homself tot uitdrukking, soos God hom gemaak het. Werk gee aan die mens die geleentheid tot selfekspressie en selfvervulling. Werk is dus ’n uitdrukking van die mens se vryheid: die vryheid waartoe en waarmee God hom geskep het.

- werk sosialiseer die mens. Dit help mense om hulself in gemeenskap met mekaar te vind. Werk is dus ’n samebindende skakel tussen mense, ’n katalisator van verhoudings. Werk het dus ook ’n sosiale doel.

- die mens voorsien voedsel deur sy werk. Die mens werk om te oorleef.

- daar is ’n kiem van oorvloed in die mens se werk. Hy skep rykdom, voorrade vir die dag van môre. Hy voorsien vir homself en vir ander van hierdie oorvloed.

- werk help om ruimte te skep vir die sentrale dinge van God se werk: die koms van die Koninkryk. Binne hierdie perspektief word werk die beste beskryf met die woord diens.

- werk op sigself, volgens die Bybelse beskrywing daarvan is relatief onbelangrik. Wat belangrik is, is die koningskap van God en die diens daarvan deur mense en deur die skepping as geheel. Werk het sy hoogste doel nie in sigself nie, maar buite sigself, in daardie dinge wat die Bybel as die heerskappy van God beskryf (Van Wyk 1988:72-73).

Werk is ’n sentrale teologiese aangeleentheid, omdat die verhouding tussen gesag en onderdanigheid hier baie pertinent ter sprake is. Die skadusy daarvan is dat werk ook die algemene manier is waarop mense mekaar uitbuit en domineer. Werk is selfs meer dubbelsinnig as eiendom, omdat mense deur werk tegelyk geseën en vervloek word. Die positiewe en negatiewe eienskappe van werk gaan hier hand aan hand. Aan die positiewe kant word werk soms verhef tot die enigste manier waardeur mense sin kan vind. Die belofte van werk is dat dit ’n persoon se bestaan regverdig, ’n bewys is van

redding, waarde, status en sekuriteit bied, die toekoms verseker. Die oorhand oor die mededinger laat kry, en die self en die wêreld van die self skep.

Daar blyk dus twee oponerende sieninge van werk te bestaan. Met vandag se hoë werkloosheidsyfers, die gebrek aan sinvolle werk en ongelykhede in die verdeling van werk word die lys van probleme rondom werk net al hoe meer. Mense word byvoorbeeld gekondisioneer met die gedagte dat hulle lewens nie noodwendig sinvol is sonder werk as deel daarvan nie, maar terseldtertyd moet hulle aanvaar dat werkloosheid vandag ook normaal is. In die Bybelse tradisie is werk gevul met teologiese inhoud. Dit kan selfs beskryf word as die hoogtepunt van die boodskap van verlossing. God se werk gaan lynreg in teen dominering en uitbuiting deur werk.

Volgens die markgerigte siening van werk is die doel van werk om produkte te produseer of diens te verskaf in ruil vir geld wat weer spandeer word op produkte en diens. Aan die negatiewe kant word werk met dierlike behoeftes verbind en as onmenslik beskou. Werk beloof niks meer as oorlewing nie - met gepaardgaande pyn. ’n Mens sou hierna kan verwys as die paradoks van werk (Meeks 1989: 128-131).

Hier kom die dialektiese siening van werk weer na vore wat dit nodig maak om na werk te kyk vanuit die omvattende Bybelse perspektief van skepping, verlossing en van voleinding. Die opdrag aan die mens in die Tuin van Eden was vir die mens se beswil. Die opdrag tot werk was deel van God se voorsiening en word beskou as deel van God se skepping. Dit was veronderstel om onderneem te word in die *shalom*-bepaalde *verhouding* tussen God en mens. Aangesien die werk tot voordeel van die mens strek die mens verplig om te werk om die voordele daarvan te geniet. In die Spreuke - boek word hierdie waarheid meermale beklemtoon (10:5, 12:11, 30:30-31).

Werk is egter nie ’n doel op sigself nie, omdat werk bepaalde beperkings het. Net soos God gerus het, beveel Hy ook sy mense om te rus. Hierdie rus word deur Meeks (1979:138) gesien as God se manier om die mens te beskerm, aangesien die mens nodig het om kragte te herwin. Die rus plaas ’n beperking

op die veronderstelling van werk. ’n Ekonomie wat winsbejag is, bewerkstellig sy eie ondergang aangesien dit nie noodwendig ruimte maak vir rus nie. Die rus word gesien as ’n manier om dankbaarheid teenoor God te betuig vir die energie om te werk. Werk en die voordele daarvan moet as dade van dankbaarheid, diens en aanbidding as ’n offer van lof aan God gewy word (Deut 14:28-29).

Aan die negatiewe kant bring werk egter inspanning en vermoeienis mee as gevolg van die sonde (Gen 3:17). Dit beteken nie dat werk nou net fisiek uitputtend geraak het nie, maar dat dit ook nou buite die harmonieuse verhouding met die Skepper plaasvind. Dit is dus as gevolg van die sonde dat die werk wat God aan die mens opdra vermoeiend en angs insluit.

Volgens Meeks (1989:151) is werk nie net ’n kommoditeit, deur die werkplek wat gedefinieer en deur die markreëls versprei word nie. Werk het te make met die mens se bestaan, sy insluiting by die gemeenskap, en sy persoonlike waardigheid en welsyn.’n Mensgeoriënteerde ekonomie steun op die skep van betekenisvolle werk vir diegene wat wil en kan werk. Dit is noodsaaklik vir die vestiging van ’n gemeenskap wat menseregte erken en gelyke verdeling van rykdom bevorder. Werk is die manier om te behoort, om te deel en by te dra tot die lewe van die gemeeenskap. Meeks (1989:155) stem ook saam met Van Wyk (1988:177) dat werk vanuit die Christelike perspektief dienslewering is.

Peter Mayhew (1985:9) skryf dat die mens ’n behoefte het om te werk en dat werk aan die mens identiteit en status verleen. Die belangrikheid van menslike werk strek egter baie verder as slegs om bestaansmiddele te voorsien. Ons lewe nie net van wat ons doen nie maar in ’n groot mate is ons wat ons doen. Wat met hierdie stelling bedoel word is dat ons onssself sowel antropologies sien (wie ons is as menslike wesens) as sosiologies (hoe ons samelewing gestruktureer is en hoe dit funksioneer). Werk is onontbeerlik vir die oorlewing en die welsyn van beide die individuele menslike lewe en die samelewing waarin hulle leef. Werk behels doelgerigte aktiwiteit van die

liggaam sowel as die verstand. Werkloosheid beteken dus nie net aan verlies aan inkomste maar ook verlies aan status en identiteit.

Werk vorm daarom ’n integrale deel van die mens se bestaan en sy skeppingsdoel. In die lig van die doel/funksie wat werk in die lewens van individue en die samelewing vervul het die tekort aan werk in gemeenskappe dus verreikende gevolge vir beide die individu, famlielewe en die breër samelewing.

2.5 Die uitwerking van werkloosheid.

Uit die voorafgaande bespreking het dit duidelik geword wat die teologiese perspektief op werk alles inhou asook die belangrike rol wat werk in die bestaan van die mens speel. Die realiteit van werkloosheid veral in Suid-Afrika, is ook belig. Die harde realitieit van grootkskaalse werkloosheid in ons land maak dit noodsaaklik dat daar gelet sal word op die uitwerking wat die toestand van werkloosheid op sovele mense het. Die uitwerking van werkloosheid sal in die algemeen bespreek word en sal die uitwerking op die individu, familie, gemeenskap en land insluit. Die bespreking oor die uitwerking van werkloosheid kan dus nie beskou word as geldig ten opsigte van elke individu nie, aangesien dit oor die oor die uitwerking van werkloosheid in die algemeen handel.

Van al die ekonomiese vraagstukke waarmee Suid-Afrika tans worstel, is werkloosheid seker die mees traumatiese ervaring vir diegene wat daardeur geraak word. Die feit dat Suid-Afrika se werkloosheidsyfer vir so lank reeds besonder hoog is en vir die afsienbare toekoms hoog sal bly, kan veroorsaak dat ons afgestomp raak vir die vernietigende uitwerking wat werkloosheid op talle van ons mede-Suid-Afrikaners het (Laubser 10 Oktober 2003).

In die verlede is werkloses as ’n homogene groep deur navorsers hanteer. Meer resente navorsing maak egter ’n fyner onderskeiding en aanvaar nie dat alle werklose persone dieselfde patroon van reaksies toon nie. Eerder word dit uitgewys dat daar ’n groot verskil is in die hantering van

werkloosheid deur ouer en jonger werkloses (Moller 1992:5). Die uitwerking van werkloosheid op die individu en die samelewing word dikwels as baie negatief ervaar, omdat werk deur baie as integraal tot die ideale samelewing gesien word (Moller 1992:3). Volgens Valerie Moller (1992:3-4) is die konvensionele of negatiewe benadering in die studie van werkoosheid nader aan die Suid-Afrikaanse realiteit. Hiervolgens is werkloosheid nadelig op sowel makrososiale as individuele vlak en is werk deel van die ideale staat of samelewing. Wat die reaksie op werkloosheid betref, onderskei Moller twee modelle, naamlik die fasemodel en die deprivasiemodel.

Na aanleiding van die fasemodel is die uitwerking van werkloosheid die vernietiging van die selfbeeld en die afname in persoonlike gesondheid as gevolg van die reaksie simptome van iemand wat werkloos is. Derglike reaksies kan soos volg opgesom word; skok; optimisme; pessimisme; en fatalisme (Moller 1992: 4). Die reaksies op werkloosheid soos beskryf deur Fagin & Little (1984:41-55) stem baie ooreen met die fases soos deur Moller (1992:4) uitgewys.

Vervolgens gaan die reaksies op werkloosheid kortliks bespreek word aan die hand van die sielkundige fases by ’n werklose soos uiteengesit deur Fagin & Litte (1984:41-43).

- Skok: Dit verwys na ’n toestand wat gevoelens van skok, disoriëntering, verwardheid, verlies en onvermoë om vir die toekoms te beplan tot gevolg het.

- Ontkenning en optimisme: Gedurende hierdie fase sal mense byvoorbeeld rapporteer dat daar ’n groot las van hulle skouers af is en dat hulle uitsien na ’n tydperk van ontspanning en vryheid.

- Angs en kommer: Die vakansiegevoel is nou nie meer aanwesig nie, ’n tekort aan finansies word ervaar en aansoeke vir ander werk begin wat dikwels onsuksesvol is. Die realiteit van werkloosheid en die gevolge

daarvan begin nou eers in te sink. Hierdie fase duur gewoonlik langer as die vorige fases en die persoon begin nou die identiteit van werklose aanneem. In sommige gevalle vind daar ook verandering in persoonlikheid plaas, omdat die werklose meer gefrustreerd is en dikwels in hewige argumente met veral familielede betrokke raak.

- Aanvaarding: Werkloosheid word nou geïnstitusionaliseer en die werkloosheidsidenititeit word gevestig, met die nodige sielkundige aanpassings. Die angs en sommige van die depressiewe kenmerke van die vorige fase word oorkom en die individu en die familie begin aanpassings maak by ander/nuwe standaarde en verwagtinge. Daar is ’n geneigdheid om aan die sosiale lewe en selfs familie-aktiwiteite te onttrek.

Dit is egter noodsaaklik om kennis te neem dat die navorser die sielkundige fases van werkloosheid as tentatief beskou en nie as universeël toepaslik nie. Dit kan van persoon tot persoon verskil volgens hulle geskiedenis, ervaring van vorige krisisse, huidige omstandighede en toekomsverwagtinge. Die politieke, sosiale en ekonomiese konteks moet in ag geneem word wanneer iets soos werkloosheid ondersoek word (Fagin & Little 1984:41-43).

Die navorser is van mening dat persone of instansies wat enige vorm van hulpverlening aan die werklose wil verskaf deeglik kennis moet neem of van die sielkundige fases waardeur die werklose persoon gaan, ten einde meer effektiewe hulpverlening te bevorder.

Die deprivasie model probeer die onderskeie faktore verklaar in die progressie van ’n toestand van hopeloosheid wat in die fasemodel beskryf word. Deur te werk bekom mense nie net ’n inkomste nie, maar ook toegang tot insidentele of latente ervarings wat ook weer verloor word wanneer iemand werkloos raak. Hierdie ervarings kan soos volg aangedui word:
Om te werk beteken:

- ’n bepaalde tydstruktuur in die dag en die week;

- sosiale kontak met ’verskillende mense bo en behalwe die familie;
- deelname aan ’n kollektiewe doel;
- sosiale status en identiteit;
- die uitvoer van gereelde aktiwiteit (Moller 1992:5, Mayhew 1985:9).

Vervolgens gaan die sielkundige betekenis van werk kortliks bespreek word ten einde die uitwerking van werkloosheid beter te verstaan.

- *Werk as ’n bron van identiteit*

Van die vele rolle wat individue in die samelewing speel word werk die meeste as identifiseringsetiket gebruik. Deur die tipe werk wat mense doen word hulle gekategoriseer volgens klas, status en invloed, vestiging van hieragië in groepsverband wat ’n sekere mate van sekuriteit bied, erkenning en behoort aan of deel wees van. Hierdie werksidentiteit blyk een van die veiligste maniere te wees om jouself voor te stel sonder om te veel van jouself te sê. ’n Derglike werksidentiteit is nie beperk tot die individu wat die werk doen nie, maar dikwels word die familie ook ingesluit by die status wat die werk bied.

- *Werk as ’n bron van verhoudings buite die kerngesin*

Die tydelike skeiding wat met werk geassosieer word, bied geleenthede vir die verryking van interpersoonlike verhoudings, wat weer die familielewe verryk. Vir diegene wat hul werk verloor, impliseer dit verlies van hierdie sosiale kontak by die werkplek, maar diegene wat nog nooit die werksmark betree het nie ervaar nooit die sosiale kontak wat die werkplek bied nie.

- *Werk as ’n bron vir verpligte aktiwiteit*

Werk bied aan mense aktiwiteite wat doelgerig is alhoewel dit as verpligtend ervaar word.

- *Werk as ’n geleentheid vir die ontwikkeling van vaardighede en kreatiwiteit*

Werk bied aan mense die geleentheid om sekere vaardighede te ontwikkel wat in die intrinsieke behoefte van die mens voorsien om beheer te hê oor hul omgewing. Mense is dikwels trots op die vaardighede wat hulle ontwikkel het.

- *Werk as bron van sin*

Deur te werk het die mens ’n hegte band met die werklikheid rondom hom.

- *Werk as ’n bron van inkomste en beheer/kontrole*

Vir sommige beteken werk die verlies van ’n sekere vryheid. Ten einde geld te verdien word sekere opofferings gemaak (Fagin & Little 1984: 29-39; Voster 1992:65-66).

Dit is belangrik dat die sielkundige impak van werkloosheid verstaan word, aangesien werk ’n fundamentele bestanddeel van ’n individu se identiteit, selfbeeld en algemene welstand is. Daar word meestal baie klem op die ekonomiese uitwerking van werkloosheid gelê terwyl die sielkundige uitwerking daarvan minder aandag geniet (Bergh in Voster 1992:61).Faktore soos seks, opvoeding, sosiale klas, toewyding aan werk en vorige ervaring van werkloosheid beïnvloed almal die reaksie van mense op werkloosheid (Moller 1993:3-5). Volgens Beveridge in (Allen etal 1986:16) “is the greatest evil of unemployment not physical but moral, not the want which it may bring but the hatred and fear which it …breeds”. Vir die individu het werkloosheid tot gevolg dat sy trots en waardigheid aangetas en sy lewenstandaard verlaag word, en vir die samelewing in die geheel dat misdaad toeneem, dat frustrasie tot geweld lei, en dat duur vaardighede verlore gaan as gevolg daarvan dat nie benut word nie. Die verband tussen werkloosheid en ’n wye reeks sosiale probleme soos swak gesondheid, vroeë dood, selfmoord, huweliksverbrokkeling, kindermishandeling en rassekonflik om net enkeles te noem, is al deur verskeie navorsingstudies bevestig (Allen etal.1986:16).

Werkloosheid het ’n uitwerking op ’n persoon se identiteit, selfvertroue en selfbeeld (Fagin & Little 1984:14). Die verlies aan selfvertroue lei dikwels tot onttrekking aan die samelewing. Die verlies aan selfvertroue onder werkloses word gesien as ’n refleksie op die individu en die samelewing. Werkloses ervaar dikwels gevoelens van verwerping (Moller 1993: 57). In aansluiting by die feit dat werkloosheid tot identiteitsverlies lei skryf Mayhew (1958:59) dat die volgende respons van ’n werklose persoon op die vraag wat hy doen dit bevestig: “I’m nothing; I have nothing to do and do not know what to call myself.” Werk bied egter nie net status nie, maar dra ook by tot selfrespek, omdat die werklose homself sien as iemand wat nie deur die samelewing benodig word nie.

Werkloosheid veroorsaak dat mense voel hulle het beheer oor hul lewensomstandighede verloor. Dit ondermyn die struktuur en sekuriteit van die familie-eenheid, die respek van die kinders vir ouers en ouers vir mekaar. Werkloosheid lei tot verdeeldheid in die samelewing en vernietig vetroue in die gesag van die regering. By die jeug veral, temp werkloosheid hul optimisme oor die toekoms (Fagin & Little 1984: 14). Werkloses onttrek hulleself aan hul families asook van die breër gemeenskap. Die volgende komponente van geïsoleerdheid word dikwels deur werkloses ervaar: magteloosheid, isolasie, betekenisloosheid.

Aangesien mense ’n behoefte daaraan het om te werk word hul bestaan negatief geraak indien hulle nie werk het nie. Uit die bespreking hierbo is die vernietigende uitwerking van werkloosheid op die individu en hoe dit uitkring na die familie en die breër gemeenskap duidelik. Net soos die uitwerking van werkloosheid op verskeie aspekte van menswees inwerk, is dit dus nodig dat hierdie probleem vanuit verskeie sektore in die samelewing aangepak moet word. Die religieuse sektor het hierin ’n belangrike bydrae om te maak.

2.6 Samevatting

Uit die bespreking oor die uitwerking van werkloosheid het dit duidelik geword dat dit nie bloot as ’n probleem vir die inidividu bekou kan word nie, aangesien

families,gemeenskappe en ’n hele land soos Suid-Afrika eweens diep hierdeur geraak word. Die verband tussen werkloosheid en ander maatskaplike probleme soos geweld, misdaad en politieke onstabiliteit het ook aan die lig gekom.

Verder gee werkloosheid aanleiding tot volslae armoede spesifiek in Suid-Afrika. Wilson & Ramphele (1989:14-17) vergelyk armoede met ’n siekte omdat, soos daar vele gesigte van armoede is, dit ook verskeie oorsake het. Net soos werkloosheid is armoede duidelik sigbaar, en tog baie moeilik om te definieer. Nie net is daar verskeie dimensies van materiële en nie-materiale armoede nie, maar ook ’n komplekse interaksie tussen die oorsake en die uitwerking van armoede. Alhoewel werkskepping die mees voor die hand liggende antwoord op werkloosheid is, is dit ook die moeilikste om te bewerkstellig. Alhoewel die Suid-Afrikaanse ekonomie groei toon, beteken dit nie noodwendig dat werkskeppingsgeleenthede dienooreenkomstig toeneem nie. Die vraag is hoe die massa werklose mense in hul nood ondersteun kan word deur onder andere geloofsgebaseerde organisasies. Die uitwerking van werkloosheid op mense maak dit duidelik dat dit die mens in sy totale wese aantas. Werkloosheid is dus ongetwyfeld nie net ’n ekonomiese aangeleentheid nie, maar raak ook die mens as geestelike wese en sy bestaansdoel.

Werkloosheid kan dus nie net as ’n probleem vir die inidividu beskou word nie, maar sal eerder as ’n kollektiewe probleem en uitdaging benader en hanteer moet word. Rolspelers in alle gemeenskappe sal van die probleem bewus gemaak en bemagtig moet word om gesamentlik pogings aan te wend om hierdie saak aan te pak. Groter kennis en insig rakende kwessies soos werkloosheid onder rolspelers is nodig ten einde effektiewe betrokkenheid te bevorder. Een van die doelstellings van die studie is juis sodanige bewusmaking van die uitdagings rondom werkloosheid, asook die motivering tot betrokkenheid van veral geloofsgebaseerde organisasies by die aanpak van werkloosheid as een van die grootste sosiale uitdagings in Suid-Afrika.

HOOFSTUK 3

BETROKKENHEID VAN GELOOFSGEBASEERDE ORGANISASIES BY DIE HANTERING VAN WERKLOOSHEID AS DEEL VAN SOSIALE ONTWIKKELING.

3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk behels ’n kritiese bespreking rakende die huidige betrokkenheid van kerke as geloofsgebaseerde organisasies in die publieke arena met spesifieke verwysing na die kwessie van werkloosheid. Die bespreking fokus op die sosiale uitdagings aan die kerk, kritiek ten opsigte van huidige betrokkenheid in die publieke arena asook voorstelle aan die kerk oor betrokkenheid in die burgerlike samelewing en sosiale ontwikkeling.

In 2004 is ’n geskiedkundige gebeurtenis in ons land gevier, naamlik tien jaar van demokrasie. Die nuwe era sedert 1994 is ingelui met vreedsame verkiesings op nasionale en plaaslike vlak en is gerugsteun deur ‘n nuwe demokratiese grondwet wat alle burgers dien. Sedert 1994 het daar noemenswaardige veranderinge in die land plaasgevind. Alle rassistiese wette is geskrap, elke burger het tans die reg op vryheid van spraak, die doodstraf is afgeskaf, aborsies op aanvraag is gewettig, die regte van homoseksuele mense word erken, en les bes is ook die posisie van vroue in alle sektore van die samelewing probeer bevorder (Koopman 2005:150). In die lig van die merkwaardige gebeure in die land is dit egter noodsaaklik om ook die utidagings en verantwoordelikhede wat saam met soveel groei, ontwikkeling en bevryding gepaardgaan, onder die soeklig te plaas.

Demokrasie is ’n voortgaande proses wat in al die sfere van die samelewing gerespekteer en nagestreef moet word. So het daar sedert die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika, op 27 April 1994, in al die fasette van die samelewing (politieke, ekonomiese, joernalistieke, besigheidsektor en andere.’n Proses begin waarin evaluering van elk se bydrae tot die nuwe bestel in oënskou geneem word. Daar is ongetwyfeld baie bereik, maar die

uitdagings is steeds talryk aan elke front. Ook die religieuse sektor kan ’n beduidende bydrae maak. Dit is van die uiterste belang dat dié sektor deelneem aan die proses van voorraadopname ten opsigte van sy rol in die verlede, asook hoe dié rol in die nuwe bestel met nuwe uitdagings daar gaan uitsien.

Gevolglik gaan daar in hierdie hoofstuk gefokus word op wat verstaan word onder geloofsgebaseerde organisasies, wat die rol van sodanige organisasies in die sosiale ontwikkeling van ons land is asook op voorstelle wat hulle rol in die toekoms behoort te behels.

3.2 Geloofsgebaseerde organisasies

Die konsep geloofsgebaseerde organisasies word deesdae algemeen gebruik sonder genoegsame verduideliking wat presies daarmee bedoel word. Daar is nie ’n eenvormige (enkele) definisie van die term nie. Juis omdat die begrip tans so populêr is en algemeen gebruik word, kan die generiese wyse waarop dit gebruik word dus tot verwarring lei. In ’n ongepubliseerde artikel, *Kerkgebaseerde organisasies: kompetisie, opposisie of vennote? Die rol en funksie van kerkgebaseerde organisasies in Suid-Afrika,* skryf Willlie Van der Merwe (2005) ook oor die vrae wat in die maatskaplike sektor ontstaan insake die term geloofsgebaseerde organisasies.

Van die vrae is onder andere: Is dit kerke, is dit informele organisasies, of is dit geregistreerde organisasies? Is geloofsgebaseerde organisasies nie in elk geval deel van die burgerlike samelewing en nie regeringsorganisasies of gemeenskapsorganisasies nie? Hy voer aan dat die rede vir die ontstaan van die vrae toegeskryf kan word aan die feit dat die term geloofsgebaseerde organisasies nog nie duidelik omskryf is nie. In die lig hiervan gee die navorser die volgende omskrywing: Die term geloofsgebaseerde organisasies verwys na geloofsgroepe of kerke wat deur geloofsoortuigings gedryf, betrokke raak op ’n georganiseerde of informele wyse by die nood van mense en gemeenskappe. Dit is moontlik dat die kerk in haar verskillende gestaltes van gemeentes, denominasies of ekumeniese liggaam spesifieke

organisasies stig as ’n voertuig waarmee ’n bepaalde geloofsgroep vanuit hulle roeping die maatskaplike nood van individue en gemeenskappe op ’n georganiseerde wyse wil aanspreek. Dan is sulke organisasies geloofsgebaseerde organisasies, dit wil sê organisasis met ’n geloofsbasis en met hulle geloofswaardes gebaseer op ’n sekere godsdiens (Van der Merwe W. 2005).

Roland Sider & Heidi Unruh (2004:116) is ook van mening dat daar met meer akkuraatheid van geloofgebaseerde organisasies gepraat moet word. Jeavons (1997), soos deur Sider aangehaal, verwys ook na die verwarring wat daar bestaan oor wat presies met die term bedoel word. Volgens sommige se interpretasie van die term is dit ’n breë (oorkoepelende) term wat alle organisasies insluit wat een of ander religieuse basis het. Die behoefte aan ’n meer gedifferensieerde taalgebruik rakende die term word ook deur die skrywers beklemtoon. Monsa (in Sider & Unruh 2004) het ’n lys geïdentifiseer van religieuse kenmerke en praktyke wat deur welsynsorganisasies geïnkorporeer behoort te word waarin geloofsgebaseerde organisasiesas hoog, medium,of laag op ’n religieuse praktykskaal geklassifeer word.

Later het Monsma (in Sider & Unruh 2004), hierdie skaal gebruik om te onderskei tussen *faith-based/integrated* en *faith-based/segmented* welsynprogramme. *Faith-based/integrated* programme inkorporeer religieuse elemente in hul dienslewering, terwyl *faith-based/segmented* organisasies die religieuse aktiwiteite apart hou van hul dienslewering. Sider & Unruh (2004:117) het die religieuse elemente wat moontlik ’n program kan bevat, gekategoriseer. Die elemente het den doel om ’n religieuse omgewing te skep, religieuse waardes bekend te stel, religieuse boodskap aan kliënte te kommunikeer, asook om kliënte by religieuse aktiwiteite te betrek.

Sider & Unruh (2004:119-120) het in hul navorsing oor geloofgebaseerde organisasies die volgende tipes geïdentifiseer, naamlik *faith-permeated; faith-centred; faith-affiliated; faith-background; faith-secular; faith-secular partnerships* en *secular organisations.*

Ten einde ’n beter verstaan van die onderskeie tipes geloofsgebaseerde organisasies te verkry word dit vervolgens kortliks verduidelik.

3.2.1 *Faith-permeated:* Die verbintenis met geloof is sigbaar op alle vlakke van hul missie, bestuur en ondersteuning. Programme bestaan hoofsaaklik uit religieuse inhoud. Die religieuse dimensie is dus ’n essensiële deel van die program en daarom is deelname aan religieuse aktiwiteite dikwels ’n vereiste.

3.2.2 *Faith-centered organisations:* Ontstaan vir ’n religieuse doel en het ’n sterk verbintenis met die geloofsgemeenskap. Die inhoud van programme is dus ook religieus van aard.

3.2.3 *Faith-affiliated:* Die organisasie behou van die religieuse invloed van die stigters, byvoorbeeld in hul visie, maar verwag nie dat personeel ’n sekere geloof of godsdienstige praktyk moet onderskryf nie. Programme mag op ’n indirekte wyse godsdienstige inhoud bevat.

3.2.4 *Faith-background:* Die organisasie opereer op ’n sekulêre manier, maar kan ’n historiese band met ’n geloofstradisie hê.

3.2.5 *Faith-secular partnership:* So ’n organisasie ontstaan wanneer ’n sekulêre organisasie ’n verbintenis aangaan met een of meer eksplisiet religieuse organisasies.

3.2.6 *Secular:* Sodanige organisasies het geen verwysing na religie in hul visie en missie nie.

Die tipologie wat hierbo kortliks beskryf is, het egter inherente beperkings. Dit wat probeer beskryf word is meer kompleks as wat in die kategorieë omskryf kan word. Die doel van die tiplogie is slegs om algemene kenmerke te omlyn. Die navorser is egter van mening dat die beskrywing tot ’n beter verstaan van die term geloofsgebaseerde organisasie kan bydra.

Die vraag kan egter gevra word na watter tipe geloofsgebaseerde organisasie in die studie verwys word. In die studie verwys geloofgebasserde organisasie na ’n organisasie wat vanuit geloofsoortuigingsbetrokke raak by die nood van die wêreld. Meer spesifiek word hier verwys na die kerk as geloofsgebaseerde organisasie wat hoofsaaklik vanuit geloof opereer. Die term kerk soos hier gebruik korreleer met hoe Koegelenberg (1992:67) kerk omskryf as sosiologiese konsep of organisasie waarin groepe van mense uitdrukkking gee aan hul gedeelde geloof. In die studie sal daar primêr gekofus word op die Christelike kerk. Kerk kan egter op verskillende maniere verstaan word en die konsep vra verdere verduideliking. Vervolgens word ’n meer breedvoerige verduideliking van die konsep “kerk” gegee ten einde aan te toon wat met die term in die studie bedoel word.

3.3 Kerk

Koegelenberg (2000:98) sê tereg: “*Although there are many similarities on programme level between community-based NGO’s and religious programmes … religious communities have a different self-understanding and want to be recognized as religious communities”.* In aansluiting hierby skryf Gelder (2002:14) dat die kerk sewe verskillende betekenisse kan hê. Dit kan verwys na ’n gebou, of ’n gebeurtenis, ’n beleidmakende liggaam, ’n groep wat in ’n bepaalde verhouding met mekaar staan, ’n geïnstitusionaliseerde denominasie,of ’n organisatoriese styl, die praktyk om ’n sekere belydenis te bevestig.

Smith (2002:246) onderskei ses maniere van kerkwees. Dit kan verwys na gemeente, of na die aanbidding of saamkom met ander gelowiges, die denominasie self, die ekumeniese kerk, individuele gelowiges, of vrywillige aksiegroepe, verenigings of inisatiewe waarin gelowiges hulleself organiseer vir spesifieke projekte. Dulles (1976) se werk oor die modelle van die kerk is nog ’n klassieke werk om juis die onderskeie gestaltes van die kerk te probeer beskryf. Die term kerk kan dus as ’n dubbelsinnige term gesien word omdat die kerk vele gesigte of gestaltes kan aanneem. Die navorser is van mening dat die vele gestalte van kerkwees is juis nodig ten einde meer effektief by die

nood van die wêreld betrokke te raak. In ‘n artikel getitel *Management of Volunteers in Faith based-organisations,* definieer Claassens & Lombard (2005: 4) geloofsgebaseerde organisasies as ‘n godsdienstig gebaseerde struktuur wat as ‘n niewinsgewende organisasie funksioneer en effektiewe sosiale en gemeenskapsdienste lewer. Hierdie definisie korreleer in ‘n groot mate met dié van die definisie van kerk waarna in hierdie studie verwys word. Kerke funksioneer vandag nie bloot as religieuse instellings nie, maar toenemend as niewinsgewende organisasies wat die plaaslike gemeenskap dien en deur hierdie diens bydra tot die holistiese ontwikkeling van mense. Daar blyk ‘n merkwaardige skuif te wees vanaf die bestuur van ‘n kerk as sodanig na die organisering van die kerk as ‘n geloofsgebaseerde organisasie wat as ‘n vennoot funksioneer in die stryd om armoede in Suid-Afrika te bekamp (Claassens & Lombard 2005: 2-3). Hierdie skuif in die bestuur en werksaamhede van die kerk met betrekking tot gemeenskapsbetrokkenheid korreleer met die doel van die kerk hier op aarde. Die verlossing wat deur Jesus Christus bewerkstellig is, is so omvangryk dat dit op verskillende maniere deur die kerk verkondig en uitgeleef kan word.

Daar blyk ’n verband te wees tussen hoe of wat onder die kerk verstaan word en betrokkenheid of onbetrokkenhied van die kerk op ’n holistiese manier by die burgerlike samelewing. Hoe die rol en roeping van die kerk gesien word hang altyd saam met die vorm of gestalte van die kerk waaraan voorrang verleen word vanuit die bepaalde perspektief (Smith 2004:350). Die gevolgtrekking sou gemaak kan word dat ’n meer holistiese (breër) siening van die kerk aanleiding kan gee tot ’n beter verstaan van wat die kerk se rol is ten opsigte van die nood van die wêreld. Die teendeel is egter ook waar naamlik dat ’n beperkte of verskraalde siening van die kerk tot passiwiteit kan ook lei en selfs tot apatie ten opsigte van die sosiale uitdagings van die dag.

Alhoewel die kerk ook ’n sosiale instellling is, verskil die kerk in baie opsigte van ander sosiale instellings. Teologies gesproke is die kerk die teenoorgestelde van ander sosiale instellings – dit is nie ’n gewone gemeenskap nie: dit is deur God gekonstitueer deur die werk van Jesus Christus en sy Gees. Vanuit ’n teologiese perspektief is die kerk betrokke in ’n

stryd teen sonde en boosheid wat ingebed is in immoraliteit, armoede, ongeregtigheid, lyding en geweld, gemotiveer deur haar ekskatologiese perspektief van die nuwe skepping. Daar is reeds verwys na die feit dat daar vele gesigte van kerkwees is, maar volgens Burger (1999:12) is die bestaan van die kerk in plaaslike gemeentes een van die belangrikste gestaltes van die kerk. Die kerk in die vorm van die plaaslike gemeente het volgens Burger (1999:9-12) die volgende eienskappe:

- Die kerk het sy bestaan in gemeentes;
- ’n mens kan nie oor die kerk dink los van die bediening en van die gemeentelike praktyke nie;
- gemeentes (en dus die kerk) is menslike instansies wat nie totaal verhewe is bo die sosiale omgewing waarin hulle bestaan nie;
- gemeentes is egter tegelyk meer as menslike instansies - hulle is geestelike werklikhede;
- die kerk leef uit sy verhouding met God;
- gemeentes se identiteit lê in hul verhouding met God: ons behoort aan Hom.

Die kerk in die vorm van plaaslike gemeentes kan ‘n effektiewe bydrae maak tot sosiale ontwikkeling in Suid-Afrika, daarom is die bemagtiging van die plaaslike gemeente as vennoot by sosiale ontwikkeling in gemeenskappe is noodsaaklik. Die betrokkenheid van plaaslike gemeentes sal die sosiale ontwikkeling in gemeenskappe veel meer bevorder as wanneer hierdie taak net aan ontwikkelingsorganisasies oorgelaat word (August & Bowers 2004:420).

3.3.1 Die kerk as vennoot in ontwikkeling

Die Suid-Afrikaanse regering sien die kerk as ’n belangrike vennoot in sosiale ontwikkeling in ons land. Die minister van sosiale ontwikkeling het dit deur die volgende stelling bevestig: “we *can only succeed to eradicate poverty … if we can build effective partnerships between the state, the religious sector and other institutions of civil society*” (Koegelenberg 2000:108).

Die siening dat die kerk ’n belangrike rol in die gemeenskap moet en kan vervul is nie nuut nie. Dit is deur die eeue heen op verskillende plekke deur verskillende mense onder verskillende omstandighede onder die soeklig geplaas. Volgens Hauerwas (1981): “… the social ethics of the church is to be the church”. Smith (1993b:11) benadruk ook die feit dat die kerk veral nou ’n besondere rol het om in die publieke arena te speel, en net nie om selfbehoud anders sou die kerk sy doel heeltemal mis.

Koopman (2005:151) is van mening dat die kerk nie sy publieke verantwoordelikheid nagekom het die afgelope tyd soos in die stryd teen apartheid nie. Dit blyk asof van die kerke wat apartheid in alle erns teengestaan het heeltemal van die publieke toneel verdwyn het. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word, onder andere dat kerke nou meer fokus op versterking van plaaslike gemeentes en denominasies, asook finansiële oorlewing. Kerke beleef ook onsekerheid ten opsigte van hul rol in ’n demokratiese bestel en ’n vinnig veranderende wêreld. Daar is dus ’n behoefte by kerke om hul rol te herdefinieer in hierdie demokratiese konteks met sy uitdagings. Volgens Nürnberger (1994:121): is die uitdaging aan kerke die volgende: “*To throw themselves into the economic problems with the same vigour, rigour and readiness for conflict as in the case of the racially defined problem in the past”.* Hierdie uitdaging vra dus ‘n skuif in kerke van die meer na - binnegerigtheid na ‘n sterker na buite –gerigtheid.

Teenoor die oorheersende na - binne -gerigtheid van gemeentes bly die primêre taak van die kerk in die publieke arena en nie in die heiligdom nie. Die impak van die heiligdom op mense is groot omdat mense daar hoop en vetroue in God vind. Die aantrekkingskrag van die heiligdom kan egter misleidend wees omdat dit ’n gemaklike plaasvervanging kan wees vir die harde realiteite aan die buitekant van die mure (Jacobsen 2001:13-14). Die kerk betree die publieke arena omdat die mandaat van God ontvang is om so te doen. Die kerk opereer onder die leiding van die Heilge Gees in vervulling van die groot opdrag. (Matt 28:19-20). Om dié rede is die eerste prioriteit van die kerk nie om mense vir die heilgdom te win nie. Die kerk moet die Koninkryk van God in die wêreld verkondig. Die evangelie vorm die basis van

waaruit die kerk haar rol verstaan en uitvoer. Die kerk se dinamika word nie geskep deur menslike projekte, besluite of ondernemings nie. Die kerk is primêr ’n spirituele gebeurtenis en sekondêr ’n sigbare, natuurlike; historiese en gestruktureerde vorm wat deel is van die mens se alledaagse bestaan.

Om te getuig is ’n definitiewe taak van die kerk. Die kerk is outentiek sover dit betrokke is in getuienislewering; apostolistiek omdat dit gestuur is; en profeties deurdat dit die teenwoordigheid, aksies en woord van God in die wêreld aankondig. Om bo die wêreld uit te styg of aan die wêreld te onttrek is nie opsies vir die kerk nie. Die kerk is die kerk namate dit die opdrag van God uitvoer, naamlik met haar getuienis aan die wêreld. Die dinamika van die kerk se getuienis kom dus nie van sy eie kapasiteit nie, maar van God se opdrag aan die kerk (Webster & Margaret 2001:28-31). Die vraag is dus nie **of** die kerk betrokke moet raak nie, maar eerder **hoe** die kerk in die publieke arena betrokke moet raak.

3.4 Oorsig van uitdagings, kritiek en voorstelle aan die kerk oor betrokkenheid in die publieke arena.

3.4.1 Uitdagings aan die kerk

Die uitdagings aan alle sektore in ons land, insluitend die kerk, is talryk.
Armoede is beslis een van die land se knellendste probleme. Armoede laat niks onaangeraak nie en het ’n invloed op opvoeding, geweld, mediese versorging, misdaad, menseregte, en die gesinslewe om maar enkeles te noem. Ndugane (2004:198) het in ’n toespraak met die tema *Poverty and the Church* ook gewys op die vernietigende effek van armoede in ons land. Terselfdertyd is daar die enorme uitdagings wat die land in die gesig staar as gevolg van die **HIV/VIGS epidemie**. Die toename in VIGS wesies is onrusbarend. Hy is van mening dat daar ’n sterk korrelasie bestaan tussen dié epidemie en armoede. Armoede verhoog mense se kwesbaarheid vir die virus omdat dit hul blootstelling aan onveilige seks verhoog. Sommige kinders sien sekswerk as die enigste manier om te oorleef. Arm vrouens en kinders wat in oorbevolkte huise woon, staan ’n groter kans om seksueel mishandel te word.

Armoede kan mense weerhou van die nodige informasie ten opsigte van veilige seks. Hierdie redes – daar is waarskynlik meer te noem toon die verband duidelik aan tussen armoede en VIGS in ons land. Armoede lei egter tot nog vele ander ongewensde sosiale probleme in die land, soos misdaad, mishandeling, geweld, verlies aan sosiale waardes, die totale vernietiging van die gesinslewe en ’n gebrek aan respek vir die lewe. Armoede het dus vele gesigte; die onderwerp van die studie, naamlik werklooosheid is maar een daarvan.

Gegewe hierdie realiteite blyk armoede ‘n komplekse saak te wees en daarom is dit onmoontlik vir een sektor om dit alleen te probeer aanpak. Om die rede word toenemend ’n beroep op alle rolspelers gedoen om as ’n span ’n geïntegreerde benadering te volg om die sosiale uitdagings aan te pak. Die geïntergreede benadering sluit onder andere in dat daar vennootskappe tussen organisasies gesluit word ten einde beter koördinering van projekte te bewerkstellig.

Die **vorming van netwerke** tussen organisasies is dus van groot belang. Kerke word juis daarvan beskuldig dat hulle nie altyd met ander organisasies en selfs ander kerke wil saamwerk nie. Vennootskappe is die nuwe *buzz word* in missiologie, veral in die lig van die feit dat die uitdagings net te kompleks is vir een groep om dit aan te pak. Swart (2003:4) is ook van mening dat die vorming van netwerke ononderhandelbaar is in ontwikkeling:

“ *The success of combating poverty and underdevelopment will largely depend on the extent to which existing and new networks of trust, cooperation and care (in short the social capital) within and between communities can be mobilised for strategic action. Social networks, therefore,e are an indication of people’s self-development and the solidarity relationships amongst themselves and with others. They reflect the quality of a society’s institutions and constitute the medium through which communities can collectively mobilise their resources and assets to solve their social problems.”*

Volgens Richard Dickson (1998:23) plaas globalisering die mag in die hande van die minderheid wat gebaseer is op kapitalistiese stelsel van kompetisie.

Dié konsentrasie van mag ondermyn die belangrikheid van samewerking en solidariteit, maar meer nog, dit vergroot die gaping tussen ryk en arm. Dit stel kerke dus voor die uitdaging om samewerking onderling aan te moedig te beoefen en te inisieer.

Volgens Raiser (in Kekana (1999:46) het die kerk beide die uitdaging en geleentheid **om te reflekteer oor wat dit beteken om kerk te wees binne 'n konteks van versoening**. Hy verwys ook na die kerk as *"an agent of the renewal of human community".* Volgens De Gruchy (in Kekana 1999:48) "*We are now faced with the challenge to be prophet and pastor to a society which has suddenly changed direction, but which is still in crisis. We are clearly at a new point in our historical journey as a nation in making. We are no longer primarily engaged in the task of breaking down unjust structures but of building new ones. The challenge facing South Africa is that of reconstruction and development in creating a genuinely democratic non-racist and non-sexist society. This has direct implications for the becoming of the ecumenical church in South Africa".* Dit sê hy, is egter nie moontlik sonder die werk van die Heilige Gees en die verdieping van die geestelikheid van die kerk nie.

Groter solitariteit met die regering van die land is ook 'n uitdaging aan die kerk vandag.

Villa-Vencio (in Kekana 1999:49) herinner ons daaraan om te onthou dat teologie altyd gedoen word tussen die harde realiteite van die dag en die uiteindelike regering van God. Die spannning tussen wat is en wat veronderstel is om te wees moet egter nie uit die oog verloor word nie. Hierdie spanning tussen die werklikheid en die ideaal **daag die kerk uit om profeties gereed te wees** om nee te sê vir enige beleid of aksie wat uiteindelik diegene wat "het" bevoordeel ten koste van diegene wat "nie het nie".

Die vraag is egter of die kerk kreatief kan deelneem aan die proses van ontwikkeling en rekonstruksie wat ten bate van die armes is, "*rather than the creation of a new ruling class that survive on the backs of an ever increasing underclass of poverty".* In die lig van bogenoemde word daar van die kerk

verwag om by wyse van haar profetiese bediening as *"social critic"* en vennoot in die heropbou van ons land deel te neem.

3.4.2 Uitdagings wat werkloosheid as sosiale aangeleentheid aan die kerk stel.

Die fokus van die studie is watter rol geloofsgebaseerde organisasies soos kerke in die hantering van werkloosheid kan speel. Werkloosheid is een van die vele gesigte van armoede en kan dus nie los van al die ander sosiale uitdagings gesien of hanteer word nie. Die verband tussen die onderskeie sosiale probleme in ons land is reeds in die vorige paragraaf aangeraak. Ten spyte van die feit dat die ekonomie groei is daar steeds nie genoeg werk vir duisende Suid-Afrikaners nie. Die regering se voorkeur vir die vry mark ekonomiese beleid het gelei tot die skepping van ongeveer 1.6 miljoen werksgeleenthede vanaf 1995 tot 2000. Die groei in werkskepping korrelleer egter nie met die groei in die werksmark wat na beraming meer as 5 miljoen dieselfde tyd in Suid-Afrika was nie. Dit beteken dat werkloosheid tussen 1995 en 2002 van 30% tot 40% toegeneem het (Bhorat in Van der Berg 2004c). Volgens Statistiek Suid-Afrika is die beraamde wekloosheidsyfer vroeg in 2004 volgens die verfynde definisie op 27, 8% en volgens die breë definisie op 41.2% gemeet.

Daar is dus geen twyfel nie dat werkloosheid een van die grootste probleme in die land is tenspyte van soveel groei die afgelope tien jaar. In Hoofstuk 2 is die vernietigende effek van werkloosheid bespreek. Volgens Nürnberger (in Koegelenberg 1992: 291) is werkskepping die sleutel tot ontwikkeling. Hy wys daarop dat die vernaamste oorsaak van werkloosheid die kombinasie van ongebalanseerde groei in die ekonomie en ongebalanseerde groei in die bevolking is. Werkskepping is die logiese antwoord, maar juis dit is ook die moeilikste om te bewerkstellig.

Volgens Nürnberger (1994:118-121) vorm **ekonomiese kwessies 'n integrale deel van die missie van die kerk**. Die uiteindelike doel van God vir die mensdom is die omvattende heil in sy totale bestaan, met ander woorde,

ook in sy sosiale en natuurlike konteks. In die wêreld is daar egter ’n diskrepansie tussen wat veronderstel is om te wees en die werklikheid. Hieroor is God onrustig, sê Nürnberger (1994:118-121) , en missie is juis die uitdrukking van wanneer die onrustigheid van God oorgaan in die onrustigheid van sy mense. Om God se omvattende verlossing te verstaan is dit belangrik om die menslike nood te verstaan. Hy onderskei tussen die volgende kategorieë van behoeftes:

Immanente behoeftes: Dit sluit in fisieke psigologiese, intellektuele, sosiale, ekonomiese, politieke en ekologiese behoeftes en behoort tot die sfeer wat gedeeltelik onder menslike beheer is.

Transendente behoeftes: Dit sluit in ’n outoritêre sisteem van betekenis, versekering van iemand se reg om te bestaan en die bevoegdheid om die mag en middele tot jou beskikking te gebruik om jou doelwitte te bereik.

Vir sending is dit noodsaaklik om te besef dat die transendente behoeftes nie op hul eie bestaan nie, maar die dieptedimensie van die immanente behoeftes vorm. Aan die hart van die Bybelse geloof lê die oortuiging dat God verlossend op al ons behoeftes respondeer. Die kerk behoort in sy sending op sowel die immanente as die transendente behoeftes van die wêreld te reageer.Tradisioneel het sending slegs gefokus op die transendente behoeftes en het dié behoeftes geïsoleer van die immanente behoeftes. Behoeftes is altyd histories en kontekstueel spesifiek en vir die kerk om relevant te wees moet dit die grootste nood onder die mense met wie hy werk ontdek en verstaan.

Om egter net op ekonomiese en politieke doelwitte te fokus gaan ook nie wys wees nie. Die nie-ekonomiese dimensie van ontwikkeling strategieë byvoorbeeld sosiale waardes, speel ook ’n uiters belangrike rol. **’n Positiewe morele en etiese basis is onontbeerlik vir ekonomiese sukses** (Swart & Venter 2001:485) Dit bied dus aan die kerk ook die uitdaging om ’n rol te speel in die morele ontwikkeling en herlewing in ons land. **Morele opvoeding** kan gesien word as een van die hooffokusse van die kerk op grond van wat

die kerk in wese is. Vanuit verskeie oorde (besigheid, regering, akademie, kerke) klink die oproep om morele gemeenskappe wat as veiligheidsnet kan dien. In die oproep word eintlik gevra om meer dissiplinne, meer aanvaarbare gedrag, meer gehoorsaamheid, meer uitleef van waardes. Kerke as mense van God kan dien as morele gemeenskappe in ons land wat geregtigheid in die samelewing kan bevorder (Van der Ven, Dreyer & Pieterse 2002:109).

Armoede wat dikwels die gevolg van werkloosheid is, beroof mense van hul waardigheid, bedreig hul sekuriteit en lei dikwels tot stigmatisering. **Die kerk kan ’n enorme rol speel in die bevestiging van mense se selfwaarde en selfrespek**. Hoe ons oor die armes dink en praat is dus belangrik. Die feit dat mense nie werk het nie en dikwels arm is, beteken nie hullle is minder mens as dié wat meer het of ryk is nie. Dit beteken nie dat die mense geen potensiaal of vermoë het om iets aan hul omstandighede te doen nie. Mense wat werkloos is word dikwels gesien as potensiële diewe en in ’n sekere sin ’n gevaar vir die gemeenskap. Daar word oor hulle gedink en gepraat as die “ander”. Die samelewing is geneig om suspisieus te wees teenoor armes. Vanuit ’n teologiese perspektief is dit belangrik dat die kerk die wêreld help en begelei **om anders te dink en te praat oor die armes en werkloses in ons land.**

Odendaal (2004:294) beweer dat volgens ’n aantal psalms (Ps 34, 37, 69, 70,147) die arme saam met die regverdige genoem word, sowel as in teenstelling tot die goddelose. Die psalms bevestig dat God mense in nood en lyding hoor. Die armoede waarna daar in die psalms verwys word, wissel van geestelike en materiële tot strukturele armoede. Die gebruik van die woord armoede in die psalms wys ons daarop om die woord nie in absolute sin te gebruik nie. Indien die woord wel so gebruik word, verskraal dit nie alleen ons opsies om ons eie nood te hanteer nie, maar kan dit ook lei ook die ontkenning van die kompleksiteit van mense se lewens en omstandighede.

Wanneer **omstandighede nie meer mense definieer nie is die moontlikhede meer,** want mense in nood het nie noodwendig antwoorde van ander nodig nie aangesien hulle ook antwoorde op hul eie vrae kan bied. Die

voorstel van die psalms is dus nie dat armoede nie ’n werklike probleem is of sal verbygaan nie, maar dat armoede net sóveel van ’n persoon kan sê. Om in vae terme van armoede te praat, reduseer die teenwoordigheid van God. Die teenwooordigheid van God skep ’n ruimte, waar mense meer as hulle omstandighede en die persepsies van die samelewing kan wees (Odendaal 2004:298-299). Van die veronderstellings wat ons teologise nadenke oor ontwikkeling onderlê, is dat ons goed moet doen aan dié wat arm, verdruk en gemarginaliseerd is. Ons blyk in die proses te vergeet van die geloof en werke van die arme. Dit is eenvoudig verkeerd om te veronderstel dat arm mense nie die vermoë het om “te doen” nie. Arm mense is altyd betrokke in strategieë om te oorleef. Die Bybel roep ook die armes op tot goeie werke. Die volgende stelling deur Bryant (1999:76) bevestig die belangrikheid van werke die **doen** vir die vestiging van identiteit:

“*When the poor accept their marred identity and their distorted sense of vocation as normative and immutable, their poverty is complete. It is also permanent unless this issue is addressed and they are helped to recover their identity as children of God, made in God’s image and their true vocation as productive stewards in the world God made for them. Who we are is a question of both being and doing. I believe that poverty mars both parts of the identity of the poor. The result is that people who are poor no longer know who they are neither (being) nor do they believe that they have a vocation of any value (doing)”.*

Wanneer die kerk betrokke raak by ontwikkeling en die hantering van veral armoede is dit van die uiterste belang om te onthou dat die armes ook na die beeld van God geskape is, volgens Gen 1:27. Hulle het ook talente om medewerkers van God te wees, wat impliseer dat **die armes nie bloot as die passiewe objek van goeie werke gesien en hanteer mag word nie** (De Gruchy 2003: 22-24).

Alhoewel die kerk ’n enorme rol kan speel in die herstel van mense se waardigheid as deur God geskape wesens en medewerkers in sy

verlossingsplan hier op aarde is een van die dringendste vrae hoe die doelwit bereik gaan word in ’n samelewing wat so oorheersend deur die ekonomiese winsmotief gekenmerk word. In ’n artikel getiteld: *Human dignity and economic globalisation* stel Russell Botman (2004:318) juis die vraag hoe die herstel van **menswaardigheid** as een van die doelwitte van die grondwet bereik gaan word in ’n Suid-Afrika wat ook deur **ekomomiese globalisering** gekenmerk word. Hy verwys na die werk van Zygmunt Bauman, ’n politieke sosioloog, oor die gevolge van ekonomiese globalisering. Volgens Bauman is ekonomiese globalisering gemik op die touris se drome en begeertes eerder as op die plaaslike arme.

In Suid-Afrika sit ons egter met die dilemma dat alhoewel die grondwet baie duidelike doelwitte stel oor hoe die lewe van Suid-Afrikaners verbeter kan word, die omstandighede in ons land nog nie gunstig daarvoor is nie. Duisende Suid-Afrikaners is nog sonder werk, huise en opvoeding. Menswaardigheid, gelykheid en vryheid kan net verkry word indien sosio-ekonomiese toestande verander. Volgens Botman (2004:320) het Suid-Afrika geslaag in transformasie in die breë, maar dit moet opgevolg word met ’n dieper transformasie. Suid-Afrika het dus ’n ekonomiese konteks wat nie bevorderlik is vir die bereiking van doelwitte wat in die grondwet gestel word nie. Inteendeel die ekonomiese situasie in ons land weerspreek dié doelwiitte in baie opsigte. Ekonomiese globalisering skep ’n nuwe vorm van vryheid, maar nie noodwendig vryheid wat ’n beter toekoms vir almal bewerk nie. Botman (2004:323) druk die etiese dilemma wat deur die situasie ontstaan soos volg uit: “’*In the context of globalisation the ‘ethic of dignity’, the orientation favoured by a strong social ethics, and the ‘ethics of interest’, the orientation favoured by the current global economic reality, come into conflict and this requires a fundamental moral choice from individuals, communites and society at large”.*

Armando Lampe (1999:334) bevestig die feit dat **globalisering** op ekonomiese gebied sy **onmenslike kant** gewys het. In ’n konteks van ekonomiese globalisering word menslike werk nie as waardevol geag nie, omdat masjiene menslike werk vervang. Kapitaal word in ’n spekulatiewe

proses eerder as in die produktiewe proses belê. Die gevolg is dat van ekonomiese globalisering kan lei tot ekonomiese groei, maar dit kan aan die ander kant aanleiding gee tot groter werkloosheid. Volgens Scholte (2005:25) is daar uiteenlopende menings op die vraag of globalisering goed of sleg is. Aan die een kant is daar diegene wat globalisering verwelkom en daarna verwys as die bevrydende krag, wat ’n wen-wen situasie teweeg bring. Ander verwys egter daarna as *global apartheid,* en die *global trap.* Volgens kritici ondermyn globalisering sekuriteit, gelykheid en demokrasie.

Die Wêreldraad van Kerke (WRK) het sedert sy ontstaan in Amsterdam 1948 die aandag gevestig op ekonomiese kwessies en die implikasie daarvan vir sosiale geregtigheid. Die *Accra* - dokument wat voortgespruit het uit ’n proses van belydenis deur die WRK beskryf ekonomiese globalisering soos volg:

“The signs of the times have become more alarming and must be interpreted. The root cause of massive threats to life and above all the product of an unjust economic system defend and protect the political and military might. Economic system is a matter of live and death. The policy of unlimited growth among industrialized countries and the drive for profit of transnational corporations have plundered the earth and severely damaged the environment.

Die dokument beskou dus die sisteem (ekonomiese globalisering) as onversoenbaar met die Bybelse perspektief van geloof: In Bybelse terme is so ’n sisteem van rykdom ten koste van die armes nie getrou aan God nie en verantwoordelik vir voorkombare menslike lyding. Dit word Mammon genoem (Luk 16:13). In die *AGAPE*- dokument wat hierna gevolg het, spreek kerke hulle nog sterker uit teen ekonomiese globalisering. Neoliberale globalisering “*is an economy of death: Centered on capital, neoliberalisms transform everything and everyone into a commodity for a sale price. Having made competition the dominant ethos, it throws individual against individual, enterprise against enterprise, race against race, and country against country. Its concern with wealth above human dignity dehumanise the human being and sacrifices life for greed.”*

Die EKD - dokument wat op die *AGAPE* - dokument gevolg het, het ook as sentrale visie ’n verantwoordelike globale, sosiale markgedrewe ekonomie wat ook die belange van diegene met minder mag beskerm.

Opsommend het die dokumente die volgende raakpunte:

- Die bevestiging dat die ekonomie nie ’n ruimte is sonder waardes nie, maar ’n teologies-etiese assessering benodig;
- die voorkeuropsie aan die armes as ’n fundamentele beginsel om ekonomiese beleid te beoordeel;
- die verwerping van die veronderstelling dat ’n vryemarkekonomie outomaties reslutate lewer vir die algemene welsyn van almal;
- die pleidooi vir n stel riglyne wat as raamwerk vir ’n sosiaal verantwoordelike ekonomie kan dien;
- die bevestiging dat internasionale staatsinstellings ’n duidelike rol in die ontwerp van ’n globale ekonomie het (Bedford-Strohm 2007:12-15).

In die lig van dié gevolge van ekonomiese globalisering is dit noodsaaklik dat die ekonomiese lewe in ons land geëvalueer word aan die hand van die volgende vrae: Wat doen die ekonomie vir arm mense? Wat doen dit aan mense? Hoe neem mense deel aan die ekonomie? Die ekonomie is ’n menslike realiteit - mense wat saamwerk om die skepping van God te onderhou. Dié werk behoort die materiële en spirituele welsyn van mense te bevorder. Die ekonomie beïnvloed mense se hoop en verwagting vir hulelself en vir hul medemens. Dit beïnvloed mense se geloof in God (Lutz 1987:75). Elke ekonomiese besluit en instelling moet geëvalueer word of dit die waardigheid van mense ondermyn of beskerm. Menswaardigheid is ‘n Goddelike gawe en ‘n land se ekonomiese stelsel behoort dit te respekteer en te bevestig. Ekonomiese aangeleenthede is nooit neutraal nie, maar kan ‘n gemeenskap en die toewyding tot die algemene welsyn bedreig (Sedgwick 1999:225).

’n Vryemark ekonomiese stelsel soos in Suid-Afrika lei tot ‘n ongelyke verdeling van inkomste en die stelsel konsentreer net op die vaardighede van die individu. So ’n stelsel bied dus nie gelyke geleenthede vir almal nie, want soos in Hoofstuk 2 beskryf, is die meeste werklose mense in Suid-Afrika *unskilled or semi-skilled.* Alhoewel die kerk ook bekommerd is oor armoede en werkloosheid in die land, ondersteun kerke die materialistiese markgedrewe ekonomiese van paradigma en is daar nie aktiewe deelname in die soeke na beter opsies nie (Beukes 1999:362).

In die lig van die dringende en komplekse uitdagings is daar ’n behoefte dat die kerk op ’n baie spesifeke wyse by die burgerlike samelewing betrokke moet raak. ’n Spesifieke bydrae soos deur Julius Neyere (1973:215) geformuleer geld beslis ook vir die kerk in Suid-Afrika vandag:

“…Unless we participate actively in the rebellion against those social structures and economic organizations which condemn men to poverty, humaliation and degradation, then the Church will become irrelevant to man and the Christian religion will degenerate into a set of superstitions accepted by the fearful. Unless the Church, its members and its organisations express God’s love for man by involvement and leadership in constructive protest against the present conditions of man, then it will become identified with injustice and persecution. If that happens, it will die - and, humanly speaking deserves to die - because it will then serve no purpose comprehensible to modern man”.

Die etiese dilemma wat deur die huidige ekonomiese markgerigte paradigma veroorsaak word, behoort ongetwyfeld hoog op die agenda van die kerk te wees. Die stem van die verdrukte en die arme word moeilik indien ooit in so ’n stelsel gehoor. Soos reeds aangedui, sluit die stelsel eenvoudig mense uit en is dit byna onmoontlik vir armes in Suid-Afrika om opgeneem te word in die arbeidsmark omdat hulle dikwels nie oor die vaardighede beskik wat voorkeur in dié werksmark geniet nie.

Die respons van veral kerke op armoede kan volgens Swart (2006:14) as liefdadigheid beskryf word. Hy wys verder daarop dat kerklike betrokkenheid by armoede by uitstek ‘n teologiese aangeleentheid is. Dit gaan ten diepste hier oor die vraag of kerke getrou bly aan die evangelie wat ‘n besliste deelname aan die verandering van sosiale toestande van die armes vereis. Die aksie of bydrae van die kerk in dié opsig word baie goed verwoord in die volgende stelling van De Santa (1980:182):

“The proclamation of the good news must be rooted in practical action to secure a transformation of the structures which presuppose the existense of poverty and indeed tend to create poverty. The proclamation of the message of Jesus requires the Church to engage in action to promote justice at the social level (both institutional and structural) and not simply at the level of the individual.”

Swart (2006:20-28) bied ‘n drieledige verduideliking van liefdadigheid wat kenmerkend is van kerklike betrokkenheid by armoede. Eerstens verwys dit na ‘n eerste fase van bewuswording van die sosiale en ekonomiese probleme wat ontstaan het met die industriële rewolusie en koloniale uitbreiding. ‘n Tweede betekenis van die sosiale betrokkenheid van liefdadigheid deur die kerklike sektor dui daarop dat die kerke in ‘n groot mate nie oor die kapasiteit beskik vir ‘n kritiese sosiaal-teoretiese begrip wat die sektor kan help om uit te styg bo so ‘n beperkte manier van dink en aksie nie. ‘n Derde betekenis van hierdie manier van sosiale betrokkenheid verteenwoordig ‘n soort paternalisme waarvan die resultaat is die historiese byna totale vervreemding tussen Christelike kerke aan die een kant en die armes en die werkersklas aan die ander kant.

Die persepsie wat kerke het oor die probleem van armoede is nie vals nie, maar onvoldoende, wat veroorsaak dat kerke dikwels in ’n doodloopstraat beland in hul respons op die probleem sodat die werklike situasie onveranderd bly. Gevolglik laat kerke die **probleem dikwels oor aan ontwikkelingsagentskappe.** Die probleem van armoede kan egter nie net deur die intervensie van spesialiste aangepak kan word nie. Die magspel wat in armoede ’n rol speel is, by uitstek ’n religieuse kwessie. Die misbruik van

mag in die uitbuiting van diegene met minder mag word in die Bybel veroordeel (Elliot 1987:13-15). Ekonomiese aangeleenthede soos werkloosheid staan nooit alleen nie, maar kan altyd verbind word met ander velde in die samelewing. Werkloosheid kan byvoorbeeld verbind word met die konsep van onreg. Om die konsep van onreg te verstaan is dit nodig om te let op ons verstaan van God

Bybelse geregtigheid is gemoeid met die regverdigheid van die verhouding tussen God en mens en tussen mense onderling. Sentraal aan die Bybelse begrip van geregtigheid is dat dit daaraan gemeet word hoe die magtelose (weduwee, wees, arme, vreemdeling) in ’n gemeenskap behandel word. In die Ou Testament toon vele tekste God se bemoeienis met die magtelose, in besonder die arme byvoorbeeld Deuteronomium 15: 7-11
“As daar in een van die dorpe in die land wat die Here jou God aan gee, ’n arme is, ’n mede- Israeliet, moet jy nie hard en suinig wees teenoor so ’n broer van jou wat arm is nie. Wees vrygewig teenoor hom en leen hom wat hy nodig het. Moenie sondige gedagtes herberg en dink dit is nie goed nie om jou broer wart arm is te help nie omdat die sewende jaar, die jaar van afskrywing, op hande is nie. Hy mag hom teen jou op die Here beroep, en jy sal skuldig staan. Gee vrylik aan jou broer wat arm is, en moenie sleg voel omdat jy vir hom gegee het nie, want juis omdat jy vir hom gegee het, sal die Here jou voorspoedig maak in alles wat jy doen en aanpak. Daar sal altyd armes in jou land wees, en daarom het ek jou bevel om vrygewig te wees teenoor jou mede-Israeliet wat in nood en arm is”.

Spreuke 14 vers 31 “Wie ’n arm mens verdruk, beledig sy Maker; wie hom oor ’n arm mens ontferm, eer God.

Sagaria7 vers 9 -10 “… So het die Here die Almagtige gesê: Laat reg geskied aan almal, bewys liefde en barmhartigheid aan mekaar; moenie die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme verdruk nie…”

Bemoeienis met die arme word ook in die prediking van Jesus benadruk (vgl Luk 4:18; Matt 22: 37-40; Luk 16:19-31).

Die Belhar belydenis bevestig dat God ’n God van **regverdigheid** is en dat Hy veral die God is van diegene wat ly. Die kerk moet die Here hierin volg, daarom het die kerk die taak om ekonomiese regeverdigheid na te streef. In praktyk beteken dit dat die bronne tot ons beskikking so aangewend word dat almal daaruit voordeel kan trek. Die grootskaalse strukturele werkloosheid in Suid-Afrika beteken dat hierdie beginsel nie toegepas word nie. Dit beteken dat daar ’n sisteem in werking is wat mense uitsluit om ook te kan werk en geld te verdien. Die wêreldekonomie werk nie vir almal nie, omdat rykdom deur die markgerigte ekonomie nie gedeel word nie (Beukes 1999:355).

Dit is vanuit hierdie bespreking is dit duidelik dat die kerk in ons land voor ontsettende groot uitdagings staan. Ongeag watter party regeer sal die kerk die regering se beleid onder die soeklig van die evangelie moet plaas. Indien die kerk sou nalaat om dit te doen, sou sy haar **profetiese rol** verwaarloos. Profesie is ’n woord van liefde en regverdigheid met die oog op verandering en transformasie. Profesie het die volgende dimensies:

- Om te sien met die visie van die Gees van God;
- om die stem van die arme, die verdrukte en die noodlydende te hoor;
- om te spreek in die krag van die Gees en die stem te wees van die stemlose;
- om met moed en deursettingsvermoë op te tree. As ’n profetiese gemeenskap moet die kerk opstaan vir menslike waardigheid in elke situasie waar dit bedreig word. Die grootskaalse armoede en sosiale ongelykheid in Suid-Afrika en ander wêrelddele behoort dus deur die kerk as profetiese gemeenskap ter harte geneem te word (Rakoczy 2005: 52-53).

3.5 Kritiek op die kerk se betrokkenheid in die openbare lewe

Alhoewel daar in Suid-Afrika baie **mense met die Christelike geloof** identifiseer is dit **geen waarborg vir ’n regverdige samelewing nie**. Een rede hiervoor mag wees dat mense wel reddende geloof beleef, maar nie die

verreikende sosiale implikasies daarvan verstaan of gehoorsaam nie. Die probleme in die samelewing is so kompleks dat instellings soos kerke net eenvoudig nie weet hoe om daarby betrokke te raak en dit aan te pak nie. Onregverdige sosiale strukture benodig meer as net ’n paar veranderde individue, konkrete en volgehoue aksie in die politieke en sosiale lewe is nodig.

’n Volgende probleem waarmee die kerk dikwels worstel, is dié van **’n onbybelse onderskeiding tussen “sekulêr” en wat is “heilig”**. In die lig hiervan het evangelisasie dikwels prioriteit geniet bo sosiale aksie. So ’n verstaan van kerkwees impliseer dat om tydelike behoeftes te verlig almal se taak is maar dat net die kerk (Christene) evangelisasiewerk kan doen. Hierdie dualistiese siening van die evangelie deur die kerk word deur Nürnberger (1999:373) bevestig as een van die vernaamste redes waarom kerke nie by sosiale aksie betrokke is nie. Hierdie dualisme is nie net bepalend vir kerke se betrokkenheid of onbetrokkenheid nie, maar ook vir kerke se toekomstige betrokkenheid al dan nie (Bowers & August 2004:418).

Dit is juis ook teen so ’n eensydige verstaan en uitleef van kerkwees waarteen die Kairos dokument (1985) hom uitgespreek het. Volgens dié dokument is die fundamentele probleem vir die tekortkominge in die kerklike teologie juis die kerk se **onbetrokkenheid by politieke aangeleenthede**. Om onregverdige strukture in die samelewing te verander is ook ’n politieke aangeleentheid. Die antwoord op die vraag waarom die kerk destyds tydens die apartheidsbewind so passief was, is te vinde in die tipe geloof en spiritualiteit wat die kerklike lewe in daardie tyd gedomineer het. Politieke aangeleenthede is gesien as wêreldsdinge wat nie veel te make het met die “geestelike” sake van die kerk nie.

“*It is precisely this kind of spirituality that when faced with the present crisis in South Africa, leaves so many Christians and Church leaders in a state of near paralysis*” (Kairos-dokument: 12)

Met so ’n siening van die werklikheid is dit onmoontlik om die lewe holisties te sien en te benader. Die evangelie het egter ’n sosiale dimensie en daarom is

sosiale aksie nie ’n addendum tot die agenda van die evangelie nie, maar intrinsiek deel daarvan. Om die evangelie te preek is nie net ’n verbale oefening nie, maar behels daadwerklike betrokkenheid in die lewe van mense. Wanneer Jesus sy bediening aankondig, stel Hy dit onomwonde in sosiale terme:” Die gees van die Here is op My omdat Hy my gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig” (Lukas 4:18-19). In evangelisasie is dit nie voldoende om net van Jesus te praat nie, die volle daadkrag en draagwydte van sy bediening moet deur die kerk uitgeleef word. Waartoe die kerk geroep word is dus nie net ’n verkondiging van God se dade nie, maar ook ’n aktiewe deelname daarin. Die evangelie het ’n konteks nodig waarbinne die dinge wat ons van God verkondig konkrete werklikheid kan word. Dit is juis omdat die kerk in ’n groot mate van die wêreld onttrek het dat die evangelie nou die konkrete konteks ontbeer (Maggay 1994: 16-21).

Naas Swart (2004:329) pleit vir ’n **verandering in kerklike betrokkenheid** by sosiale ontwikkeling in ons land. Na sy mening is ’n dringende verandering nodig in die maniere waarop die kerk tot dusver by sosiale en ekonomiese probleme in Suid-Afrika betrokke was. Hy baseer sy oproep tot vernuwing op die volgende argumente:

- Kerke is **vasgevang in ’n paradigma van liefdadigheidwerk (charity).** Dit is wat die kerk die beste doen en voortgaan om te doen. Die wyse van betrokkenheid by sosiale ontwikkeling is egter na sy mening glad nie genoegsaam om sosiale probleme soos armoede effektief te hanteer nie. Liefdadigheid is uiteraard nie oorbodig nie, maar daarbenewens is nuwe innoverende maniere vir betrokkenheid by ontwikkeling nodig.

- Die kerk kan **nie net op die Bybel steun in ons soeke na antwoorde op probleme nie**. Ahoewel die Bybel duidelike riglyne gee met

> betrekking tot die politieke, sosiale en ekonomiese lewe, bied dit nie direkte antwoorde op komplekse probleme soos armoede nie. Hy stel voor dat idees en deskundiges buite die Christelike teologie in die hantering van sosiale probleme betrek moet word. Sodoende kan die Christelike teologie verryk word. Dit beteken dat Christene minder skepties moet wees teenoor die sekulêre sfeer ten einde die rykdom en toewyding wat daar te vinde is te, ontdek.

Alhoewel daar na aanleiding van die ekumeniesie ontwikkelingsdebat, ontwikkeling was ten opsigte van hoe die kerklike sektor oor ontwikkeling dink verwys Swart (2004:66) na die pragmatiese debat waarin daar pertinent gevra word of dié ontwikkeling enigsins bygedra het tot ‘n ander manier van sosiale betrokkenheid deur kerke, wat meer as liefdadigheid behels.

Volgens Bernard Lategan (1995:118) **lewer teologie nie ’n substansiële bydrae in die publieke sfeer nie.** David Tracey, ’n Amerikaanse teoloog onderskei tussen drie verskillende publieke van teologie, naamlik die akademie, die kerk, en die burgerlike samelewing. Teologie blyk nie die vermoë te hê om betekenisvol en effektief aan die publieke lewe deel te neem nie. Teologie aan die Universiteit is meer op die kognitiewe gefokus, terwyl teologie in die kerk weer ’n ander vorm van praat en teologiebeoefening vereis. Die deelname aan die derde publiek, naamlik die burgerlike samelewing, is egter die uitdaging aan die teologie. Suksesvolle betrokkenheid in enige publiek hang ten nouste saam met effektiewe kommunikasie, asook met die inagneming van die hoorders. Teologie is dikwels te veroordelend en eksklusief in sy benadering.

Die kerk het in die verlede soms op ’n baie effektiewe manier deur middel van **leierskap ’n bemiddelende rol gespeel** in die stryd teen apartheid. Dit slaag egter nie tans daarin om dieselfde te doen insake dringende soisale kwessies soos armoede nie. Waar die kerk die institusionele invloed ontbeer om sy regmatige plek in die samelewing te kan inneem, ontbreek ook die geloofwaardigheid en vermoë om effektief as bemiddelende instelling te funksioneer. In soverre die kerk nie daarin slaag om betekenis vir individue te

bied nie sal dit nie in staat wees om sy teologiese en sosiologiese funksie te vervul nie. De kerk sal dus ook nie in staat wees om ’n effektiewe rol in die pynlike proses van sosiale transformasie te speel nie (Koegelenberg 1992:82).

3.6 Voorstelle oor hoe die kerk in die burgerlike samelewing betrokke kan raak in die hantering van sosiale uitdagings.

Betrokkenheid by die aanpak van werkloosheid daag ongetwyfeld die kerk se vermoë uit om in die derde publiek daadwerklik te kan optree. Soos reeds genoem is die betrokkenheid van die kerk in die publieke lewe en die sosiale uitdagings van die dag geen nuwe onderwerp nie. Ten spyte daarvan word daar steeds baie gepraat en geskryf oor hoe die kerk sy bydrae tot die heling en opbou van ons land kan verskerp of aanpas of selfs verander ten einde by die werklike behoeftes uit te kom.

Een van die redes hiervoor is die feit dat die kerk in sy vele gestaltes oor soveel bates en bronne beskik wat dit uiters geskik maak om in die samelewing ’n werklike verskil te kan maak. Volgens statistieke het **79, 8%** van die Suid-Afrikaanse bevolking aangetoon dat hulle hulleself met die **Christelike geloof identifiseer** (Hendriks 2003:6). Ten spyte van foute wat in die verlede deur die kerk begaan is het die kerk in die lig van dié statistieke beslis nog baie geloofwaardigheid by Suid-Afrikaners. Die kerk beskik dus oor **institusionele kapasiteit en geloofwaardigheid en mag** om mense tot verandering te motiveer. Die kerk as instituut is daarom van kardinale belang, aangesien daar weinig vooruitsig op sosio-ekonomiese ontwikkeling en geregtigheid is sonder sterk instelllings soos die kerk.

Plaaslike gemeentes moet bemagtig en gemobiliseer moet word om ontwikkeling in gemeenskappe teweeg te bring omdat dit baie groter effek gaan hê as wanneer dit deur organisasies buite die gemeenskap gedoen word. Kerke is waardegebaseerde organisasies met ’n goeie infrastruktuur, wat in kontak met die gemeenskap is en ’n invloed op mense het Dit is bates wat die kerk meer effektief in die land kan aanwend. Dit lyk egter soms of die

kerk nie besef dat dit so baie het om te bied nie - wat tot onderbenutting van die bronne en bates lei.

Teologiebeoefening is inherent deel van die Christelike kerk. Die manier hoe teologie beoefen word, word ongetwyfeld deur sosiale krisisse soos armoede uitgedaag. Die vraag hoe kan teologie op armoede kan reageer word al dringender? Wat is teologie by magte om te doen? (Smith 2004:181). In ’n artikel *Taking theThird Public seriously (*1995:227) stel Bernard Lategan ’n **interaktiewe, konstruktiewe diskoers** voor waarbinne teologie beoefen moet word ten einde meer effektief in die derde publiek deel te neem. So ’n diskoers kan slaag indien dit oor die volgende kenmerke beskik:

- Nievoorskrywend: Teologie en teoloë is geneig om veroordelend te wees in hul benadering. Die gesindheid moet liewer wees dié van saam soek en saam ontdek met ander partye van ander disiplines wat toegelaat word om in hulle taal op hulle en voorwaardes aan die proses deel te neem;

- inklusief: Dit moet oopstaan vir die vloei van idees, ’n oop proses waarin alle moontlikhede ondersoek word;

- interaktief en deelnemend: Teologie moet in die proses nie ’n bevoorregte posisie inneem nie, maar moet kwesbaar wees en bereid om uitgedaag te word.

- hermeneuties: Dit is noodsaaklik vir deelname in ’n pluralistiese omgewing. Dit verwys na die vermoë om te beweeg tussen die verskillende diskoerse en om aangeleenthede te interpreteer binne verskillende kontekste;

- laastens moet die diskoers op ’n dienende manier beoefen word.

Nürnberger (1992:137) is ook van mening dat teologie **sy paradigma moet verander** van filosofie na sosiale wetenskappe. Hy stel ook die volgende uitdagings aan die kerk ten einde ’n verskil te maak veral op ekonomiese gebied, naamlik om te waag om prakties, sekulêr en onpopulêr te wees, sy profetiese bediening ernstig op te neem; selfversekerd te wees oor sy oortuigings; situasies deeglik te analiseer, bereid te wees om almal te betrek; en sy beperkinge as instelling te ken.

Soos aan die begin van die hoofstuk vermeld is bestaan die behoefte by gemeentes om hulleself te herposisioneer ten opsigte van hul rol in ’n demokratiese land met nuwe uitdagings. Die probleem van werkloosheid word dikwels in kerke bespreek, maar werklike konstruktiewe voorstelle hoe om dit aan te pak ontbreek. Gemeentes argumenteer soms dat hulle nie oor die politieke en ekonomiese mag of die nodige kennis en kundigheid beskik om die probleem doletreffend te hanteer. Die kerk se sterkte lê op grondvlak by sy lidmate, en hierdie potensiaal moet meer effektief aangewend word (Kilian 1993: 21-22).

Die **proses van etiese oordeelvorming** soos deur die bekende Duitse etikus Heinz Eduard Tödt uiteengesit, (in Smit, 2004:182) kan ’n belangrike wyse wees waarop die kerk by armoede en werkloosheid betrokke kan raak. Hy onderskei ses aspekte in die proses:

1. Die waarneming, aanvaarding en bepaling van die betrokke probleem as ’n sedelike probleem;
2. analise van die situasie;
3. vasstelling van moontlike optrede as reaksie op die probleem;
4. die uitkies en beoordeling van norme, goedere en perspektiewe, wat kan help om die keuse tussen die moontlike vorme van optrede te maak;
5. die toetsing van dié keuse deur kommunikasie met ander morele agente;
6. die etiese beslissing self as ’n integrale daad en die daadwerklike beoefening daarvan.

Die proses kan aan gemeentelede verduidelik en as riglyn benut word in die hantering van sosiale kwessies soos werkloosheid. Gemeentes is dikwels nie aktief by sosiale kwessies betrokke nie, omdat hulle eenvoudig nie weet hoe om daarby betrokke te raak nie en dikwels ook nie die probleme as etiese probleme eien nie. Die benutting van die ses aspekte van etiese oordeelvorming kan ook interdissiplinêre samewerking tussen die teologie en ander dissiplines bevorder , terwyl dit ook in die geheel gesien, die interaktiewe konstruktiewe diskoers in teologie soos deur Lategan (1995:227) voorgestel, kan dien.

Coenie Burger (1999:9) beklemtoon tereg dat die kerk sy bestaan in gemeentes het. Daarom is dit nodig dat die kerk veral in haar gestalte as plaaslike gemeentes **haar bestaande tradisonele rol sal analiseer**, en die vraag sal stel na die rol van die kerk in die publieke arena? August (2004:5-7) maak die volgende voorstelle aan veral die plaaslike gemeente in die publieke arena ’n verskil te maak:

- om te leer om in die publiek op te tree;
- om lidmate in te lig aangaande die oorsake van menslike nood soos armoede;
- om lidmate op te lei om demokraties te dink en op tree;
- om mense te help om verantwoordelikheid te neem vir die toekoms.

Swart (2004:332) is van mening dat die kerk dikwels te haastig is om prakties te raak en daarom nie krities na haarself kyk nie. Hy is dus ook ten gunste van **’n proses van introspeksie** deur kerke waarin veral die volgende dimensies in ag geneem moet word:

- <u>Die teologie wat beoefen word</u>: Ons moet onsself afvra watter tipe teologie ons aksies rig? Is dit ’n teologie wat kerke gaan help om uit te styg bo die liefdadigheidsdenke rondom ontwikkeling of is dit ’n teologie wat net op die geestelike fokus met weinig relevansie vir die groter sosiale werklikheid?

- Siening van die werklikheid: Kan ons onsself ’n ander wêreld voorstel wat anders en met ander instellings regeer word? Kan ons die moontlikheid oorweeg dat die huidige markgerigte ekonomie nie ’n Godgegewe werklikheid is nie, maar slegs deur mense geskep is?

- Waardesisteem: In die proses moet die waardes van Christene nie as vanselfsprekend aanvaar word nie, maar daar moet gevra word wat die waardestelsel is wat kerke uitleef.

Dit is opmerklik dat die oproep aan kerke tot introspeksie van verskeie kante af klink (bv. Swart 2004:334), (De Gruchy (2003:22-25) en August (2004:4).

Swart (2004:334-335) stel ook ’n ***double movement*** *voor*, met ander woorde, daar moet uitreik wees na die minderbevoorregte, maar terselfdertyd moet daar ’n beweging vanaf die minderbevooregte na die bevoorregte wees. Ook die wêreld en lewens van die rykes moet deur ontwikkeling verander word. Hierdie argumente is gebaseer op die werk van Charles Elliot (1987) in sy boek *Comfortable Compassion? Poverty, Power, and the Church.*

Volgens Nico Koopman (2004:428-433) is een van die maniere hoe die kerk met betrekking tot die makro-ekonomiese beleid in Suid-Afrika haar profetiese rol kan vervul, die benutting van **die profetiese diskoers** soos deur Gustafson (1988) uiteengesit. Soos Koopman tereg opmerk, is geen langtermynoplossings ten opsigte van armoede moontlik as die stem van die arme nie gehoor word in beleidmaking wat hul behoeftes moet dien nie. Die profetiese diskoers het twee dimensies, naamlik:

1. Die formulering van ’n visie van die goeie lewe - die lewe wat mense moet nastreef;
2. die taak van ontmaskering en konfrontering waarin die boosheid ontmasker en gekonfronteer moet word.

Toegepas op armoede beteken dit dat die oorsake van armoede in duidelike taal beskryf en gekonfronteer moet word. Die Kairos -dokument wat in 1985 geformuleer is, is ‘n voorbeeld van ’n profetiese diskoers. In hierdie dokument word beide die staats-en die kerkteologie uitgedaag en gekonfronteer oor die apartheidsbeleid en die effek daarvan op Suid-Afrika. Die kerk word uitgedaag om’n meer kontekstuele teologie te beoefen wat op ’n analise van die werklikheid gegrond is. Teologisering vanuit die perspektief en belewenis van die onderdrukte word is volgens dié dokument nodig.

’n Tweede manier wat benut moet word, is die **narratiewe diskoers**. Hierdie diskoers fokus op mense, hul identiteit, die gemeenskappe waaraan hul behoort, hul verhale en die belangrike rolspelers en rolmodelle wat hulle inspireer. Vrae wat die kerk behooort te vra is: Is ons mense wat toelaat dat sommige oorvloed het, terwyl ander niks of te min het om van te leef? Leef ons in isolasie of word ons beleef as mense wat in solidariteit met die verdruktes leef? Wat sê die Bybel oor hoe ons armoede moet aanspreek? Stories wat die hopeloosheid en magteloosheid van armoede uitbeeld is nodig, sowel as stories van hoop en sukses in die hantering van armoede. Stories kan nuwe perspektiewe rondom armoede oopsluit wat nie noodwendig deur statistieke en tegniese analises bewerkstellig kan word nie.

’n Derde manier is die **tegniese diskoers.** In hierdie diskoers word ’n wetenskaplike analise van die situasie gemaak. Met betrekking tot armoede word daar ’n nugter analise gemaak van die oorsake daarvan, asook hoe die probleem aangepak kan word. Die voor – en nadele van die makro-ekonomiese beleid wat tans gevolg word, kan in die diskoers wetenskaplik ondersoek word.

‘n Laaste manier is die **beleidmakingdiskoers** waar daar in gesprek getree word met besluitnemende/beleidmakende instellings soos die regering ten einde beleidmaking te beïnvloed. In die lig van die etiese uitdagings wat die huidige ekonomiese stelsel aan geloofsgebaseerde organisasies stel, is die profetiese diskoers ’n noodsaaklike diskoers vir die kerk om te volg ten einde getrou te bly aan wie sy is en waaraan sy glo Koopman (2005:428-433).

Veral in die lig van die kritiek deur Charles Elliot (1987) in sy klassieke werk oor die kerk en ontwikkeling is die profetiese diskoers juis ’n manier om weg te breek uit die kerk se tradisionele rol van betrokkenheid by ontwikkeling. Volgens Elliot (1987:13-15) is veral Christelike denke oor armoede, ongeregtigheid en verdrukking nie suksesvol wanneer dit kom by idees en aksies wat verder strek as onmiddellike sorg nie. Christene word maklik daarvan oortuig dat die evangelie in ’n noodgeval aksie vereis, maar van konstante toewyding aan armoede en die verdrukte word ons nie so maklik oortuig nie. In die kerk se respons op armoede in ’n tyd van oorvloed, het daar stagnering plaasgevind in die kerk se verstaan van die probleem (armoede) en haar respons daarop.

3.7 Slot

Na ’n oorsig van die sosiale uitdagings aan die kerk vandag, die kritiek, veral van akademiese kant, op die tradisionele kerklike betrokkenheid in die burgerlike samelewing, en die voorstelle oor konstruktiewe kerklike betrokkenheid, ontstaan die vraag by die navorser wat op grondvlak verstaan en uitgeleef rakende kerklike betrokkenheid in die derde publiek? Hoe verstaan lidmate in plaaslike gemeentes, hul rol ten opsigte van publieke aangeleenthede soos werkloosheid: En wat word konkreet deur gemeentes gedoen vanuit hul verstaan van die kerk se rol ten opsigte van werkloosheid?

Die volgende stelling deur Elliot (1987:30) aangaande die kerk en ontwikkeling gee duidelik uitdrukking aan die vermoede van die navorser - wat aanleiding tot die ondersoek gegee het: “… *a gap exists between the rhetoric of the Church’s thinking bodies and the actions of the Church’s action bodies”.* Uit die literatuurstudie blyk dat by sowel akademici as die burgerlike samelewing die verwagting bestaan vir aktiewe betrokkenheid van geloofsgebaseerde organisasies soos kerke by sosiale uitdagings. Kerklike betrokkenheid by die ’n sosiale uitdaging soos werkloosheid blyk egter nie enigsins effektief of voldoende te wees nie, soos ook bevestig deur die sekondêre data in die studie aangehaal. In die lig hiervan onstaan onder

andere die volgende verdere vrae by die navorser: Is daar genoegsame gesprek tussen die drie publieke naamlik akademie, kerk en burgerlike samelewing om te verseker dat wat op grondvlak (in gemeentes) gebeur ooreenstem met wat in die onderskeie publieke geformuleer en voorgestel word? Dit is op hierdie vrae waarop daar vervolgens in hierdie ondersoek gefokus gaan word.

Die navorser is van mening dat die gaping tussen dit wat aan die kerk (tweede publiek) deur die akademie (eerste publiek) voorgestel word en dit wat regtig deur gemeentes gedoen word, ondersoek behoort te word. Die redes vir so ‘n ondersoek asook die keuse van ’n navorsingsparadigma wat die navorsingsvraag die beste sal beantwoord, gaan in die volgende hoofstuk aandag geniet.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSMETODOLOGIE

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die navorsingsmetodologie wat in die studie gebruik gaan word verduidelik. Eerstens word die navorsingsvraag aan die orde gestel, waarna ‘n bespreking van die navorsingsparadigma, navorsingsontwerp en data-insamelingstegnieke volg.

Aan die hand van die literatuuroorsig in Hoofstukke 2 en 3 is die realiteit van werkloosheid in Suid-Afrika beklemtoon en bespreek, asook die meegaande uitdagings wat dit aan die kerk as geloofsgebaseerde organisasie stel. Kritiek is gelewer en voorstelle gemaak oor daadwerklike kerklike betrokkenheid by sosiale kwessies soos werkloosheid. Dit het geblyk dat kritiek en voorstelle rakende kerklike betrokkenheid by die derde publiek, naamlik die burgerlike samelewing, dikwels vanuit die tweede publiek (die akademie) en die derde publiek (burgerlike samelewing) selfkom.

Die gaping is egter geïdentifiseer, naamlik dat die kriitiek en voorstelle vanuit hierdie publieke (akademie en burgerlike samelewing) nie noodwendig die eerste publiek, naamlik die kerk, bereik of in die kerk geïmplementeer word nie. Gevolglik korrelleer dit wat op grondvlak in kerke verstaan en gedoen word ten opsigte van sosiale kwessies soos werkloosheid nie noodwendig met wat van die kant van die akademie en die burgerlike samelewing geopper en voorgestel word nie. Die hooffokus van hierdie studie, naamlik wat in die kerk verstaan en gedoen word ten opsigte van werkloosheid moet egter in ’n navorsingsvraag omskep word ten einde op ’n wetenskaplike wyse inligting oor die onderwerp in te samel en te analiseer. Vervolgens word dus die navorsingsvraag verduidelik asook die navorsingsmetodologie wat in die studie gevolg gaan word.

4.2 Die navorsingsvraag

Die navorsingsonderwerp moet in ‘n navorsingsvraag omskep word. Die doel van ‘n navorsingsvraag is om die aard en omvang van die navorsing te definieer. Die navorsingsvraag moet duidelik en spesifiek wees en die inligting voorsien wat vir die studie benodig word. ‘n Belangrike kenmerk van die navorsingsondersoek waarmee die navorsingsvraag ten nouste verband hou, is die uitvoerbaarheid daarvan. Met uitvoerbaarheid word na die volgende verwys: omvang van die studie; tyd benodig vir die uitvoering daarvan; koste; etiese implikasies en die samewerking wat tydens die ondersoek van ander dissiplines, instansies en deskundiges benodig word (Ruben & Babbie 2005:117). Die belangrikste beginsel in die bepaling van ‘n navorsingsontwerp is om die mees gepaste prosedure te volg om met die navorsingsonderwerp te handel en wat die navorsingsvraag die beste sal beantwoord (Blaike 2001:122).

Volgens Blaike (2000:60-61) kan navorsingsvrae in drie hooftipes ingedeel word, naamlik: die *WAT-;* die *HOEKOM* - en die *HOE* vraag. Die *WAT* vraag vereis ‘n beskrywende antwoord en is gerig op die ontdekking en beskrywing van die kenmerke en patrone met betrekking tot ‘n sekere sosiale fenomeen. Die *HOEKOM* vraag stel ondersoek in na die oorsake en redes vir die bestaan van hierdie kenmerke by ‘n bepaalde verskynsel. Dit is gerig op die verstaan en verduideliking van die verhouding tussen sosiale gebeure en prosesse. Die *HOE* vraag is daarmee gemoeid om met behulp van praktiese uitkomste en intervensie verandering teweeg te bring ook in die voorbeelde van navorsingsvrae wat deur Mouton (2002:4-5) gegee word, kan hierdie drie tipes vrae naamlik die *WAT; HOE en HOEKOM* onderskei word. Vervolgens word daar gelet op die rol van die literatuuroorsig in die formulering van die navorsingsvraag.

4.2.1 Die literatuuroorsig en die navorsingsvraag

Die literatuuroorsig was van groot hulp in die formulering van die navorsingsvraag vir hierdie studie. Die algemene funksie van die

literatuurstudie binne die kwalitatiewe navorsingsparadigma en die formulering van die navorsingsvraag kan as volg saamgevat word: Die literatuuroorsig:

- demonstreer die algemene veronderstellings wat die navorsingsvraag onderlê;
- demonstreer dat die navorser goed ingelig is aangaande verwante navorsing;
- toon aan dat die navorser in die literatuur in vorige verwante navorsing leemtes geïdentifiseer het en dat hierdie eie navorsing ‘n bepaalde behoefte gaan hanteer;
- help met die verfyning en herdefiniëring van die navorsingsvraag deur die navorsingsvraag binne ’n groter empiriese tradisie te plaas (De Vos 2005:263; Mouton 2002:87).

Uit die literatuuroorsig (Hfst 2 en 3) het dit duidelik geword dat daar van die akademie en die burgerlike samelewing kritiek sowel as voorstelle kom aangaande die kerk se betrokkenheid by sosiale ontwikkeling en veral ekonomiese kwessies soos werkloosheid. Wat egter nie duidelik is nie, is wat op grondvlak deur kerkleiers en gemeentelede verstaan en gedoen, of nagelaat word om te doen die kerk se rol met betrekking tot spesifieke sosiale kwessies soos werkloosheid. Dit impliseer dat die kritiek of voorstelle deur die akademie en die burgerlike samelewing met betrekking tot die kerk se publieke rol, nie noodwendig diegene op grondvlak bereik of dat die sieninge nie noodwendig gedeel word nie. Die navorsingsvraag fokus op hierdie geïdentifiseerde leemte, naamlik; Wat word op grondvlak (in gemeentes) verstaan ten opsigte van die rol van geloofsgebaseerde organisasies, in hierdie geval kerke, in die hantering van werkloosheid.

Die tipe vraag wat gevra word, speel in die navorsing ‘n sleutelrol. Die navorsingsvraag en die doelstellings van die studie is bepalend vir die keuse van die navorsingstrategie (Myburgh & Poggenpoel 1995:5). Die navorsingsvraag in hierdie studie is geformuleer om soos volg te lui***:*** **Wat is die rol van geloofsgebaseerde organisasies in die hantering van werkloosheid?** Dié navorsingsvraag van hierdie studie val dus onder die *WAT* kategorie wat gerig is op ontdekking en beskrywing. Die faktore wat in ag geneem moet word by die keuse van ‘n navorsingsbenadering, is eerstens

die navorsingsprobleem; tweedens die persoonlike ervaringe van die navorser; en derdens die gehoor vir wie die navorsingsverslag geskryf gaan word (Creswell 2003:21-22). Dit is dus belangrik om na gelang van die navorsingsvraag die mees geskikte navorsingsbenadering te kies wat die navorsingsvraag die beste sal beantwoord asook die navorsingsdoelstellings die beste sal dien. Vervolgens dan ‘n bespreking van die navorsingsbenadering wat in hierdie ondersoek gevolg gaan word.

4.3 Navorsingsbenadering

4.3.1 Kwalitatiewe navorsing

In hierdie studie gaan daar van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak word. Kwalitatiewe navorsing poog om die menslike werklikheid te beskryf vanuit die perspektief van die sosiale akteurs self. Die primêre doel van dié benadering is om te ontdek, te beskryf en te verstaan eerder as om te verklaar. Kwalitatiewe navorsing kan onderskei word van kwantitatiewe navorsing ooreenkomstig die volgende kenmerke:

- Navorsing vind plaas in die natuurlike opset van die sosiale akteurs;
- fokus op ‘n proses eerder as ‘n uitkoms;
- die primêre doel is indiepte beskrywing en verstaan van aksie en gebeure;
- die belangrikste is om sosiale aksie te verstaan ooreenkomstig die spesifieke konteks eerder as om bevindinge te veralgemeen na ’n teoretiese populasie;
- die navorser is die vernaamste instrument in die navorsingsproses (Babie & Mouton 2001:270; Creswell 2003:181).

In aansluiting by die bostaande kenmerke bied Blaike (2000:251-253) die volgende beskrywing van dié kwalitatiewe navorsingsbenadering:

- Gebruik van die sosiale akteurs se siening:

Die vernaamste kenmerk is die toewyding om die sosiale wêreld te sien vanuit die perspektief van diegene wat bestudeer word. Om aan hierdie vereiste uitvoering te gee is dit nodig om die taal van die deelnemers, veral met betrekking tot die verskynsel wat ondersoek word, te verstaan.

- Deeglike beskrywing van die sosiale konteks:

  ‘n Deeglike beskrywing van die sosiale konteks waarin die ondersoek gedoen word, is nodig. ‘n Beskrywing van die sosiale konteks bied genoegsame agtergrond waarbinne die sosiale aksie wat ondersoek word, verstaan kan word.

- Fokus op sosiale prosesse:

  Die kwalitatiewe navorser sien gewoonlik die sosiale werêld as prosesmatig eerder as staties.Die fokus is op die dinamika van sosiale verhoudings tussen die sosiale akteurs eerder as die karaktertrekke van die individue en die verhoudings tussen abstrakte konsepte.

- Aanneem van ‘n aanpasbare benadering:

  Navorsers behoort met openheid na die sosiale wêreld te gaan en nie toe te laat dat vooroordele oor dit wat in die sosiale wêreld waargeneem word die proses beïnvloed nie. Gewoonlik het kwalitatiewe navorsers ‘n baie beperkte idee van waar om te begin en wat die uiteinde sal wees. Navorsers wat in hierdie paradigma werk, sien gewoonlik navorsing as ‘n leerproses waarin hulle self die belangrikste meetinstrument is. Kwalitatiewe navorsing is dus onvoorspelbaar en vereis navorsers wat bereid is om binne die kompleksiteit en onbeheerbaarheid van diè benadering te werk (Blaike 2001:243; & Henning 2005:3).

Vanuit hierdie beskrywing van die kwalitatiewe navorsingsbenadering blyk die prosedures wat in kwalitatiewe navorsing gebruik word meer oop en aanpasbaar te wees. Anders as met kwantitatiewe navorsing beklemtoon kwalitatiewe navorsing die sosiale konstrukturering van die realiteit en fokus op die prosesse en betekenis wat nie gemeet kan word volgens kwantiteit en intensiteit nie. Hierteenoor beklemtoon kwantitatiewe navorsing die meting en analisering van veranderlikes in verhoudings, nie prosesse nie (Denzin & Lincoln 2003:13).

Die kwalitatiewe navorsingsbenadering sal die navorsingsvraag van hierdie studie die beste beantwoord omdat daar in die navorsingsbenadering gefokus word op die beskrywing van mense se intensies, geloof en waardes (Henning 2005:20). In die beantwoording van die navorsingsvraag naamlik: Wat is die rol van geloofsgebaseerde organisasies in die hantering van werkloosheid? sal mense se mening onder andere gegrond wees op hulle verstaan van God en die rol van die kerk, hul waardes en hoe hulle hul rol as gelowiges in die wêreld sien. Die fokus van die navorsingsvraag in hierdie studie is om vas te stel wat leiers van geloofsgebaseerde organisasies verstaan aangaande die rol van die kerk ten opsigte van werkloosheid in hul spesifieke omgewing. Die doel van die studie is dus om kerkleiers se verstaan oor die rol van die kerk ten opsigte van werkloosheid in ‘n spesifieke area te beskryf. Die kwalitatiewe navorsingsparadigma leen hom die beste tot hierdie beskrywende tipe navorsing.

4.4 Die navorsingsontwerp

‘n Navorsingsontwerp is ‘n refleksie op die metodologiese vereistes vir die navorsingsvraag en daarom ook ‘n refleksie op die tipe data wat versamel en hoe dit geprosesseer gaan word (Henning 2005:36). Die vernaamste navorsingsontwerpe in die kwalitatiewe navorsingsparadigma is basiese interpreteerbare (basic interpretive) kwalitatiewe studies, gevallestudies, etnografiese studies, etno-metodologiese studies, fenomonologiese studies, narratiewe analise, gegronde teorie, kwalitatiewe evaluerings en aksie-navorsing (Henning 2005:41-44; Merriam 2002:8-10; Leedy & Ormrod

2005:139). Die keuse van die navoringsontwerp word ook bepaal deur die navorsingsvraag en die doelstellings van die studie. Die navorser moet dus ’n navorsingsontwerp kies wat die navorsingsdoelstellings die beste sal dien asook die navorsingsvraag die beste sal beantwoord.

Ten einde die toepaslikheid van die navorsingsontwerp ten opsigte van die navorsingsdoelstellings van die studie te motiveer word die doelstellings van die studie kortliks gestel, naamlik:

- Ontwikkeling van kennis en begrip vir die verskynsel van werkloosheid en veral die uitwerking van werkloosheid op individue, gesinne en die gemeenskap;

- die ontwikkeling en uitbreiding van bestaande netwerke tussen geloofsgebaseerde organisasies wat effektiewe samewerking en koördinering van projekte met betrekking tot werkloosheid kan bevorder;

- die ontwikkeling van ’n nuwe of ’n verbeterde praxis aangaande die rol van geloofsgebaseerde organisasies in die hantering van werkloosheid in die Paarl- Wellington-omgewing.

In die lig van die navorsingsvraag en doelstellings van die studie kies die navorser, die basiese interpreteerbare/beskrywende kwalitatiewe navosing, *(basic interpretive)* as navorsingsontwerp binne die kwalitatiewe navorsingsbenadering. Hierdie navorsingsontwerp word benut deur navorsers wat daarin belangstel om te verstaan hoe deelnemers sin maak uit ‘n situasie of verskynsel, en oor die betekenis word besin deur die navorser as instrument. Die strategie is induktief en die uitkoms is beskrywend. In die uitvoer van basiese interpreterende kwalitatiewe navorsing wil die navorser ‘n sekere verskynsel of proses ontdek en beskryf, of die perspektiewe of sieninge van mense wat in die proses of verskynsel betrokke is ontdek en beskryf. Data word versamel by wyse van onderhoude, observasie en dokumentêre analise. ‘n Ryk beskrywing van

die bevindinge word aangebied en bespreek deur gebruik te maak van die literatuuroorsig wat die raamwerk vir die studie voorsien het (Merriam 2002:6).

Deur die navorsingsvraag word ondersoek ingestel na die rol van geloofsgebaseerde organisasies in die hantering van werkloosheid. In die beantwoording van die navorsingsvraag gaan die perspektiewe van deelnemers aangaande die verskynsel van werkloosheid en die proses hoe om dit te hanteer, ontdek en beskryf word. Die navorsingsvraag sal die beste beantwoord en die navorsingsdoelstellings die beste bereik word deur die basiese interpreteerbare/beskrywende kwalitatiewe navorsing, aangesien die navorsingsontwerp gerig is op ’n ryk beskrywing van perspektiewe of sieninge van mense oor ‘n spesifieke verskynsel.

Op grond van die navorsingsvraag en die daaruit voortvloeiende navorsingsdoelstellings kan die doel van die navorsing as ’n geheel ook geïdentifiseer word. Die algemene doel van navorsing word kortliks bespreek aan die hand waarvan die spesifieke doel van hierdie studie aangetoon word.

4.4.1 Doel van die navorsing

Sosiale navorsing kan vir verskeie doeleindes aangewend word, maar die belangrikste doel van navorsing is om te ontdek, te beskryf, te verduidelik en te evalueer (Ruben & Babbie 2005:125; Bless, Higson-Smith & Kagee 2006:43). Die doel van hierdie studie is om te beskryf. Alhoewel beskrywende navorsing ook in kwantitiewe navorsing gebruik kan word, is die kwalitateiwe navorsingsbenadering uiters geskik vir die beskrywende doel van navorsing Die tipe vraag van die studie korrelleer met die doel van die navorsing. Die *WAT* vraag in hierdie studie vereis ‘n beskrywende antwoord en is gerig op die ontdekking en beskrywing van die kenmerke en patrone met betrekking tot ‘n bepaalde sosiale fenomeen. In kwalitatiewe navorsing verwys beskrywing na ‘n in-diepte beskrywing en bestudering van die fenomeen en die dieper betekenis daarvan.

In die beplanning van ‘n navorsingsondersoek is dit noodsaaklik om die toepassing/implementering van die volgende konsepte, naamlik geldigheid, betroubaarheid en die veralgemeenbaarheid in die navorsingsontwerp in te bou. Hierdie begrippe word kortliks verduidelik, asook hoe dit in hierdie navorsing toegepas gaan word.

4.4.2 Geldigheid

Geldigheid vra die vraag of jy dit meet wat jy veronderstel is om te meet. Meer in kwalitatiewe terme gestel beteken dit dat jy jouself afvra of jy ondersoek wat jy veronderstel is om te ondersoek. Die ondersoekresultate moet met die realiteit ooreenstem **(**Henning 2005:146; Mouton 2001:122; Rubin & Babbie 2005:186). Geldigheid in ‘n ondersoek impliseer dat die navorser voortdurend navorsingsbevindinge kontroleer, bevraagteken en teoreties interpreteer. Deur hierdie proses word vooroordele uitgeskakel. Een manier om die geldigheid van die navorsingsbevindinge te toets is om die navorsingsbevindinge met die navorsingsdeelnemers te kontroleer. Nog ‘n wyse om die geldigheid van navorsingsbevindinge te toets is om aksie te neem ten einde die verlangde resultaat te verkry. In Suid-Afrika is dit juis ‘n vereiste dat navorsing op aksie gerig moet wees.

Alhoewel niemand kan waarborg dat ‘n navorsingsprojek verandering in die sosiale wêreld teweeg sal bring nie, moet voorsiening daarvoor gemaak word in die navorsingsontwerp. Pragmatiese geldigheid handel oor die bruikbaarheid van die navorsingsbevindinge. Dit verwys ook na die bemagtiging van deelnemers in hulle alledaagse bestaan. Daar moet ‘n vorm van wederkerigheid bestaan met ander woorde beide partye, naamlik die navorser en die deelnemers, moet baat vind by die ondersoek (Henning 2005:146-150). Die navorser onderneem om aan deelnemers terugvoer te gee oor die navorsingsresultate.

Deur terugvoer van die navorsingsresultate aan deelnemers:

- Gaan die geldigheid van die navorsingsresultate verhoog word;
- sal dit bewuswording van die omvang en effek van werkloosheid tot gevolg hê;
- kan die voorstelle wat uit die navorsingsresultate voortvloei as riglyne dien vir geloofsgebaseerde organisasies in die evaluering en aanpassing of verandering van hul praxis insake die hantering van werkloosheid;
- sal dit aan deelnemers die geleentheid bied om hul huidige praxis insake die hantering van werkloosheid te evalueer en dit dienooreenkomstig aan te pas of te verander.

4.4.3 Betroubaarheid

Betroubare metings is noodsaaklik in navorsing. Betroubaarheid verwys na die mate waartoe ‘n metingstegniek vir dieselfde objek telkens dieselfde resultaat sal oplewer (Babbie & Mouton 2001:119; Ruben & Babie 2005:182). Betroubaarheid kan in die studie ingebou word deur anomiteit te verseker en goeie verhoudings te bou. Volgens Ruben en Babbie (2005:183) kan die betroubaarheid van die metingsinstrument, in die geval onderhoude, verseker word deur aan mense vrae te stel wat hulle sal kan beantwoord. Die voortoetsing van die vraelys sal ook die betroubaarheid van die ondersoek verhoog.

4.4.4 Veralgemening

Die begrip verwys na die behoefte onder kwalitatiewe navorsers om die navorsingsresultate van toepasssing te maak op die populasie groter as dié in die navorsing. Ongeag hoe groot die populasie, kan dit egter net gedoen word indien dit deur bewyse gerugsteun word (Blaike 2001:249). Die bevindinge in hierdie navorsing gaan egter net gesien word as toepaslik vir die gekose populasie in die studie. Voorstelle wat uit die

navorsingsbevindinge voortvloei mag egter ook buite die gekose populasie van nut wees.

Alvorens data op ’n wetenskaplike wyse geanaliseer kan word, moet die data eers bekom word deur middel van data-insamelingstegnieke. Vervolgens word die belangrikste data-insamelingstegnieke binne die kwalitatiewe navorsingsbenadering kortliks bespreek. Vanuit hierdie onderskeie data-insamelingstegnieke maak die navorser ’n keuse vir ’n spesifieke data-insamelingstegniek wat die navorsingsvraag en doelstellings van hierdie studie die beste sal dien.

4.5 Dataversamelingstegnieke

Data-insameling word voorgestel as ’n reeks interafhanklike aktiwiteite wat daarop gerig is om omvangryke inligting in te samel ten einde die navorsingsvraag te beantwoord (Creswell 2003:110). Die vernaamste maniere vir dataversameling in die kwalitatiewe navoringsparadigma is onderhoude, observasie en dokumentêre studies (Merriam 2001:12; Henning 2005:6). Onderhoude wissel van hoogs gestruktrureerde onderhoude waar spesifieke vrae in ‘n bepaalde volgorde gevra word of semigestruktureerde onderhoude wat ‘n mengsel van minder geskruktureerde vrae insluit, tot heeltemal ongestruktureerde onderhoude.

Observasie verteenwoordig ‘n eerstehandse ontmoeting of kontak met die verskynsel of belangstelling wat ondersoek word. Dokumente kan geskrewe, mondelings of visueel wees (Merriam 2001:12-13). In die basiese interpreterende kwalitatiewe navorsingsontwerp kan data versamel word deur middel van onderhoude, observasies en dokumentêre analise. In hierdie ondersoek gaan daar van semigestruktureerde onderhoude gebruik gemaak word.

4.5.1 Onderhoude en kwalitatiewe navorsingsbenadering

Onderhoude is die mees gebruiklike vorm van data-insameling in die kwalitatiewe navorsingsparadigma. Deur middel van onderhoude word daar

geluister na mense se stories, en die vertel van stories is by uitstek ‘n proses waarin betekenis geskep word. Rubin en Rubin (in Rubin & Babbie 2005:446) bied die volgende omskrywing vankwalitatiewe onderhoudvoering: “*Qualitative interviewing design is flexible, interative, and continuous, rather than prepared in advance and locked in stone”.* ’n Kwalitatiewe onderhoud is die interaksie tussen die onderhoudvoerder en die deelnemer waarin die onderhoudvoerder ’n algemene plan van ondersoek het, maar nie ’n spesifieke stel van vrae het wat in ’n vaste volgorde gevra moet word nie.

Deur middel van onderhoude kan vrae gestel word om inligting oor die volgende sake te bekom:

- Feite (bv biografiese informasie);
- mense se geloof en perspektiewe aangaande feite;
- mense se gevoelens;
- mense se motiewe;
- hulle huidige gedrag, sowel as hulle gedrag in die verlede;
- hulle standaarde vir gedrag (bv wat mense dink in sekere situasies gedoen moet word);
- redes vir hulle aksies en gevoelens (Leedy & Ormord 2005:146).

In kwalitatiewe studies word daar hoofsaaklik van ongestruktureerde of semi-gestruktureerde onderhoude gebruik gemaak. In hierdie ondersoek gaan daar van semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoude gebruik gemaak word. Die semi-gestruktureerde onderhoud word gedefinieer as die onderhoud wat gefokus is op ‘n spesifieke area van belangstelling, maar wat ook buigsaam is in terme van omvang en diepte (De Vos 2002:298). In die vorm van onderhoudvoering stel die navorser ‘n voorafbepaalde onderhoudskedule op met vrae wat die navorsingsvraag die beste sal beantwoord.

Die rede van die keuse vir dié vorm van onderhoude is dat semi gestruktureerde onderhoude algemeen deur navorsers gebruik word om ‘n prentjie te verkry van die deelnemers se geloof oor of persepsies van ‘n spesifieke onderwerp (De Vos 2002:287). Hierdie vorm van data-insameling sal dus die navorsingsvraag die beste beantwoord en ook die navorsingsdoelstellings van die ondersoek die

beste dien. Die voorafgaande literatuuroorsig sal van groot hulp wees in die voorbereiding van die vrae wat tydens die onderhoud gestel gaan word.
Die vrae moet oop, maar tog gefokus wees, ten einde te verseker dat die onderhoud die spesifieke informasie verskaf wat vir die studie verlang word.

Die semigestruktureerde een- tot- een onderhoud kan baie tyd in beslag neem en kan ook baie intens word na gelang van die onderwerp waaroor dit handel
In die lig hiervan gaan die navorser die volgende voorbereidings tref met betrekking tot die onderhoudvoering:

- Die onderhoud gaan gevoer word waar daar genoegsame privaatheid en stilte is, asook in ’n plek waarmee deelnemer goed vertroud is, by-voorbeeld by die deelnemer se kantoor of huis;
- n kort oorsig en verduideliking van die redes vir die studie gaan aan die deelnemer gegee word voordat daar met die onderhoud begin word ;
- die gebruik van moeilike terme in die onderhoud sal vermy word, (Neuman 2003:395: Bless, C. Gugson-Smith, C. Kagee, & A.2006:126)

Om onderhoude te voer is egter nie so eenvoudig nie, en daar is verskeie aspekte waarvan die onderhoudvoerder moet kennis neem en selfs vaardighede waaroor hy/sy moet beskik (De Vos 2005:28). Die volgende tegnieke en wenke sal deur die navorser tydens onderhoudvoering benut word:

- Die deelnemer sal 90% van die tyd praat;
- kort en duidelike vrae sal gestel word;
- slegs een vraag sal per geleentheid gestel word;
- oop vrae sal gevra word;
- sensitiewe vrae sal vermy word;
- vrae wat op gedrag/ervaring fokus, sal gestel word voor vrae wat op opinies en gevoelens fokus;
- ‘n algemene vraag sal veral aan die begin en die einde van die onderhoud gevra word;
- leidende vrae sal vermy word;
- sleutelvrae sal herhaal word;
- stiltes sal toegelaat word;

- daar sal teruggekeer word na onvoltooide punte;
- die onderhoud sal binne ‘n redelike tyd afgehandel word

(De Vos 2002:293).

In die toestemmingsbriewe (sien Bylae 1) word aan die deelnemers toestemming gevra om die onderhoude op band op te neem. Die rede vir die opname van die onderhoude is sodat die navorser tydens die onderhoud onverdeelde aandag aan die deelnemer kan skenk. Die navorser gaan onmiddellik na die afloop van ‘n onderhoud notas oor die onderhoud maak. Die gesprekke op band sal ook so gou moontlik na die onderhoud getranskribeer en geanaliseer word. Om die geloofwaardigheid van die navorsing te verhoog sal die navorser ’n opsomming van die onderhoud aan die deelnemers voorsien vir goedkeuring (De Vos 2002:30)

Die volgende vrae sal deel uitmaak van die onderhoudskedule:

1. Sou u sê dat werkloosheid ‘n probleem is in u gemeenskap?

2. Wat sou u sê is die rol van geloofsgebaseerde organisasies soos kerke in die hantering van werkloosheid? (Navorsingsvraag)

3. Wat word in u kerk/gemeente gedoen om werkloosheid te hanteer?

4. Watter voorstelle sal u aan kerke maak oor hoe om by die hantering van werkloosheid betrokke te raak?

Die navorser gaan die volgende stappe volg om die data in te samel wat vir die ondersoek nodig is:

- Deelnemers identifiseer en die onderhoude reël;
- onderhoude voer en op band opneem;
- reflekteer oor die onderhoude, waarna die data geanaliseer en geïnterpreteer gaan word (Henning 2005:70).

4.5.2 Voortoetsing

In beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing is dit belangrik om ‘n voortoetsing te loods. In ‘n kwalitatiewe studie is die voortoetsing meer informeel en ‘n paar deelnemers wat min of meer aan dieselfde kriteria voldoen as die in die hoofondersoek word vir die voortoetsing gebruik. Die doel van die voortoetsing is om seker te maak dat relevante inligting van deelnemers verkry word. Onduidelikhede met betrekking tot die ondersoek kan tydens die voortoetsing uitgeklaar word. Vrae vir die onderhoudskedule kan tydens die voortoetsing getoets en veranderinge aangebring word.

Die voortoetsing kan ook bydra tot die vestiging van ‘n verhouding tussen die navorser en deelnemer en die gemeenskap (De Vos 2005:331). Die voortoetsing moet sover moontlik op dieselfde manier uitgevoer word as die hoofondersoek (De Vos 2002: 215). In lig hiervan heg die navorser groot waarde aan die voorondersoek as deel van hierdie ondersoek.

Die navorser gaan ‘n voortoetsing doen met vier deelnemers wat aan dieselfde kriteria/vereistes voldoen as deelnemers in die hoofondersoek. Die kriteria vir insluiting by die studie is die deelnemer moet:

a) ‘n Aktiewe lidmaat van die gekose denominasie in die Paarl-Wellington omgewing wees;

b) in ’n leierskapsposisie in die betrokke denominasie wees;

c) beskikbaar wees om ‘n onderhoud oor die onderwerp te kan voer.

4.5.3 Etiese oorwegings tydens empiriese ondersoek

Nadat die plan vir die onderhoudvoering opgestel is, kan die etiese uitklaring begin. Eerstens moet die deelnemer toestemming verleen tot deelname. Die deelnemers sal telefonies en deur middel van toestemmingsbriewe ingelig

word oor die navorsing waarvoor die onderhoud gebruik gaan word. Verder sal deelnemers verseker word dat hulle privaatheid gerespekteer sal word, en hulle ingelig word wat met die inligting wat deur die onderhoud verskaf word, gaan gebeur (Henning 2005:73).

Die navorser onderneem om mense van wie in die ondersoek inligting gevra word van genoegsame inligting oor die volgende te voorsien:

- Die aard en omvang van die projek;
- wat van hulle verwag word;
- hoe die navorsing hulle moontlik kan affekteer;
- hoe hul anomiteit verseker gaan word;
- vertroulikheid rondom inligting wat verskaf word;
- hul reg om op enige stadium aan die projek te onttrek (Blaikie 2001:20).

Deur middel van toestemmingsbriewe sal deelnemers versoek word om aan die navorsingsondersoek deel te neem (Bylae 1). Elke respondent sal ook die toestemmings- en vrywaringsvorm moet onderteken voordat hy/sy deel kan uitmaak van die navorsingsondersoek (Bylae 2).

Dit is egter prakties onmoontlik om met die totale bevolking (verwys na die breë groepering van bevolkings elemente oor wie daar beoog word om gevolgtrekkings te maak) onderhoude te voer. Daarom is steekproefneming so ‘n belangrike komponent in ‘n empiriese ondersoek.

4.6 Steekproefneming

Die doel van steekproefneming in sosiale navorsing is om ‘n verteenwoordigende seleksie van bevolkingselemente te maak (Mouton 2002:132; De Vos 2002:199). Die steekproef word gevorm deur die deelnemers uit die bevolking wat werklik by die empiriese studie ingesluit word. Die grootte van die steekproef word beïnvloed deur 1) die grootte van die bevolking, 2) die homogeniteit of heterogeniteit van die bevolking en 3) die graad van

betroubaarheid wat in die ondersoek verlang wod (De Vos 2002:201). Vervolgens gaan die navorser verduidelik hoe steekproefneming in hierdie studie gedoen is. Dit word algemeen aanvaar dat hoe groter die populasie, hoe kleiner die steekproef. Ten einde steekproeffoute tot die minimum te beperk moet ten minste 10% van die bevolking deel van die steekproef uitmaak (Strydom & Venter in De Vos 2002:200).

Daar is basies twee groepe steekproefprosedures, naamlik waarskynlikheid-seleksie en niewaarskynlikheidseleksie (Babbie & Mouton 2001:187). In hierdie studie gaan daar van die **niewaarskynlikheidseleksie** gebruik gemaak word. Die niewaarskynlikheidsseleksie is daardie tipe steekproefneming waarin die waarskynlikheid dat ’n lid van die bevolking in die steekproef ingesluit gaan word, nie statisties bereken kan word nie (Babbie & Mouton 2001:166).

As wyse van seleksie gaan strategiese beriggewers dien. Deelnemers word dus gekies omdat hulle strategiese posisies beklee wat hulle in staat sal stel om inligting te gee wat die mees verteenwoordigende van die bevolking sal wees (Babbie & Mouton 2001:167). Deelnemers moet gekies word wat die meeste lig sal kan werp op die onderwerp wat ondersoek word (Henning 2004:71). Kerkleiers van die onderskeie Christelike kerke in die Paarl- en Wellington- omgewing is in strategiese posisies en sal daarom‘n goeie verteenwoordiging van die bevolking bied.

4.6.1 Eenheid van ontleding

Mouton (2002:91) beklemtoon twee sleutelsake in die formulering van navorsingsprobleme: Eerstens, die spesifisering van die eenheid van ontleding (die “*wat*” van die studie); en tweedens, die verduideliking van die navorsingsoogmerk of die doel (die “*hoekom*” van die studie).

Die eenheid van ontleding verwys na die “*wat”* van jou studie: Watter objek, fenomeen, entiteit, proses, of gebeurtenis gaan ondersoek word (Babbie & Mouton 2001:84). Die eenheid van waarneming gee inligting oor die eenheid

van ontleding en kan in sommige studies dieselfde wees (Babbie & Mouton 2001:174). Die belangriktste eenhede van ontleding wat nagevors word is individue, groepe, organisasies en instellings, sosiale produkte/kulturele voorwerpe, sosiale handelinge en sosiale intervensie (Babbie & Mouton 2001:85-90).

In hierdie studie is die **bevolking** wat bestudeer word kerkleiers van die onderskeie Christelike kerke in die Wellington- en Paarl-omgewing.

4.6.2 Hoe is die eenheid van ontleding gekies?

Die steekproefraam (die lys van steekproefeenhede waaruit die seleksie gemaak word) het bestaan uit twee lyste van Christelike kerkleiers in die Paarl- en Wellington- omgewing.

Inligting oor die bevolking waaruit die eenheid van ontleding gekies kon word is, is verkry by Valcare, ‘n gemeenskapsorganisasie wat in die Drakenstein-area gevestig is en in die Wes-Kaap werksaam is. *Valcare* fokus op samewerking met organisasies wat dienste lewer in die volgende gebied: HIV/Vigs; TB; seksuele oortredings; geweldsmisdaad; middelafhanklikheid en werkloosheid.

Valcare bereik sy doelstellings onder andere deur:

a) Voorsiening van inligting deur die opbou van ‘n databasis met gegewens van ongeveer 250 organisasies en 127 Christelike gemeentes;

b) voorsiening van ‘n netwerk en die uitbrei van bestaande netwerke deur byeenkomste te reël waar mense vanuit verskillende organisasies mekaar ontmoet, fokusareas deel en nuwe netwerke gevorm word of bestaande netwerke uitgebrei word;

c) kapasiteitsbou deur opleiding.

Uit die databasis van *Valcare* kon die navorser ‘n lys verkry met die name en kontaknommers van kerkleiers van ongeveer 120 geloofsgemeenskappe in die Paarl- omgewing. Die rede vir diè keuse van die groep is omdat hierdie kerkleiers ook betrokke was in die voorafstudie deur die Eenheid vir Godsdiens- en Ontwikkelingsnavorsing (EGON) gedurende 2002 aangaande die betrokkenheid van geloofsgebaseerde organisasies by sosiale ontwikkeling in die Paarl omgewing. Die groep is dus vetroud met hierdie tipe ondersoek en die waarde daarvan.

Nog ‘n bron vir die seleksie van die bevolking vir hierdie studie was ‘n lys van kerkleiers hoofsaaklik in die Wellington omgewing. Hierdie groep staan bekend as die bedieningsforum en kom kwartaalliks by die Hugenote Kollege byeen. Die doel van die bedieningsgroep is om:

- om Gesprekvoering tussen kerke te bevorder;
- informasie uit te ruil;
- projekte saam aan te pak;
- bewus te word van mekaar se bedieningsfokusse; en
- saam te bid.

Die lys van die bedieningsgroep sluit die kontakbesonderhede van 40 kerkleiers hoofsaaklik in die Wellington- omgewing in.

Die volgende denominasies word op die twee lyste (die steekproefraam) verteenwoordig:
1) Afrikaans Protestante Kerk (APK); 2) Apostoliese Geloofsending (AGS); 3) African Methodist Epoch (AME); 4) Anglikane; 5) Baptiste; 6) Calvyns Potestante; 7) Congregational, 8) Lutherane, 9) Methodiste, 10) Nederduitse Gereformeerdes, 11) Verenigende Gereformeerdes, 12) Rooms-Katolieke; 13) Volle Evangeliese Kerk, 14) Seventh Day Adventists, 15) Nuwe Apostolies, 16) Ou Apostolies, 17) Nederduitse Hervormde Kerk, 18) Pinkster Groepe, 19) Evangelies Gereformeerde Kerk, 20) Gereformeerde Kerk.

Die eenheid van ontleding gaan uit hierdie twee lyste gekies word. Uit die 20 geÏdentifiseerde denominasies gaan met 10% van elke denominasie onderhoude gevoer word om te verseker dat steekproeffoute oorkom word (Strydom & Venter in De Vos 2002:200). Die navorser is van mening dat die gekose eenheid van ontleding ‘n werklikheidsgetroue weergawe van die antwoord op die navorsingsvraag, naamlik “Wat is die rol van die kerk in die hantering van werkloosheid? sal kan bied.

Die navorser beskik ook oor sekondêre data wat volgens haar oordeel komplementerend is tot hierdie navorsingsondersoek. Vervolgens dan ’n opsomming van dié data, asook ’n verduideliking waarom die data by hierdie studie ingesluit gaan word.

4.7 Sekondêre data

‘n Voorafstudie is deur die Eenheid van Godsdiens- Ontwikkelingsnavorsing (EGON) in die Paarl- en Wellington- omgewing gedoen wat ook gefokus het op die respons van die kerk op werkloosheid in die omgewing. Hierdie eenheid, gestig deur die Fakulteit van Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch, het verskeie projekte in gemeenskappe onderneem wat daarop gemik was om plaaslike gemeenskappe en veral geloofsgebaseerde organisasies, te bemagtig om volhoubare sosiale ontwikkeling teweeg te bring of as effektiewe vennote in die proses van sosiale ontwikkeling op te tree.

Die eenheid se werk met betrekking tot sosiale ontwikkeling en armoedeverligting in Suid-Afrika is gegrond op die volgende aanames/beginsels: Eerstens moet data oor die probleem versamel word sodat daar ‘n menslike gesig aan die probleem gegee kan word; tweedens moet netwerke opgebou word deur die motivering en bemagtiging van alle potensiële partye om die sosiale probleme aan te pak.
Uit hierdie ondersoek van die eenheid is waardevolle inligting bekom wat as sekondêre data in hierdie studie gebruik kan word.

Volgens De Vos (2005:320) moet die volgende vrae by die gebruik van

sekondêre data gestel word:

- Wat was die doel van die oorspronklike studie?
- Wie was verantwoordelik vir die insameling van die data?
- Hoe is steekproefneming gedoen?
- Hoe het die oorspronklike navorser die dataversameling hanteer?
- Is dié ondersoek tans nog revelant?

Hierdie vrae is deur die navorser gebruik om te bepaal of die sekondêre data vir diedoeleindes van hierdie studie benut kan word al dan nie. Hierdie sekondêre data wordwel by die studie ingesluit, hoofsaaklik om die volgende redes:

- Die gebiede waarin die ondersoek gedoen is ressorteer ook onder die Paarl- en Wellington- omgewing waar die navorser haar ondersoek doen;
- die inligting wat deur die ondersoek bekom is, korrespondeer met die navorsingsvraag van hierdie studie, naamlik geloofsgebaseerde organisasies se betrokkenheid by sosiale ontwikkeling met spesifieke verwysing na werkloosheid.

Op grond van bostaande redes blyk dit duidelik te wees dat die sekondêre data relevant is vir die tema van hierdie ondersoek en as komplementerende inligting benut kan word. In die voorafstudie, gedurende 2002 deur die Eenheid van Godsdiens-en Ontwikkelingsnavorsing onderneem is die waardevolle data aangaande die betrokkenheid van geloofsgebaseerde organisasies by sosiale ontwikkeling, in die Paarl-Mbekeni- omgewing reeds bekom. Dataversamelingstegnieke wat is tydens die ondersoek gebruik is,was die GSP (Global Positioning System) wat gebruik is om alle plekke van aanbieding en sosiale dienste wat deur geloofsgebaseerde organisasies in die area gelewer word vas te stel terwyl,vraelyste gebruik is om vas te stel:

- Watter dienste word deur geloofsgebaseerde organisasies gelewer?
- Hoeveel mense word deur die dienste bereik,
- Wat is die gemeenskap se persepsies oor die betrokkenheid van geloofsgebaseerde organisasies in die lewering van sosiale dienste?

- Deelnemers moes op ‘n vyfpuntskaal wat wissel van; verskil sterk, verskil, onseker,stem saam, stem beslis saam, aandui in welke mate hulle saamstem of nie saamstem nie met die volgende stellings:
    - Meer samewerking tussen kerke is nodig;
    - die kerk gee nie om vir die armes nie;
    - die kerk moet met die regering en nie-regeringsorganisasies saamwerk om probleme in die gemeenskap aan te pak.

Vraelyste is deur die leiers van die geloofsgebaseerde organisasies voltooi aangaande die gemeentes se respons op werkloosheid en binne watter netwerke en vennootskappe die organisasies opereer. Die resultate van die ondersoek kan soos volg saamgevat word:

Werkloosheid (Sensus ’96)	19.2%
Maniere van betrokkenheid	
Direkte aksie	8.6%
Berading	8.1%
Voorkomende aksie	7.9%
Maniere van ondersteuning	
Direkte aksie	7.0%
Berading	7.8%
Voorkomende aksie	7.5%
Persepsies oor maniere van betrokkenheid	
Direkte aksie	63%
Berading	68.2%
Voorkomende aksie	55.2%
Stellings aangaande die kerk	
Meer/beter samewerking	91.5%
Stem saam kerk gee nie om vir armes nie	22.8%
Stem saam oor groter samewerking met die regering	80.7%

Tabel 3

Na aanleiding van die ondersoek maak Erasmus (2007:8) die volgende afleidings:

- Daar is ‘n sterk persepsie dat die kerk en religieuse organisasies by wekloosheid betrokke moet wees.
- mense voel ook baie sterk oor groter en beter samewerking tussen die geloofsgebaseerde sektor en die regering;
- die meeste dienste deur die kerk ten opsigte van werkloosheid is gerig op onmiddellike verligting;
- ten spyte van die feit dat kerke oor baie potensiaal beskik om ’n rol te speel in die hantering van werkloosheid, is kerke, wat werkloosheid betref, nie effektiewe verskaffers van dienste deur hul strukture nie (Erasmus 2007:8).

Die sekondêre data beklemtoon dus weer die leemte, naamlik dat daar van die kerk verwag word om ’n rol te speel in die hantering van werkloosheid, maar dat die kerk nie genoegsaam aan diè verwagting voldoen nie. Die vraag wat ondersoek gaan word, is dus: Wat word in kerke verstaan ten opsigte van hul rol in die hantering van werkloosheid? Die navorser vermoed dat daar ’n verband is tussen hoe die kerk sy rol ten opsigte van die hantering van werkloosheid verstaan en wat in die verband gedoen of nagelaat word.

5. Empiriese ondersoek

Aan die hand van die prosedures soos uiteengesit in die eerste deel van hierdie hoofstuk het die navorser die empiriese ondersoek voltooi. Vervolgens gaan die navorser dus verslag doen oor die verloop van die empiriese ondersoek soos in hierdie studie uitgevoer.

5.1 Voortoetsing

In beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing is dit belangrik om ‘n voortoetsing te loods. In ‘n kwalitatiewe studie is die voortoetsing meer informeel en ‘n paar deelnemers wat min of meer aan dieselfde kriteria voldoen as dié in die hoofondersoek word in die voortoetsing gebruik. Die doel van die voortoetsing is om seker te maak die relevante inligting van deelnemers verkry word. Onduidelikhede met betrekking tot die ondersoek kan ook tydens die voortoetsing uitgeklaar word. Vrae vir die onderhoudskedule kan tydens die voortoetsing getoets en veranderinge aangebring word. Die voortoetsing kan verder ook bydra tot die vestiging van ‘n verhouding tussen die navorser en deelnemer en die gemeenskap (De Vos 2005:331). Voortoetsing is dus van groot waarde in ’n empiriese ondersoek. In die lig hiervan heg die navorser groot waarde aan die voorondersoek as deel van hierdie navorsing.

Die voortoetsing moet sover moontlik op dieselfde manier uitgevoer word as die hoofondersoek (De Vos 2002:215). Die deelnemers wat vir die voortoetsing gekies is het dus aan dieselfde kriteria voldoen as diegene wat vir die hoofondersoek gekies is, naamlik dat hulle:

- ‘n Aktiewe lidmate van die gekose denominasie in die Paarl-Wellington- omgewing is;
- in die betrokke denominasie ‘n leierskapsposisie beklee;
- beskikbaar wees om oor die onderwerp ’n onderhoud te voer.

Die voorondersoek het soos volg verloop:

- Die navorser het deelnemers geïdentifiseer en daarna telefonies kontak gemaak en onderhoude gereël. Tydens die gesprek het die navorser haarself bekendgestel; kortliks die doel van die ondersoek verduidelik en gevra of die persoon belangstel om aan die ondersoek deel te neem. Die deelnemer is daaroor ingelig dat die onderhoud op

band opgeneem gaan word. ’n Datum vir die onderhoud is ook vasgestel. Die navorser het aan deelnemers deurgegee dat die onderhoud gevoer moet word in ’n plek waar hulle gemaklik sal wees en waar daar die minste steurings en geraas sal wees. Die navorser het voorgestel om na hul kantoor of huis te kom, maar dat die onderhoud ook in haar kantoor kan plaasvind.

- Na die telefoniese kontak het die navorser per e-pos die toestemmingsbrief aan die deelnemer per e-pos gestuur of persoonlik gaan aflewer. Die deelnemer moesdie toestemmingsvorm teken waardeur hy/sy dan toestemming tot die onderhoud verleen.Twee dae voor die geskeduleerde datum het die navorser die datum van onderhoud met die deelnemer bevestig.

- Voor die onderhoude het die navorser haarself weer vergewis van die onderskeie vaardighede waarvan die onderhoudvoerder moet kennis neem en waaroor hy/s tydens onderhoudvoering moet beskik, naamlik:

1) Die deelnemer moet 90% van die tyd praat;
2) kort en duidelike vrae moet gestel word;
3) slegs een vraag moet per geleentheid gestel word;
4) oop vrae moet gevra word;
5) sensitiewe vrae moet vermy word;
6) leidende vrae moet vermy word;
7) sleutelvrae moet herhaal word;
8) stiltes moet toegelaat word;
9) daar moet teruggekeer word na onvoltooide punte;
10) die onderhoud moet binne ‘n redelike tyd afgehandel word (De Vos 2002:293).

In die geval van drie deelnemers is die onderhoude in hul kantoor of in die sitkamer van hul woning gevoer, terwyl een verkies het dat die onderhoud in die navorser se kantoor plaasvind. Voordat met die onderhoud begin is, het die navorser die doel van die ondersoek verduidelik die etiese oorwegings soos in die brief aan deelnemers uiteengesit weer voorgehou en die getekende toestemmings-vorm van die deelnemer in ontvangs geneem. Daarna is die vier vrae van die

onderhoudskedule aan die deelnemer gestel. Na afloop van die onderhoude het die navorser oor die onderhoude gereflekteer en aantekeninge gemaak (Henning 2005:70).

Al die persone wat vir die voorondersoek genader is, het tot die onderhoud ingestem, alhoewel een van die deelnemers weens persoonlike omstandighede nie die onderhoud kon nakom nie. Van die vyf persone wat die navorser vir die voorondersoek genader het is daar dus met vier onderhoude gevoer. Nadat die navorser kortliks die doel van die ondersoek verduidelik het, is dadelik met die onderhoude begin. Die volgende vrae is tydens die onderhoud aan elke deelnemer gestel:

1. Sou u sê dat werkloosheid ‘n probleem is in u gemeenskap?

2. Wat sou u sê is die rol van geloofsgebaseerde organisasies soos kerke in die hantering van werkloosheid? (Navorsingsvraag)

3. Wat word in u kerk/gemeente gedoen om werkloosheid aan te pak?

4. Watter voorstelle sal u aan kerke maak oor hoe om by die hantering van werkloosheid betrokke te raak?

5.2 Veranderings/verbetering op grond van die voorondersoek

- Die voorondersoek het die volgende aan die navorser uitgewys:
  Dat die vrae oor die algemeen deur die deelnemers goed verstaan is, alhoewel een deelnemer die term werkloosheid soos in hierdie studie beskryf nie goed verstaan het nie. Die navorser sal dus in die hoofondersoek eers die term werkloosheid soos in hierdie studie gedefinieer, kortliks aan die deelnemer verduidelik;

- Die voorondersoek was van groot waarde in die inoefening van die tegnieke wat tydens onderhoudvoering aangewend moet word;

- enkele veranderings en byvoegings is aan die vrae in die onderhoudskedule op grond van die response in die voorondersoek aangebring;

- ten einde fokus in die beantwoording van die vrae te bevorder gaan die navorser die kernwoorde in die vrae onderstreep en voor die onderhoud die vrae aan die deelnemer gee om deur te lees. Na die voorondersoek het die vrae dus soos volg gelui:

Vraag 1
Sou u sê dat werkloosheid ’n **probleem** is in u gemeenskap? Motiveer.
Vraag 2
Wat sou u sê is die **rol** van geloofsgebaseerde organisasies soos **kerke** in die hantering van werkloosheid?
Vraag 3
Verduidelik **aan die hand van voorbeelde** wat in u gemeente gedoen word om werkloosheid hanteer.
Vraag 4
Watter **voorstelle** sal u aan kerke maak oor hoe om by die hantering van werkloosheid betrokke te raak?

Die navorser het aantekeninge gemaak van die inligting wat deur die voorondersoek ingesamel is. Die verbeterings wat op grond van die voorondersoek aan die vrae aangebring is, asook die inoefening van die onderhoudstegnieke het die belangrikheid van die voorondersoek bevestig. Na die voorondersoek was die navorser veel beter op die hoofondersoek voorbereid.

6. Samevatting

In hierdie hoofstuk is ‘n uiteensetting gegee van die navorsingsmetodologie wat in die navorsingsondersoek gevolg gaan word. Verder is ook aan die uitvoerbaarheid van die studie aandag geskenk, terwyl die navorsingstrategie en-benadering ook beskryf is. Die etiese aspekte verbonde aan die navorsingsondersoek is beklemtoon; en sekondêre data wat aanvullend is tot die navorsing is kortliks bespreek. In die volgende hoofstuk word die navorsingsresultate aan die orde gestel.

HOOFSTUK 5

BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSBEVINDINGE EN LITERATUURKONTROLE

5.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die metodologiese begronding vir hierdie navorsing uiteengesit. Die inhoud en uitkoms van die empiriese ondersoek word in hierdie hoofstuk bespreek. Tesame met die bespreking van die resultate van die empiriese ondersoek gaan literatuurkontrole gedoen word.

Dié navorsingsvraag van hierdie studie val onder die *WAT* kategorie wat gerig is op ontdekking en beskrywing.Na gelang van die navorsingsvraag is die geskikste navorsingsbenadering gekies wat die navorsingsvraag die beste sal beantwoord asook die navorsingsdoelstellings die beste sal dien. In hierdie studie is daar van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak. Kwalitatiewe navorsing poog om die menslike werklikheid te beskryf vanuit die perspektiektief van die sosiale akteurs self. Die primệre doel van dié benadering is om te ontdek, te beskryf en te verstaan eerder as om te verklaar. Die kwalitatiewe navorsingsbenadering het die navorsingsvraag die beste beantwoord omdat daar in die navoringsbenadering gefokus was op die beskrywing van mense se intensies, geloof en waardes (Henning 2005:20).

In kwalitatiewe studies word daar hoofsaaklik van ongestruktureerde of semi-gestruktureerde onderhoude gebruik gemaak. In hierdie ondersoek was daar vaneen tot een, semi-gestruktureerde onderhoude, gebruik gemaak. Die semi-gestruktureerdeonderhoud word gedefinieer as die onderhoude wat gefokus is op ‘n spesifieke area van belangstelling, maar ook buigbaar is in terme van omvangen diepte (de Vos 2002:298). Die oorkoepelende navorsingsvraag wat by die aanvang van die studie geformuleer was is om die navorsingsonderneming te rig was soos volg: **“Wat is die rol van geloofsgebaseerde organisasies in die hantering van werkloosheid?”**

Daar is met 18 leiers van onderskeie geloofsgebaseerde organisasies in die Paarl- en Wellington-omgewing semi-gestruktureerde onderhoude gevoer.

Die data wat ingesamel is deur die empiriese ondersoek is deur middel van die proses van oop kodering geïnterpreteer soos bekryf deur Henning (2005:104). Eerstens is die onderhoude getranskribeer in verbatim vorm. Volgens die metode van oop kodering het die navorser die data ’n paar keer deugelees ten einde ’n geheelbeeld daarvan te verkry. Tydens die deurlees van die data is sekere eenhede van betekenis geïdentifiseer. Die navorser het die verskillende eenhede van betekenis gegroepeer as hooftemas, subtemas en kategorieë.

Die bespreking van die geïnterpreteerde data word ook aan die hand van hooftemas, subtemas en kategorieë gedoen. Tesame met die bespreking van die geïnterperteerde data sal die literatuurkontrole gedoen word, deur terug te verwys na literatuurstudie soos vervat in Hoofstukke 2 en 3.

5.2 Demografiese besonderhede van deelnemers betrokke by die navorsingsprojek

In hierdie studie was die bevolking wat bestudeer was kerkleiers van die onderskeie Christelike kerke in die Paarl - Wellington - omgewing.

Die denominasies wat geïdentifiseer was as deel van die steekproef was die volgende: 1) AfrikaansProtestante Kerk (APK), 2) Apostoliese Geloofsending (AGS, 3) African Methodist Epoch (AME)**,** 4) Anglikaanse Kerk, 5) Baptiste Kerk, 6) Calvyns Potestante Kerk , 7) Congretational Kerk, 8) Lutherse Kerk, 9) Methodiste Kerk, 10) Nederduitse Gereformeerde Kerk, 11) Verenigende Gereformeerde Kerk, 12) Rooms-Katolieke Kerk. 13) Volle Evangeliese Kerk, 14) Seven Day Advenitiste, 15) Nuwe Apostoliese Kerk, 16) Ou Apostoliese Kerk, 17) Nederduits Hervormde Kerk, 18) Pinkster Groepe, 19) Evangelies Gereformeerde Kerk, 20) Gereformeerde Kerk.

Van die 20 geïdentifiseerde denominasies het 18 kerkleiers deelgeneem. Een van die 2 denominasies naamlik die Evangeliese Gereformeerde Kerk het intussen sy deure gesluit in die Paarl Wellington omgewing. Die leier van die Nuwe Apostoliese kerk was nie bereid daarvoor dat die onderhoud op band opgeneem word nie. Op grond van die navorsingsprosedures kon daar dus nie met dié onderhoude voortgegaan word nie. Vanweë hierdie redes is slegs 18 van die 20 geïdentifiseerde denominasies ingesluit by die empiriese ondersoek.

Die volgende drie vrae en een versoek is tydens die semigestruktureerde onderhoude aan die deelnemers gestel met die doel om data in te samel wat sou meehelp om die vroeër genoemde oorkoepelende navorsingsvraag te beantwoord:

1) Sou u sê dat werkloosheid ‘n **probleem** is in u gemeenskap? (Motiveer)

2) Wat sou u sê **is die rol** van die geloofsgebaseerde organisasies soos **kerke** in die aanspreek van werkloosheid?

3) Verduidelik aan die hand van **voorbeelde** wat word in u gemeente gedoen om werkloosheid aan te spreek

4) Watter **voorstelle** sal u maak aan Kerke oor hoe om betrokke te raak by die hantering van werkloosheid?

Vanuit die response van die deelnemers op die voorgenoemde vrae en die daaropvolgende prosesse van data-ontleding, het die volgende **hooftemas** na vore gekom:

(1) Deelnemers se ***perspesies rondom*** *die voorkoms van* ***werkloosheid*** *in die gemeenskap*

(2) Deelnemers se ***sieninge*** *rondom die* ***rol van Kerk*** *in die aanspreek van werkloosheid*

(3) ***Inisiatiewe binne gemeenteverband*** *vir die aanspreek van werkloosheid*

(4) ***Voorstelle*** *aan Kerke oor hoe hulle betrokke kan raak by die aanspreek van werkloosheid*

In die meegaande tabel word ‘n uiteensetting gegee van die hooftemas en hulle gepaardgaande subtemas en kategorieë, waar van toepassing.

Tabel 4 : Oorsig van hooftemas, subtemas en kategorieë

HOOFTEMA	SUBTEMA	KATEGORIEë
Deelnemers se *perspesies rondom die voorkoms van werkloosheid en werkloosheid as 'n probleem in die gemeenskap*	o Persepsie: Werkloosheid kom nie voor – en is nie 'n probleem – in ons gemeente nie, maar dit is 'n probleem en kom voor in die gemeenskap o Persepsie: Werkloosheid is nie 'n probleem in ons gemeenskap en gemeente nie. o Persepsie: Werkloosheid is 'n probleem in ons gemeenskap o Persepsie: Werkloosheid is 'n probleem in die gemeenskap en in die gemeente. o Persepsie: Redes vir werkloosheid onder gemeente- en gemeenskaps-lede. o Persepsie: Die uitwerking, effek en/of gevolge van werkloosheid op gemeen-	

	skapslede, gesinne en kinders o Persepsie rondom wie die werkloses is o Persepsie rondom ‘n deelnemer se siening van werklose mense	
Deelnemers se *sieninge rondom die rol van Kerk in die aanspreek van werkloosheid*	o Die siening word gehuldig dat die Kerk ‘n rolverpligting en verantwoordelikheid het ten opsigte van die aanspreek van werkloosheid in die gemeenskap. o Die siening word gehuldig dat die Kerk sy rolverpligting en verantwoordelikheid ten opsigte van die aanspreek van werkloosheid in samewerking met ander sisteme moet aanpak o Sienings omtrent die aard, of wat die Kerk se rol is by die aanspreek van werkloosheid in die gemeenskap	
Inisiatiewe binne gemeenteverband	Huidige inisiatiewe vir die aanspreek van	(1) Materiële-, konkrete-, of

vir die aanspreek van werkloosheid	werkloosheid binne gemeente-verband. Beoogde inisiatiewe vir die aanspreek van	stoflike hulp-inisiatiewe (2) Geestelike hulp-inisiatiewe (3) Berading aan die werkloses (4) Vaardigheidsopleiding wat ge-rig is op inkomstegenerering (5) Tree op as werkverskaffings-hulpbron (6) Werkskeppingsprojekte-inisiatief (7) Bemagtigingsinisiatief om die siklus van om dieselfde beroep as die ouer te beoefen by jonger geslag te verbreek (8) Skakeling en bespreking van werkloosheid met ander instansies en verwysing van werkloses na hulpverlenings-organisasies o Vaardigheidsopleiding met die oog

	werkloosheid binne gemeente-verband.	op inkomstegenerering o Beoogde skakeling, samewerking en besprekings met ander instansies om werkloosheid hok te slaan. o Beoogde bevordering van werk-skepping
Voorstelle aan Kerke oor hoe hulle betrokke kan raak by die aanspreek van werkloosheid	Voorstelle: o Om as Kerkgenootskappe met mekaar en met besighede en die Regering saam te werk om werkloosheid aan te spreek o Lig Kerkleiers in oor die werkloosheid in die gemeenskap en stel ‘n kommissie aan om aan die werkloosheidskwessie in die gemeenskap aandag te gee o Begin werkskeppingsprjokte o Roep mense op tot morele (geestelike) hervorming en voed	

	hulle op om ‘n werksetiek te ontwikkel. o Motiveer lidmate om as Kerk by mense (onder meer die werkloses) binne en buite die gemeente betrokke te raak. o Dat Kerk ongeregtighede en uitbuiting in die gemeenskap aan die groot klok hang en dat die Kerk optree as waghond oor die Regering se besteding van geld o Dat die Kerk opleiding en vaardigheidskoling ondersteun en fondse en fasiliteite hiervoor beskikbaar stel o Dat die Kerk optree as skakel tussen werklose en werkgewer; as referent optree en oor ‘n databasis van werkloses beskik. o Dat die Kerk in die materiële,	

	geestelike en emosionele behoeftes van die werkloses sal voorsien.	

Elk van die hootemas met hul onderskeie subtemas en kategorieë (waar van toepassing) sal vervolgens in die res van die verslag aangebied word en met behulp van aanhalings uit die getranskribeerde onderhoude geboekstaaf word. Waar van toepassing sal daar literatuurkontrole gedoen word deur te verwys na die literatuurstudie soos vervat in Hoofstukke 2 en 3.

5.3 Hooftema 1: Deelnemers se persepsies rondom die voorkoms van werkloosheid en werkloosheid as ’n probleem in die gemeenskap

Die deelnemers se response op die vraag: “*Sou u sê dat werkloosheid ‘n probleem is in u gemeenskap? (Motiveer)”* het aan dié hooftema sy beslag gegee. Na aanleiding van die deelnemers se response en gepaardgaande motiverings op die voorafgaande vraag, is dié hooftema in verband met deelnemers se persepsies rondom die voorkoms van werkloosheid en werkloosheid as ‘n probleem in die gemeenskap verder in subtemas verdeel deurdat hulle in hul uitsprake ‘n onderskeid getref het tussen die voorkoms van werkloosheid en werkloosheid as probleem in die *gemeente* én die voorkoms van werkloosheid en werkloosheid as probleem in die *gemeenskap*. Die subtemas is die volgende:

- Persepsie: Werkloosheid kom nie voor – en is nie ‘n probleem - in ons gemeente nie, maar dit is ‘n probleem en kom voor in die gemeenskap.
- Persepsie: Werkloosheid is nie ‘n probleem in ons gemeenskap en gemeente nie.
- Persepsie: Werkloosheid is ‘n probleem in ons gemeenskap.
- Persepsie: Werkloosheid is ‘n probleem in die gemeenskap en in die gemeente.

Die deelnemers het in hulle response en motiverings op die vraag, “*Sou u sê dat werkloosheid ‘n probleem is in u gemeenskap?”* ook addisionele data gedeel wat

as bykomende subtemas onder Hooftema 1 aangebied gaan word. Die volgende data het na vore gekom:

- Hulle het redes aangevoer vir werkloosheid onder gemeente- en gemeenskapslede;
- die uitwerking, effek en/of gevolge van werkloosheid op gemeenskapslede, gesinne en kinders uitgewys;
- uitgewei oor wie die werkloses is; en
- ‘n persepsie oor hoe hulle die werkloses sien, verwoord.

Die geïdentifiseerde subtemas gaan vervolgens aangebied word en aan die hand van storiereëls uit die getranskribeerde onderhoude bevestig word.

5.3.1 Persepsie: Werkloosheid kom nie voor – en is nie ‘n probleem - in ons gemeente nie, maar dit is ‘n probleem en kom voor in die gemeenskap

Die uitsprake van die deelnemers ter ondersteuning van die subtema is die volgende:

“… *Wat ons Kerk betref is daar nie eintlik werkloosheid nie. Daar is nou ’n gesin waar die persoon as gevolg van regstellende aksie sy werk verloor het, waar persoon aansoek doen vir ander werk. Ek weet nie of geloof ook daar ‘n groot rol speel nie, want waar daar wel werkloosheid was en ons daaroor gebid het, het daar deure oopgegaan. Buite ons gemeente is werkloosheid ’n probleem. Ek het vanoggend met iemand gepraat hierheen, so ek glo dat werkloosheid is ’n probleem in die gemeenskap.”*

“In my gemeente is daar nie werkloses nie, maar wel in die breër gemeenskap veral in die [Naam van gemeenskap] gemeenskap. Dit is gewoonlik mense met ‘n lae opvoedings- en vaardigheidsvlak, sommige het nie eens Matriek nie. Hierdie mense wil gewoonlik gewone werkies doen - geen gesofistikeerde werk

nie. So die werkloses wat ek ontmoet het kom uit die arm gemeenskap wat 'n swak opleiding gehad het." In die uitspraak teken die deelnemer ook 'n etiketterende woordprentjie van "wie" die werkloses is. Een deelnemer is die mening toegedaan dat werkloosheid nie 'n probleem in sy omgewing is nie. Hy stel dit soos volg: "*Op die oomblik lyk dit nie in die omgewing wat werkloos is nie, daar is seker 'n klein groepie mense wat nie werk het nie, maar ek sou nie sê dis 'n probleem in my onmiddelike omgewing nie."*

5.3.2 Persepsie: Werkloosheid is nie 'n probleem in ons gemeenskap en gemeente nie.

Die subtema is afgelei vanuit die volgende uitlating deur 'n deelnemer:

"*Ek dink nie werkloosheid is op die oomblik so n groot probleem in ons gemeenskap nie. Daar kom van tyd tot tyd mense wat werkloos is. Daar is nie 'n patroon van mense wat werkloos… [is] nie in die gemeente nie."*

5.3.3 Persepsie: Werkloosheid is 'n probleem in ons gemeenskap

Van die deelnemers wat die persepsie huldig dat werkloosheid wel 'n probleem in die gemeenskap is, het hulle soos volg hieroor uitgespreek:

"*Ja, dis* [met verwysing na werkloosheid] *definitief 'n probleem in die gemeenskap waar ek betrokke is. Daar is baie mense wat eenvoudig nie werk kry nie ."*

"*Ons raak bewus van werklose mense wat aanmeld by ons kantore vir welsynorganisie."*

"*Ek is 'n Katolieke Priester in* [Name van die dorpe] *vir meer as 2 jaar. Die probleem van werkloosheid is voorhandliggend. Veral in landelike omgewing is*

dit baie hoog as gevolg van die gebrek aan opleiding. Die area word geaffekteer vir jare … In die Demokratiese regering is daar vooruitgang, maar werkloosheid is steeds baie hoog. Werkloosheid affekteer mense se lewe baie. In die Kleurlinggebied in [sekere area] is werkloosheid baie hoog. In die oorwegend witgebiede is mense ook werkloos… en baie van hulle immigreer. Ek ken persoonlik jongmense in hul twintigs wat nie werk kry nie." Die deelnemer deel ook sy persepsie waarom landelike inwoners werkloos is, naamlik: 'n gebrek aan opleiding. Verder deel hy sy mening hoe van die lede van die Witkultuurgroep die realiteit van werkloosheid hanteer.

"Werkloosheid is 'n probleem ek sien dit daagliks as ek in die gemeenskap beweeg as ek net dink hoeveel jong mans langs straat staan aa gevolg van werkloosheid ... in ons Bruin- en Swartgemeenskappe is werkloosheid definitief n groot probleem."

"*Ek dink dis 'n probleem as ek net kyk mense wat aan my deur klop en sê hulle soek werk – die frekwensie het nogal toegeneem - ook seisoenaal. In die somer is dit meer."*

"*Ek is nuut in gemeeente en leer ken nog gemeente, maar ek sien werkloos[heid] is 'n probleem in die gemeenskap. Jeug is werkloos en dit affekteer die families. Ons raak bewus van probleem by maandelikse bydrae… Kerk gee ruimte/platform om te praat oor issues wat hulle het en werkloosheid was die nommer een probleem veral onder jongmense."*

Dit is 'n probleem en 'n probleem wat al hoe groter word. Jy kry baie jongspan wat klaar maak met skool en wat nie werk kry wat rondstaan op die hoeke van strate en nie weet wat om met hulle lewens aan te vang nie. So ja, dis 'n groot probleem in ons gemeenskap."

5.3.4 Persepsie: Werkloosheid is ‘n probleem in die gemeenskap en in die gemeente

Die volgende strorieëls uit die getranskribeerde onderhoude bevestig die subtema:

“Ja werkloosheid is ‘n groot probleem in ons gemeenskap. As ek kyk na die verskille in status in ons gemeente van mense wat werk het teenoor ‘n derde van gemeentelede wat werkloos is, is werkloosheid sigbaar.”

“Ek dink dis ‘n probleem as kyk na [Naam van gemeenskap] gemeenskap …Daar is baie wat soek na werk maar nie werk kry nie- in ons gemeente en ook in [Naam van woonbuurt] waar ons betrokke is raak ons baie bewus van armoede as gevolg van werkloosheid.” Later in die onderhoud voeg die deelnemer die volgende by oor die feit dat werkloosheid ‘n probleem is en hoe moeilik dit is om weer ‘n werk te bekom en die uitwerking daarvan op die werkloses. Hy druk homself soos volg uit: *“In ons gemeente sit ons met baie mense wat hulle werk verloor en hul ouderdom en ook hulle velkleur op hierdie stadium tel teen hulle, wat mense demotiveer om werk te soek. Die probleem is groot in ons omgewing en ‘n mens is eintlik bekommerd daaroor veral oor die effek wat dit op die langduur op mense gaan hê, veral op gesinne.”*

“*Werkloosheid is definitief n probleem in die gemeente maar ook in die breër gemeenskap. Ek is bewus van die probleem vir die afgelope 13 jaar in die bediening. Dit lyk of dit erger geword het*”

“My gemeente is gesentreer in [Name van woongebiede] *en dis die gebiede waar jy die meeste werkloosheid kry. Ek ry en werk daar en sien mense wat buite sit. By All Pay kom saam met een persoon, kom ses ander mense wat sê: ‘hier is hoop as ma of ouma vandag pay kan ons weer lewe’. Daar is ’n baie hoë werkloosheidsyfer. Die mense in die krotbuurtes waarvan ons meestal*

vergeet het kom nie altyd na vore nie. Ek ervaar dit ook in my pastorale gesprekke met mense. Dis altyd die ma wat kom praat. Die pa voel dat dit doen iets aan sy manlikheid as hy sou kom praat oor sy probleem. Ek hanteer 'n radioprogram op Sondagaand en daar bel ook baie mense in waar mense vra vir om te bid vir werk. Die mense in byvoorbeeld, [Naam van woonbuurt] *is so afgesny en kan nie eens 'n koerant bekostig nie. So* [hulle] *kom nie regtig in kontak met werksgeleenthede. Hierdie mense is amper vergete deur die res van die gemeenskap. Daar is 'n komme-rwekkende werklooheidsyfer. Jy sien kinders wat uit vuilisdromme eet."*

In die volgende aanhaling uit een van die getranskribeerde onderhoude verwys 'n deelnemer pertinent daarna dat werkloosheid 'n probleem is in sy gemeente, maar dat dit meer "weggesteek" word as wat dit die geval was met die vorige gemeente waar hy eers bedien het. "*Werkloosheid is 'n probleem definitief. Dit is my tweede gemeente hier waar ek nou is.* [Hier] *word werkloosheid meer verskans, mense praat nie sommer daaroor nie. In die Noord-Kaap waar ek eers was het mense meer openlike gepraat oor werkloosheid en dan kom die deernis van die mense ook makliker na vore."*

"*Ek dink oral is die probleem van werkloosheid*. *Werk is skaars en ons as leiers moet die besef dat dit moeilik is om werk te kry. Dit is 'n algemene probleem."*

Volgens die verwerkte data het 14 deelnemers aangedui dat hulle in hulle onderskeie gemeentes en gemeenskappe gekonfronteer word deur die aanwesigheid van werkloosheid. Daar blyk dus 'n bewustheid onder kerkleiers te wees van die probleem van werkloosheid onder gemeentelede en ook in die breër gemeenskap. Volgens die literatuurstudie (hoofstuk 2) is werkloosheidsyfers hoog in Suid-Afrika wat bevestig is in hierdie studie. Die volgende tabel bied 'n samevatting van die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika volgens die streng definise vanaf 1994 -2005 (Barker F. 2007:179).

1994	20%
1995	16.9%
1996	21%
1997	22.9%
1998	25.2%
1999	23.3%
2000	25.8%
2001	29.4%
2002	30.4%
2003	28%
2004	26.2%
2005	26.7%

Tabel 5

Vanuit die tabel blyk dit asof die werkloosheidsyfer met ongeveer 10% toegeneem het in die afgelope tien jaar. Volgens die uitgebreide definisie van werkloosheid is die werkloosheidsyfer vir 2005 in Suid-Afrika 38.8% teenoor die 26.7% volgens die streng definisie. Ongeveer 65% van die werkloses in Suid-Afrika het nog nooit voorheen gewerk nie (Barker 2007:178-183). Dit wil dus voorkom of die werkloosheidsprobleem nog steeds een van die grootste uitdaging in die land is selfs na die oorskakeling na die demokratiese bestel in 1994. Daar is bevind dat werklooshied deur al vier bevolkingsgroepe as die grootste probleem in die land beskou word (Barker & Backer 1992:72).

5.3.5 Persepsie: Redes vir werkloosheid onder gemeente- en gemeenskapslede

Drie deelnemers het hulle sienings rakende die redes vir werkloosheid onder gemeente- en gemeenskapslede so verwoord:

"*Die sluiting van die tekstielfabriek het baie mense werkloos gelaat. Alkoholmisbruik en gebrek aan kwalifiksies gee aanleiding tot werkloosheid. Werksmoontlikhede is baie beperk. Baie mense het ook 'n swak selfbeeld wat dit ook moeilik maak om werk te vind. As gevolg van die politieke situasie maak dat mense voel hulle gaan nerêns kom in vandag se politieke opset nie, so hulle maak nie moeite om werk te soek nie. Daar is ook die probleem van selektiwiteit wat maak dat mense 'n sekere werk wil hê."*

"...*ek dink baie mense is werkloos as gevolg van 'n lae selfbeeld."*

"*Daar is besighede in die omgewing wat toegemaak het, byvoorbeeld: tekstielfabriek ,maak einde van die jaar toe*."

"Mense is gewoonlik werkloos omdat hulle nie die nodige opleiding en kwalifikasies het nie. Daar is ook 'n groot groep mense wat afgedank is, wat sukkel om weer werk te kry. Dan is daar die armes wat probeer om werk te kry maar net die kry nie, dan is daar die baie arm mense wat so moedeloos is as gevolg van hul armoede dat hulle nie meer werk soek nie."

Uit die data verkry blyk dit ook of deelnemers begrip of insig toon vir die moontlike redes waarom mense in die gemeenskap werkloos is. Die verwysing na die gebrek aan opleiding as een van die redes waarom mense werkloos is, word deur die literatuur ondersteun.

Die jeug en diegene met laer vaardigheidsvlakke word die meeste geraak deur die situasie van werkloosheid in Suid-Afrika. 'n Ander kenmerk van werkloosheid in Suid-Afrika is dat die oorgrote meerderheid van die werkloses is dat hulle geen opleiding of min opleiding het. Werkloosheid in Suid-Afrika is ook nie net as gevolg van lae aanvraag van werk nie; maar die probleem is dat die aanvraag na werk nie ooreenstem met die vaardighede wat beskikbaar is nie. (Idasa 12

Oktober 2004; Wilson & Ramphele 1938:3-236-237). Hierdie persepsie word ook ondersteun deur die beskrywing in 1.7 van wie die werklose is.

5.3.6 Persepsie: Die uitwerking van werkloosheid op gemeenskapslede, gesinne en kinders

Die subtema oor die uitwerking, effek en/of gevolge van werkloosheid op gemeenskapslede, gesinne en kinders is vanuit die volgende mededelings van drie deelnemers afgelei:

"*Dit* [met verwysing na die sluit van besighede] *het 'n geweldige effek op die mense, dit veroorsaak dat hulle nie hul maandelikse verpligtinge nakom nie. Hulle is nie gemotiveer* [nie]… *spanning in huishouding, as die enigste broodwinner afgedank word skep* [dit] *'n groot probleem. Die effek gaan deur tot by kinders. Baie verlaat skool omdat ouers nie skoolgeld, of taxi, of busgeld kan betaal nie. So dit begin miskien by die individu maar dit het 'n rimpel effek tot by die kind."*

Die negatiewe effek van werkloosheid op individue, families en die breër gemeenskap word deur die aanhalings vanuit die data beklemtoon. In hoostuk 2 is daar 'n bespreking van die effek van werkloosheid. In hierdie bespreking word die effek van werkloosheid op die individu en die samelewing dikwels ook as baie negatief beskryf, omdat om te werk deur baie as die ideale staat gesien word (Moller 1992:3). Volgens Valerie Moller (1992:3-4) is die konvensionele of negatiewe benadering in die studie van werkoosheid nader aan die Suid-Afrikaanse realiteit. Hiervolgens is werkloosheid sleg/negatief/boos op makrososiologiese en individuele vlak en is om te werk die ideale staat. Volgens Stott (1990:173) is werk die aanwending van energie in diens van ander, wat bevrediging aan die werker verskaf, waarby die gemeenskap baat en wat eer aan God bring. Om te werk speel dus 'n sentrale rol in die God se doel met die mens. In aansluiting by die integrale deel wat werk vorm van menslike bestaan

word werkloosheid deur industrïele sielkundiges as ’n pynlike persoonlike en sosiale tragedie beskou (Stott 1990: 173-174).

“*Ekonomies is werkloosheid sleg, byvoorbeeld:* [die] *wynbedryf kry swaar en dit maak dat mense werkers afskaal en besighede is nie meer bereid om werk te skep nie. Mense in maatskappye sê vir jou: ‘ek doen nou die werk wat 2 of 3 mense in die verlede gedoen het’. So ekonomiese druk bring ook mee dat werksgeleenthede min raak. In ons gemeente sit ons met baie mense wat hulle werk verloor en hul ouderdom en ook hulle velkleur op hierdie stadium tel teen hulle, wat mense demotiveer om werk te soek. Die probleem is groot in ons omgewing en ‘n mens is eintlik bekommerd daaroor veral oor die effek wat dit op die langduur op mense gaan hê, veral op gesinne.”*

In hierdie terugvoer kom die verband tussen werkloosheid en regstellende aksie ook na vore.

“Ons as Kerk is baie bewus van die resultate van werkloosheid, naamlik: Misdaad, armoede, en AIDS omdat mense hoop verloor.”

“*Die probleme in die gemeenskap is ook die gevolg van werkloosheid - misbruike, kindermolestering, te veel tyd op hande - verveeldheid lei hiertoe.”*

“Werkloosheid is definitief ‘n probleem. Jy sien dit in die gevolge van drankmisbruik, mishandeling, dwelmmisbruik, gesinsverbrokkeling, misdaad, geweld, inbrake. Mense leef in haglik omstandighede as gevolg van werkloosheid.” Later in die onderhoud brei die deelnemer uit op die uitwerking van werkloosheid en sê: **“...***mense kry baie swaar as gevolg van die werkloosheid. In baie gevalle is dit nie net een persoon wat werkloos is nie, dis baie keer ‘n hele familie wat nie werk het nie. Hierdie naweek gehoor van seun wat nie meer kan werk en hule moet nou maar met die All Pay klaar kom. So ‘n*

mens kan agter kom dat in enige huis waar daar werkloosheid is gaan dit nie goed nie."

Die feit dat werkloosheid aanleiding gee tot ander sosiale probleme word ook vanuit die studie bevestig. In Hoofstuk 2 word daar verwys na die persoonlike lyding wat werkloosheid tot gevolg het, asook die ernstige bedreigings vir die politieke en sosiale stabiliteit wat dit vir 'n land inhou. Die probleem van werkloosheid bestaan dus nie in isolasie van ander sosiale probleme in die samelewing nie. Werkloosheid is dus meermale ook die oorsaak van vele ander sosiale probleme soos 'n hoë misdaadsyfer, geweld en volslae armoede (Barker & Backer 1992:72).

5.3.7 Persepsie rondom wie die werkloses is

Een deelnemer het deur middel van 'n woordprent probeer verduidelik wie die werkloses is.

"*Dit* [met verwysing na die werklose mense] *is gewoonlik mense met 'n lae opvoedings- en vaardigheidsvlak, sommige het nie eens Matriek nie. Hierdie mense wil gewoonlik gewone werkies doen, geen gesofistikeerde werk nie. So die werkloses wat ek ontmoet het kom uit die arm gemeenskap wat n swak opleiding gehad het."*

5.3.8 Persepsie rondom 'n deelnemer se siening van werklose mense

Die deelnemer het sy persepsie oor hoe hy werklose mense sien soos volg verwoord: *"Werklose mense …sien ek as halwe mense, want jy kan net tot jou volle potensiaal kom as jy in die werkplek kan staan en produktiwitief kan wees…jy leef nie tot jou volle potensiaal as jy werkloos is nie."*

Die effek van werkloosheid op die totale menswees van ’n persoon word deur hierdie deelnemer voorgehou. Vanuit die teologiese perspektief op werk soos bespreek in hoofstuk 2 het die sielkundige waarde van werk en die belangerike rol wat werk in die bestaan van die mens speel na vore gekom. Die betrokkenheid van die mens as geheel by werk word ook beklemtoon, sy hele bestaan as gawe van God en die opdrag van God in verband daarmee.

Mayhew (1985:9) en Moller (1992:4) skryf dat die mens ’n behoefte het om te werk en dat werk aan die mens identiteit en status verleen. Die belangrikheid van menslike werk strek egter baie verder as slegs vir die voorsiening van bestaansmiddele. Ons lewe nie net van wat ons doen nie maar is tot ‘n groot mate wat ons doen. Wat met hierdie stelling bedoel word is dat ons onssself antropologies sien (wie ons is as menslike wesens) en sosiologies (hoe ons samelewing gestruktureer is en hoe dit funksioneer). Werk is onontbeerlik vir die oorlewing en die welsyn van beide die indivudele menslike lewe en die samelewing waarin hulle leef (Volf 1991:26-27). Werk behels doelgerigte aktiwiteit van die liggaam sowel as verstand. Werkloosheid beteken dus nie net aan verlies aan inkomste nie, maar ook verlies aan status en identiteit.

5.4 Hooftema 2 : Deelnemers se sieninge rondom die rol van die kerk in die hantering van werkloosheid

Die volgende vraag wat die navorser aan die deelnemers gerig het, het aan Hooftema 2 sy beslag gegee: “*Wat sou u sê is die rol van die geloofsgebaseerde organisasies soos Kerke in die aanspreek van werkloosheid?*”

Vanuit die response verkry op die voorgenoemde vraag het die deelnemers nie net hulle sienings oor wat die rol van die kerk is rondom die aanspreek van werkloosheid weergegee nie, maar het hulle ook genoem wat die kerk in die verband moet doen, en wat die Kerk nalaat om te doen. Die uitsprake (spesifiek) oor wat die Kerk moet en/of behoort te doen by die aanspreek van werkloosheid

kan ook in pas by Hooftema 4 wat handel oor: *Voorstelle oor hoe Kerke betrokke kan raak by die aanspreek van werkloosheid*. Die uitsprake wat hier aangebied word moet dus ook in samehang met die data vervat onder Hooftema 4 saamgelees word.

Die response op die voorgenoemde vraag wat in dié hooftema na vore gekom het, het dié data verder in die volgende subtemas onderverdeel:

- Die siening word gehuldig dat die kerk ‘n verantwoordelikheid het ten opsigte van die aanspreek van werkloosheid in die gemeenskap.
- Die siening word gehuldig dat die kerk sy verant-woordelikheid ten opsigte van die aanspreek van werkloosheid in samewerking met ander sisteme moet aanpak
- Sienings omtrent die aard, of wat die kerk se rol is by die aanspreek van werkloosheid in die gemeenskap

Die subtemas word vervolgens aangebied. Woordelikse aanhanlings vanuit die getranskribeerde onderhoude sal ook aagebied word ter ondersteuning en substansiëring van die subtemas.

5.4.1 <u>Die siening word gehuldig dat die kerk ‘n verpligting en verant-woordelikheid het ten opsigte van die aanspreek van werkloosheid in die gemeenskap</u>

Die subtema word gerugsteun deur die volgende uitlatings van die kerkleiers wat aan die navorsing deelgeneem het:

“... *ons* [met verwysing na die kerk] *het ’n aanpsreeklikheid, ons kan nie die mense so los nie, want daar is families betrokke. Ons het ’n verpligting. Ons verpligting lê daarin dat ons met liefde sal uitreik en diensbaar wees.”*

"*Werklose mense is deel van gemeenskap en die Kerk is deel van die gemeenskap. Daarom* [is dit] *die Kerk se verantwoordelikheidheid om te help omdat dit die Kerk ook affekteer. Ons respons op werkloos*[heid is]*, om mense aan te moedig, om hoop te bring aan mense werkloos en konsultasie met Staat en sektore wat hiermee gemoed is en maatskappye".* Die laaste gedeelte van die aanhaling spreek van die aard of wat die Kerk se rol behoort te wees by die aanspreek van werkloosheid.

"Die Kerk mag nie werkloosheid net 'n besprekingspunt maak nie. Die Kerk moet definitief 'n rol kan speel... As Geloofsgebaseerde-organisasie moet die Kerk daadwerklik deel word van prosesse... Mense beleef krississe as gevolg van werkloosheid en soek hulp by die Kerk en mense kom tot die Here hierdeur."

"*Werk is iets wat nie geskei kan word van ons spiritualiteit as mens. As mense werkoos is raak* [dit] *hulle hele menswees. Kerke word hierdeur uitgedaag. Ons moet hierby betrokke wees. Dit is die roeping van die Kerk om ook die Regering te herinner dat dit nie goed gaan met die situasie van werkloosheid nie. Dit is die profetiese taak van die Kerk – Geregtigheid en wat Die Bybel sê moet saamwerk met die Regering in die aanspreek van die probleem."*

"*Ons help ook mense vanuit gemeenskap ons kyk nie net na ons gemeente nie. Ek dink die Kerk moet nie vandag kyk na sy eie gemeentelede nie, maar jy moet wyer help waar jy kan. Daar moet van die Kerk se kant moet daar moeite gedoen word om mense te help. Werkloosheid moet deur geloofsgebaseerde organsisies aangespreek word."*

Vanuit hierdie data is dit duidelik dat deelnemers van mening is dat die kerk ongetwyfeld 'n rol het om te speel in die hantering van werkloosheid. Die feit dat die kerk ook tot bepaalde aksie moet oorgaan as deel van hul rol kom ook ter sprake. Die effek van werkloosheid op die totale menswees word weereens

beklemtoon en aangevoer as ’n beweegrede waarom die kerk moet betrokke wees in die hantering van werkloosheid. Die identiteit van die kerk kom ook indirek aan die woord en dat betrokkenheid by sosiale uitdagings deel uitmaak van wie die kerk is.

In die bespreking oor die konsep “kerk” in Hoofstuk 3 verduidelik Coenie Burger (1999:12) dat die kerk hoofsaaklik sy bestaan in gemeentes het. Volgens August & Bowers (2004:420) kan plaaslike gemeentes ‘n effekektiewe bydrae maak tot sosiale ontwikkeling in Suid-Afrika. Die bemagtiging van die plaaslike gemeete as vennoot by sosiale ontwikkeling in gemeenskappe is dus noodsaaklik. Die skrywers beklemtoon ook die feit dat die betrokkenheid van plaaslike gemeentes by sosiale ontwikkeling in gemeenskappe meer bevorder as wat die taak net aan ontwikkelings-organisies oorgelaat word.

Die beweegrede vir betrokkenheid deur die kerk in die publieke arena spruit dus vanuit wie die kerk is met ander woorde dit verwys na die identiteit van kerkwees. Die volgende karaktertrekke van die kerk word deur Burger (1999:9-12) uitgewys naamlik dat:

- ’n mens nie oor die kerk los van die bediening en die gemeentelike praktyke nie kan dink nie.
- gemeentes is meer as menslike instansies-hulle is geestelike werklikhede;
- die kerk leef uit sy verhouding met God;
- gemeentes se identiteit lê in hul verhouding met God: ons behoort aan God.

Hierdie bespreking oor kerkwees dui ook op die verband tussen die taak van die kerk in die werêld wat voortspruit vanuit sy identiteit wat geleë is in die verhouding met God.

Webster & Margaret (2001: 28-31) skryf in aansluiting hierby dat die kerk die publieke arena betree omdat die mandaat by God verkry is om so te doen. Die

kerk opereer onder die leiding van die Heilge Gees in vervulling van die groot opdrag volgens Matt 28:19-20. Om die rede is die eerste prioriteit van die kerk nie om mense vir die heilgdom te win nie. Die kerk moet die Koninkryk van God in die werêld verkondig. Die evangelie vorm die basis van waaruit die kerk sy rol verstaan en uitvoer. Die dinamika van die kerk se getuienis kom dus nie van sy eie kapasiteit nie, maar van God se opdrag aan die kerk (Webster & Margaret 2001: 28-31).

Een van die deelnemers huldig die siening dat die Kerk in die verlede slegs op die geestelike welstand van mense gefokus het en nie by die gemeenskap betrokke was nie. Die toedrag van sake is aan die verander en hy laat homself soos volg hieroor uit: ***"****Die Kerk het homself geïsoleer deur net na mense se geestelike welstand te kyk, mense se babas gedoop, begrafnisse, troues, huisbesoeke* [en] *probleemsitausie-beraad* [gedoen]. [Die] *Kerk was nie werklik in gemeenskap betrokke nie. Goeie nuus is dat die sluimerende reus is nou besig om op te staan. Ons* [met verwysing na die Kerk] *kan nie net ons rol beperk tot die geestelike nie, want mense is nie net geestelik nie. Mense het ander behoeftes ook en ons rol is meer as net bid vir mense. Ons moet iets konkreet doen. Ons rol moet verander dat ons meer ons hande moet vuil maak en ons moue moet oprol. Ons kan nie net met ons kop in die wolke sit nie en die werêld is besig om vereger en sê: 'dis die Regering se skuld.' Wat doen ek as Herder? Is ek nie 'n toeruster as ek net met my neus in die Bybel sit nie."*

Die dualistiese verstaan van die kerk se taak word hier aangespreek. Die feit dat die kerk in die verlede dikwels sy rol net gesien het met betrekking tot wat as geestelik beskou is, word hier gekritiseer. Daar word ook vertel hoedat die kerk besig is om te groei vanuit hierdie eensydige verstaan van dienslewering na 'n meer holistiese verstaan van dienslewering.

Die bespreking in hoofstuk 3 wat handel oor die kritiek teen die kerk se betrokkenheid in die publieke arena word hierdie onbybelse onderskeiding

tussen wat ‘sekulêr’en wat is ‘heilig is juis as een van die probleme uitegelig. As gevolg hiervan het evangelisasie dikwels prioriteit geniet bo sosiale aksie.
So ’n verstaan van kerkwees impliseer dat om tydelike behoeftes te verlig is almal se taak maar net die kerk (christene) kan evangelisasiewerk doen. Hierdie dualistiese siening van die evangelie deur die kerk word deur Nürnberger (1999:373) bevestig as een van die vernaamste redes hoekom kerke nie betrokke is by sosiale aksie nie. Hierdie dualisme is nie net bepalend vir kerke se betrokkenheid of onbetrokkenheid nie, maar bepaal ook hoe kerke betrokke gaan word indien, wel (Bowers & August 2004:418).

Dis juis ook teen so ’n eensydige verstaan en uitleef van kerkwees waarteen die Kairos Dokument (1985:12) gespreek het. Volgens dié dokument is die fundamentele probleem vir die tekortkominge binne die kerklike teologie juis die kerk se onbetrokkenheid by politieke aangeleenthede. Om onregverdige strukture in die samelewing te verander is ook ’n politieke aangeleentheid. Die antwoord op die vraag waarom die kerk destyds tydens die apartheidbeleid so passief was is volgens die dokument te vinde in die tipe geloof en spirualiteit wat die kerklike lewe gedomineer het in daardie tyd. Politieke aangeleenthede is gesien as wêrelds en het nie veel te make gehad met die geestelike sake van die kerk nie.

Die volgende aanhaling vanuit hierdie dokument dui daarop dat hierdie onderskeiding tussen wat geestelik en sekulêr is aanleiding gee tot onbetrokkenheid van die kerk in die publieke arena. “*It is precisely this kind of spiritauality that when face with the present crisis in South Africa, leaves so many Christians and Church leaders in a state of near paralysis*”

In aansluting hierby skryf Nürburger (1999:118-121) dat ekonomiese kwessies ’n integrale deel vorm van die missie van die kerk. Die uiteindelike doel van God vir die mensdom is die omvattende heil in sy totale bestaan met ander woorde ook in sy sosiale en natuurlike konteks. In die werêld is daar egter ’n diskrepansie

tussen wat veronderstel is om te wees en die werklikheid. Hieroor is God onrustig sê Nürnberger (1999:118-121) en missie is juis die uitdrukking van wanneer die onrustigheid van God oorgaan in die onrustigheid van sy mense. Om God se omvattende verlossing te verstaan is dit belangrik om die menslike nood te verstaan. Hy onderskei tussen die volgende katergorieë van behoeftes:

Immanente behoeftes : dit sluit in fisiese psigologiese, intelektuele, sosiale, ekonomiese, politieke en ekologiese behoeftes en behoort tot die sfeer wat gedeeltelik onder menslike beheer is.

Transendente behoeftes: sluit in ’n outoritêre sisteem van betekenis, versekering van iemand se reg om te bestaan asook die outoriteit om die mag te gebruik tot jou beskikking om jou doelwitte te bereik.

Vir sending is dit noodsaaaklik om te besef dat die transendente behoeftes bestaan nie op hul eie nie, maar vorm die diepte-dimensie van die immanente behoeftes. Aan die hart van die bybelse geloof is die oortuiging dat God verlossend op al ons behoeftes respondeer. Die kerk behoort in sy sending op beide die immanente en transendente behoeftes van die werêld te reageer. Die onderskeiding tussen wat geestelik en sekulêr is kan dus daartoe aanleiding gee dat die kerk sy rol net sien met betrekking tot die transendente behoeftes en die immanente behoeftes van die mens oor die hoof sien of oorlaat aan ander.

Nog ‘n deelnemer het kritiek teen die Kerk geloods vir die feit dat die Kerk te eksklusief help en dat die werkloses nie die vrymoedigheid het om by die Kerk aan te klop om hulp nie. Hy het homself soos volg in die verband uitgespreek: “*Kerke is geneig (my opvatting) om hulle eie lidmate te ondersteun waar daar ’n probleem is, soos ’n dam wat vol water is en wat dus nie meer deel van die Kerk is, of aktief betrokke is nie, word daar nooit by uitgekom nie, want baie leeraars doen nie meer huisbesoek nie. Hierdie mense het dikwels nie vrymoedigheid om by die Kerk vir hulp aan te klop nie.”*

5.4.2 Die siening word gehuldig dat die kerk sy verantwoordelikheid ten opsigte van die aanspreek van werkloosheid in samewerking met ander sisteme moet aanpak

Die deelnemers aan die navorsing het hulle soos volg in die verband uitgespreek:

"*Die Kerk het 'n rol maar, die Kerk kan dit nie alleen doen nie. Die Kerk moet partnerships sluit."*

"*Die Kerk moenie passief wees nie. Die Kerk moet saamwerk met die Regering. Die Kerk kan advies gee en hande vat met ander organisasies en Regering. Samewerking met ander Kerke kan stimulerend wees en ons kan saamwerk aan 'n plan van aksie. As* [die] *Kerk saamstaan is dit verteenwoordigend van die breër gemeenskap."*

"Kerke moet saamstaan om die probleem aan te spreek. Elkeen kan nie net op sy eie ietsie doen nie, want gesamentlik kan ons meer bereik."

'n Ander deelnemer deel dieselfde sentiment as die vorige Kerkleier en stel dit so: "*Kerke moet saamkom met plan van aksie."* Verder in die onderhoud lewer hy kritiek teen die Kerk en maak ook 'n voorstel van wat die Kerk behoort te doen om werkloosheid in die gemeenskap hok te slaan: "*My kommer, die Kerk het destyd gespreek teen apartheid, maar het die Kerk voorsiening gemaak vir n boodskap daarna? Bevryding is nou hier, maar is ons almal bevry? 'Kommissie' is 'n woord vir uitstel maar 'n deurlopende werkgemeenskap wat die probleme* [in verband met werkloosheid] *aanpak en terugrapporteer* [word benodig]."

Nog ‘n deelnemer het die volgende bygevoeg oor sy rol as kerkleier en die rolverpligting van die Kerk by die aanspreek van werkloosheid: *“Ek kyk na ander idees op Internet om mense te bemagtig. My rol is meer as om net te preek, maar ook behulpsaam te wees om mense te help bemagtig met basiese vaardighede en mense aan te moedig om verder te studeer.”*

Hierdie terugvoer rakende netwerk as ’n noodsaaklikheid in die kerk se manier van betrokke raak by sosiale aangeleenthede, word ondersteun deur die teorie.
In Hoofstuk 3 word die vorming van netwerke tussen organisasies ten einde sosiale ontwikkeling aan te help, as van groot belang gesien. Kerke word juis soms daarvan beskuldig dat hulle nie altyd met ander organisasies en selfs ander kerke wil saamwerk nie. Vennnootskappe is tans ’n sentrale uitgangspunt in missiologie veral in die lig van die feit dat die uitdagings net te kompleks is vir een groep om dit aan te spreek. Swart (2003:4) is ook van mening dat die vorming van netwerke ononderhandelbaar is in sosiale ontwikkeling:
“ *The success of combating poverty and underdevelopment will largely depend on the extent to which existing and new networks of trust, cooperation and care (in short the social capital) within and between communities can be mobilised for strategic action. Social networks, therefore are an indication of people’s self-development and the solaridarity relationships amoungst themselves and with others. They reflect the quality of a society’s instutions and constitute the medium through which communities can collectively mobilize their resources and assets to solve their social problems.”*

Volgens Richard Dickson (1998) plaas globalisering die mag in die hande van die minderheid wat gebasseer is op kapatalistiese stelsel van kompetisie. Dié konsentrasie van mag ondermyn die belangrikheid van samewerking en solidariteit maar meer nog dit vergroot die gaping tussen ryk en arm. Dit stel dus kerke voor die uitdaging om samewerking onderling aan te moedig, te beoefen en te inisieer.

5.4.3 Sienings omtrent die aard, of wat die kerk se rol is by die aanspreek van werkloosheid in die gemeenskap

Vanuit die storiereëls by Afdeling 2.1 blyk dit duidelik dat van die kerkleiers wat aan die navorsing deelgeneem het die siening huldig dat die Kerk wel 'n verantwoordelikheid het om werkloosheid in die gemeenskap aan te spreek. In die afdeling word die deelnemers se uitlatings omtrent die aard van die Kerk se rol by die aanspreek van werkloosheid in die gemeenskap aangebied. Met ander woorde die deelnemers se menings oor *wat die kerk doen en/of moet doen, of behoort te doen* om werkloosheid in die gemeenskap aan te vat, word weergegee.

Soos vroeër alreeds genoem kan van dié uitsprake deur die deelnemers hier gemaak ook as voorstelle geag word wat saam met Hooftema 4 van die verslag saamgelees behoort te word en wat ook daarby aansluit.

"Die Kerk het 'n groot rol om mense te motiveer om bruikbaar te wees en om iets anders te probeer. Mense te help om hul selfbeeld te verbeter, want ek dink baie mense is werkloos as gevolg van 'n lae selfbeeld. Ons bid vir werkloses. Verder om mense te help om oop te wees vir moontlikhede wat beskikbaar is. Ek as die bedienaar tree baie keer op as die ore en oë van mense om te hoor en te sien watter werk is beskikbaar en die werkloses dan daarvan in kennis te stel en neem hulle dikwels na die plek vir die onderhoud. Dit is moeilik om te sê watter spesifieke rol die Kerk behoort te speel, maar daar is klein dingetijies wat ons kan doen om die werkloses te help. 'n Ander ding wat ons kan doen is die ontwikkeling van vaardighede, byvoorbeeld: om te bak, naaldwerk, sweiswerk ens. Ongelukkig in ons gemeenskappe sien mense nie die moontlikhede nie en die Kerk kan die rol speel om mense te help om geleenthede raak te sien."

"Die Kerk is instansie wat hoop gee aan mense. Ek dink dis die rol van die Kerk om nie net vir mense te bring tot 'n verhouding met die Here nie, maar om

*vir mense hoop te gee. Mense [te] help om te leef as mense van hoop. So, die Kerk kan nie wegdraai nie, maar ons moet die seëninge waarmee God ons seën weer ander mee seën. Die Kerk moet hom losmaak van wêreldse goed. Minder status en welvaart nastreef, maar dat gelowiges sal besef dat die Here my seën om vir ander mense 'n geleentheid te gee om op te staan in die lewe. Die Kerk moet met die Regering saampraat om die probleem aan te spreek in gemeenskap en land. Daar is soveel mense in ons Kerke met verskillende vaardighede dat elke lidmaat eintlik op n manier betrokke moet raak. Ons is draers van hoop en daar moet ons wat ons het weggee om ander te help. Dis van die grootste skuif wat lidmate moet maak. Dit impliseer 'n kopskuif te maak- om te sê: **'**my doel in die lewe is nie om kyk hoeveel luukse voertuie ek kan ry nie,* [maar]*... om vir ander tot seën* [te] *kan wees.' Werkskeppingsgeleenthede te ondersoek – mense toe te rus - informele werkskepping."*

"Die Kerk het verantwoordelikheidheid om mense te help om menswaardigheid te help herstel deur eerstens die trauma van die werkloosheid te help hanteer. Mense moet kan praat en verseker word dat hulle nie waardeloos is nie. ...Help [mense]...in die oorbruggingsperiode tussen werk soek en werk vind. Kerke moet eerstens hulle eie werklose lidmate versorg. Baie mense wat werkloos is, is ongeskoold en het nie opleiding gehad nie. So, die kerk kan help om mense te motiveer om te studeer en ook te help met opleiding van mense."

"*Vir die Kerk is dit* [met verwysing na werkloosheid] *'n baie komplekse probleem, want huidiglik beklemtoon ons baie die sosiale probleme in die Kerk in die prediking. Die Katolieke katagese sê dat almal toegang tot werk moet hê. ... Ons kan* [nie] *direkte oplossings bied nie, want werkloosheid is 'n meer ekonomiese en politieke aangeleentheid, maar die Kerk is aktief betrokke by dit deur verskeie organisasies, byvoorbeeld: ontwikkelingsoranisasies in Kaap.* [Naam van organisasie] *Society is 'n internasionale organisaises wat gestig is in Germany wat probeer om armoede te verlig deur middel van opleiding vir eenvoudige werke soos haarsalonne, motorwerktuigkindige ens. Ons het ook*

een begin in [Naam van woonbuurt], *maar soms reageer mense nie op geleenthede nie. Hulle verwag dat die Kerk die werk moet bring tot by hul huis, maar ons bied vir mense wat wil, geleenthede. Die Katolieke welsyn- en ontwikkeling organisasies wat ook baie hiermee help, met baie programme soos berading-, ontwikkelingsprogramme, women in need, jeugprogramme, ens. Alles kom van die Bybel wat leer dat ons ons naaste moet liefhê soos jouself en dat ons nie mense soos dinge moet hanteer nie, maar met menswaardigheid hanteer moet word. Die Kerk moet ook soms teen die Wet spreek,want soms beskerm die Wet nie die onskuldige nie.*

"*My opine is gebassseer op Skrif [Die Bybel]. Eerstens, die Kerk se primêre doel is nie om 'n welsynorganisasies te wees nie, want die Bybel sê: 'die armes sal altyd by ons wees' (Genesis,Johannes, Romeiene.) Die Kerk is 'n lewende organisme en nie 'n organisasie. Die Woord* [met verwysing na Die Bybel] *sê: 'sorg eers vir jou medegelowiges'* [Ek] *kan nie almal help nie. Kan net die help wat op my pad kom. Ons gemeente is 80% Bruin mense en 20% Blankes. So ek het baie met die probleem te doen. Help die wat op my pad kom help, maar dis nie primêre doel nie. Ek het al gesien hoe mense wat geestelik verander se lewenstandaard verander. Ek het al baie werk probeer kry. Mense hou nie die werk, of mense het 'n lys van verskonings. Glo nie [die] Kerk moet werk skep nie.* [Die] *Kerk kan mekaar help in die gemeente, byvoorbeeld as iemand kan verf vra in die gemeente wie werfwerk het ens."*

"In sekere opsig dink ek nie dit is die werk van die Kerk om werk te vind nie vir mense nie. Dis die Kerk se rol om werkloses by te staan - help aan in regte rigting. Kerke neem dikwels morele verantwoordelikheidheid vir mense en dit ontmagtig mense. Dis 'n ouerlike rol waaruit die werkloses nooit ontgroei nie. As die werkloses voortdurend deur die Kerk gevoed word soek baie nie werk nie, want hulle aanvaar die Kerk moet vir hulle sorg. Mense beweeg soms tussen Kerke wat hulle op die manier onderhou. Die Kerk moet 'n manier vind om mense op te voed en mense by te staan maar om nie verantwoordelikheid

vir mense te neem wat hulle met geen verant-woordelikheid laat of hulle verlam nie. So, die Kerk moet God verteenwoordig. Daar is organisasies buite die Kerk wat byvoorbeeld sosiale probleme aanspreek waarmee die Kerk kan skakel. Dit is baie moeilik om werk te vind en daarom moet die Kerk nie die verantwoordelikheid oorneem, maar mense aanmoedig en in kontak bring met waar hulle geholpe kan word. Ondersteuning aan die werkloses deur byvoorbeeld kos, klere, geld ens. moet goed bestuur word sodat mense dit nie uitbuit nie. As Kerk genoeg geld het moet hulle iets ontwikkel wat mense op 'n langtermyn werk sal voorsien."

"Ek dink Kerke moet begin omgee nie net vir individue nie, maar vir gesinne. Om uit te reik na hulle as jy individue target bereik ons die tenvolle die gesinne. Dit gaan nie oor net oor individue nie, maar die dit raak gesinne, raak gemeeentes, dit raak die hele gemeenskap. Ons kan tydelike hulp aanbied, hoor wat is die probleem. Ons het nie altyd geld om direk te gee nie, maar ek al sê die gemeentes moet meer sigbaar wees... Skole moet ook 'n basis wees waar jongmense kan aanmeld en sê: 'ek is werkloos, ek soek hulp'. Ons kan mense verwys na ander. 'n Databasis opbou en vesprei, byvoorbeeld by die polisiestasie, by skole, by klinieke en net 'n koordineerder kry om die mense te link met mekaar, want baie keer is ons jongmense in onkunde oor die konteks en die know how, oor hoe om sekere dinge te doen. So ek dink ons kan 'n bydrae lewer op daardie manier en so kan ons meer en meer mense help en ook leer ken in die proses."

Die belangrike rol wat die kerk kan speel om hoop te verkondig en ook op praktiese maniere daaraan gestalt te gee, word deur deelnemers hier verwoord. Volgens die bespreking in Hoofstuk 3 rakende armoede wat dikwels die gevolg van werkloosheid is, beroof dit mense van hul waardigheid, bedreig hul sekuriteit en lei dikwels tot stigmatisering. Die kerk kan 'n enorme rol speel in die bevestiging van mense se selfwaarde en respek. Hoe die kerk oor die armes dink en praat is dus belangerik. Die feit dat mense nie werk het en

dikwels arm is, beteken nie hullle is minder mens as die wat meer het of ryk is nie. Dit beteken nie dat die mense geen potensiaal of vermoë het om iets aan hul omstandighede te doen nie.

Mense wat werkloos is word dikwels gesien as die potensiële diewe en in ’n sekere sin ’n gevaar vir die gemeenskap. Daar word oor hulle gedink en gepraat as die “ander”. Die samelewing is geneig om suspisiuus te wees teenoor armes. Vanuit ’n teologiese perspektief is dit belangerik dat die kerk die werêld help en begelei om anders te dink en te praat oor die armes en werkloses in ons land (Odendaal (2004:294). Die kerk kan dus ’n enorme rol speel in die herstel van mense se waardigheid as God geskape wesens en mede werkers in sy verlossingsplan hier op aarde.

Die volgende aanhaling vanuit die data naamlik dat : *“ Die Kerk moet ook soms teen die Wet spreek,want soms beskerm die Wet nie die onskuldige nie,* dui op die profetiese rol wat die kerk behoort te speel. Villa-Vencio in Kekana (1999:49) herinner ons daaraan om te onthou dat teologie altyd gedoen word tussen die harde realitiete van die dag en die uiteindelike regering van God. Die spannning tussen wat is en wat veronderstel is om te wees moet egter nie uit die oog verloor word nie. Hierdie spanning tussen die werklikheid en die ideaal daag die kerk uit om profeties gereed te wees om nee te sê vir enige beleid of aksie wat uiteindelik diegene wat ‘het’ bevoordeel ten koste van diegene wat ‘nie het nie’.

Die vraag is egter of die kerk kan kreatief deelneem aan die die proses van ontwikkeling en rekonstruksie wat ten gunste van die armes is “*rather than the creation of a new ruling class that survive on the backs of an ever increasing underclass of poverty”.* In die lig van bogenoemde word daar van die kerk verwag deur middel van profetiese bediening as *“social critic”* en vennoot in die heropbou van ons land deel te neem.

5.5 Hooftema 3: Inisiatiewe binne gemeenteverband vir die aanspreek van werkloosheid

Hierdie hooftema het sy ontstaan te danke aan die response wat die deelnemers gegee het op die volgende versoek wat deur die navorser aan hulle gerig is: *"Verduidelik aan die hand van voorbeelde wat word in u gemeente gedoen om werkloosheid aan te spreek."*

Tydens die ontleding van die getranskribeerde onderhoude wat onder meer die mededelings bevat van die deelnemers in verband met die inisiatiewe wat binne gemeenteverband van stapel gestuur word werkloosheid aan te spreek, het die navorser ontdek dat hulle praat van *insiatiewe wat hulle tans in gemeenteverband implementeer om werkloosheid aan te spreek* en ook *van inisiatiewe wat hulle beoog om werkloosheid in die verband hok te slaan*.

Op grond hiervan is die onderstaande hooftema in die volgende subtemas verdeel:

- Huidige inisiatiewe vir die aanspreek van werkloosheid binne gemeenteverband.
- Beoogde inisiatiewe vir die aanspreek van werkloosheid binne gemeenteverband.

Die subtemas word vervolgens aangebied.

5.5.1 Huidige inisiatiewe vir die aanspreek van werkloosheid binne gemeenteverband

Die inisiatiewe wat tans in die deelnemers se gemeentes van stapel gestuur word om die werkloosheid in gemeenteverband aan te spreek kan in die volgende kategorieë verdeel word:

- Materiële-, konkrete-, of stoflike hulp-inisiatiewe

- Geestelike hulp-inisiatiewe
- Berading aan die werkloses
- Vaardigheidsopleiding wat gerig is op inkomstegenerering
- Tree op as werkverskaffingshulpbron
- Werkskeppingsprojekte-inisiatief
- Bemagtigingsinisiatief om die siklus van om dieselfde beroep as die ouer te beoefen by jonger geslag te verbreek
- Skakeling en bespreking van werkloosheid met ander instansies en verwysing van werkloses na hulpverleningsorganisasies

Die genoemde kategorieë word vervolgens aangebied en deur woordelikse aanhalings vanuit die getranskribeerde onderhoude onderstreep.

- *Materiële-, konkrete-, of stoflike hulp-inisiatiewe*

Een van die inisiatiewe wat binne gemeenteverband geïmplementeer word om werkloosheid aan te spreek is om materiële-, konkrete-, of stoflike hulp (veral kos en klere) aan die werkloses te bied. Die volgende mededelings van die deelnemers getuig hiervan:

"*Ons deel kospakkies uit... Ons skakel met sake ondernemings... Pick 'n Pay en Checkers ondersteun ons baie, veral by die plaasbediening, waar daar daagliks 'n kombi van die Kerk uitgaan om kos aan behoegtige mense te voorsien."*

"Ons is betrokke by sopkombuise... Ons samel klere in, deel uit, ons werk ook saam met die VGK in [Naam van dorp] *waar ons help deur middel van sopkombuise en betrokke by kleuterskole daar."* Later in die onderhoud het die deelnemer melding gemaak verdere materiële hulp wat hulle aan die werkloses voorsien met die volgende uitspraak: *"Ons help mense om hul huishuur te*

betaal sodat mense en veral kinders se lewens so normaal moontlik kan aangaan."

"*Ons help altyd met kos. Ons sal nooit iemand hiervoor wegwys nie. Ons gee gewoonlik nie geld* [nie], *tensy die nood baie spesifiek is."*

"*Ons help 'n plaasskool met boeke, klere, kos ensovoorts ..."*

"Ons het sopkombuise en neem ook kos na die plase vir mense."

"*Elke distrik kry 'n geleentheid om een keer per maand na die* [Naam van] *area na toe gaan. Daar is baie werkloosheid. Ons het die naweek voedsel en klere daarheen geneem."*

"...nog 'n manier is om 'n kospakkie te gee op 'n tydelike basis waar daar behoefte is ...Almal wil nie 'n kospakkie h[ê] [nie], *want hullle voel hul menswaardigheid word aangetas, maar daar is wel wat sal sê 'gee maar'. En daardie wyse toon ons liefde teenoor mekaar en motiveer mense."*

- *Geestelike hulp-inisiatiewe*

Onder die geestelike hulp-inisiatiewe wat in gemeenteverband aan die werkloses gebied word ressorteer gebed, soos duidelik blyk uit die volgende strorieëls:

"*Ons doen klein dinge., maar dis belangrik, die gebedsondersteuning..."*

"*Jongmense het kom aanmeld wat klaar is met Matriek, of klaar gestudeer, maar hulle het nog nie 'n job nie. Dan word daar gebid vir elke persoon by die naam voor die gemeente. So almal raak bewus van die behoefte."*

- *Berading aan die werkloses*

Volgens die meegaande storielyne is nog ‘n insiatief wat binne gemeente-verband aangebied word om die werkloosheidskwessie aan te spreek, die berading wat aan die werkloses gebied word. Volgens die deelnemers behels die berading die volgende:

“*As mense na ons toe kom wat werk soek stel ek hulle gerus dat ons alles in ons vermoë doen om vir hulle werk te kry.”*

“*Ons doen klein dinge, maar dis belangrik, die gebeds-ondersteuning, motiveer mense om ander*[s] *te dink oor werkloosheid, bou mense se selfbeeld.”*

“*Mense verloor hoop en wil niks doen nie...Ons betrek mense wat hulp nodig... motiveer hullle om weer sin te vind in die lewe.”*

“Ons het ‘n opname in ons gemeente gedoen rakende verskeie sake; wie werkloos is, kronies siek is, HIV positief is. Ons bied berading en ondersteuning aan mense wat byvoorbeeld HIV positief is.”

- *Vaardigheidsopleiding wat gerig is op inkomstegenerering*

Vaardigheidsopleiding wat gerig is op inkomstegenerering is nog een van die inisiatiewe wat binne gemeenteverband aangebied word om werkloosheid aan te spreek. Die volgende aanhalings vanuit die getranskribeerde onderhoude verwys hierna:

“*Vir ’n ... dame het ons leer hekel en sy hekel serpe en sy lei ander op om dit te kan doen en daaruit kon sy inkomste genereer.”*

"*Van die gemeentelede het 'n spysenieringskursus aangebied vir werkloses en van die mense het werk gekry in resturante en ander plekke."*

"*Die Department van Landbou is tans besig om aan werklose mense in die kerk opleiding te gee. Daar is ook grond aan mense bewillig om nadat hulle die opleiding ontvang het te kan benut. Ons het ook 'n groentetuin waar mense groente plant om aan hulle families kos te voorsien."*

- *Tree op as werkverskaffingshulpbron*

Een van die inisiatiewe in gemeenteverband waarna 'n aantal van die deelnemers verwys het om te help met die aanspreek van werkloosheid, is om vir die werkloses as werkverskaffingshulpbron op te tree.

In die verband doen hulle die volgende:

Help om vir die werkloses werk te kry – Die volgende aanhalings vanuit die getranskribeerde onderhoude bevestig dit:

"*Ons het byvoorbeeld vir iemand werk gekry as 'n sekuriteitswag, later het hy werk gekry by Absa as teller."*

"*Ons het nie program* [met verwysing na 'n program om werkloosheid aan te spreek nie] *as sulks, maar as iemand vra na werk verwys ek hulle na iemand en mense gaan vir onderhoud en het wel die betrekking gekry."*

"*Ons het ook 2 werkskonsultante in gemeente wat ons help om vir mense werk te kry."*

Van die gemeentes adverteer namens die werkloses vir werk soos duidelik blyk uit die volgende mededelings:

"*Dan het ons 'n gemeente weekbuliten* [Kerkbulletin] *en daarin adverteer ons dat daar persoon is wat werk soek en dui aan watter tipe werk die persoon kan doen, asook kontaknommers."*

"...en dan word daar gepraat van die leierskap waarna die werkloses verwys word."

"Dit [met verwysing na die aanspreek van die werkloosheidsprobleem] *word Sinodaal behartig. Daar is 'n databasis van mense (werklose) en dit word gesirkuleer tussen kerke en mense wat werk kan aanbied kontak daardie mense."*

In 'n ander onderhoud het 'n deelnemer genoem dat hy by besighede verneem of hulle nie vir werklose mense van werk kan voorsien nie. Hy het homself soos volg uitgedruk: "*Ons probeer mense akkommodeer deur mense wat besighede het te vra om hierdie mense van werk te voorsien..."*

Die volgende uitlating deur een van die deelnemers sluit aan by die vorige aanhaling deurdat hy wys daarop dat die Kerkleiers in hulle Kerkgenootskap ook pogings aanwend om vir die werkloses werk te soek: *"Van die gemeente se kant af word daar verwag dat die elke leier sy rol moet speel en die gemeente betrek. Hoof ding is om te kyk of daar nie werksgleenthede is vir gemeentelede nie. Soos verlede jaar is die Mall gebou. Dan skakel hulle vir ons en vra of daar mense is wat werklose is. Onlangs het hulle na my huis geskakel om iemand aan te wys wat kan help met vervoer in die area en so kon ons iemand help. Ons het 'n netwerk van maatskappye waar ons kan sê waar geskikte persone is vir sekere werksgeleenthede en ons raai mense aan aansoek te doen en ons help dan met die aansoeke sodat daar ten minste 'n poging is om wel aansoek te doen. Ons help ook mense vanuit gemeenskap ons kyk nie net na ons gemeente nie. Ek dink die kerk moet nie vandag kyk na sy eie gemeentelede*

nie, maar jy moet wyer help waar jy kan. Daar moet van die Kerk se kant ... moeite gedoen word om mense te help. Werkloosheid moet deur geloofsgebaseerde organsisies aangespreek word". Die uitlating spreek ook van die feit dat die Kerkleiers as 'n verwysingsbron optree deur werkloses onder belangstellende werkgewers se aandag bring.

Hulle bring werksgeleenthede onder die werkloses se aandag. Die volgende aanhalings verwys hierna:

"Ons as Kerk het gaan kyk watter werk is beskikbaar by die Munisipaliteit, koerante te lees. Ons het ander werkagentskappe geskakel en gevra om vir ons ook van die aansoekvorms te gee, want baie werkloses het nie daai stamina om op te staan en werk te soek nie. So ons ... poog om werksgeleenthede tot by mense te bring. Ons het in die kerk se vertoonvenster poste opgeplak en afgekondig en die vorms vir werksaansoek beskikbaar gehou by kerkkantoor."

"Het aansteekbord waar poste opgeplak word."

Hulle tree vir die werkloses as referente op. Die volgende uitlatings deur die deelnemers maak hiervan melding:

"*ons tree ook op as referent vir mense..."*

"Ons het opgetree as verwysing vir mense."

Hulle neem die werkloses na werksonderhoude. Twee van die deelnemers het soos volg hierna verwys:

"As ... iemand wat moet gaan vir onderhoud dan is daar iemand wat so iemand neem..."

"...ons het 'n bulletin waarin ons mense se besonderhede neem en dan hulle kontak as ons van werk weet en hulle selfs neem tot daar."

***Hulle help met die opstel van Curriculum Vitaes en die invul van aansoekvorms om betrekkings vir die werkloses**.*

"*iemand afgevaardig om te help met die invul van die vorms..."*

"*Baie van kinders is ongeletterd en ander het dalk Matriek maar het nog baie leiding nodig om die werêld van werk te betree. Ek het my vrou gevra om veral die sulkes te help om hul CV's te voltooi en aansoek te doen vir werk, hoe om voor te berei vir onderhoud. ..."* In die geval vervul die vrou van die deelnemer as werkverskaffingshulpbron ook die funksie om die werkloses voor te berei vir voornemende werks-onderhoude."

- *Werkskeppingsprojekte-insiatief*

Binne gemeenteverband word daar ook werkskeppingsprojekte van stapel gestuur as nog 'n inisiatief om werkloosheid aan te spreek. Die kategorie word deur die volgende aanhalings vanuit die getranskribeerde onderhoude ondersteun:

"*Ons gemeente het 'n werkskeppingspoging wat gewoonlik hier oor November tot Desember werklik inskop. Ons het byvoorbeeld verlede jaar twee van ons jongmense kon sinvol werk gee. Ons verwerk droë vrugte en verpak dit. Ons lewer dit dan aan verkopers. Ons kan nie verder uitbrei nie, want ons het nie ruimte nie. Ons is nie so op hoogte van die admininstrasie van die projek nie, dit word vanuit die pastorie bedryf. Dit sal goed wees as 'n mens hierin rigting en ondersteuning kan kry. Ek dink ons moet dit ten toon stel."*

"Ons identifiseer projekte (teëlwerk, bou, verf ensovoorts.) en ons gebruik werklose mense in die gemeenskap."

"...In die verlede het ons saam met 'n organisasies gewerk ons het kursusse aangebied om mense te help om in die informele sektor betrokke te kan raak. Huidiglik kom werklose lidmate Saterdae hier bymekaar. Ons het 'n pil wat jou immuunstelsel opbou wat ons aankoop en dan gebruik ons die werklose mense om te verkoop teen 'n kommissie en so 'n inkomste te verdien."

- *Bemagtigingsinisiatief om die siklus van om dieselfde beroep as die ouer te beoefen by jonger geslag te verbreek*

Een deelnemer het soos volg vertel van 'n bemagtigingsinisiatief wat sy gemeente op plase van stapel stuur om die siklus van om dieselfde beroep as die ouer te beoefen, te verbreek: *"Ons het 'n Kerkraad op die plase wat help om die siklus te help breek veral onder kinders ... om nie net soos hul ouers plaaswerkers te word nie. Ek het 'n program wat jou help om te sien wat jou vaardighede is en watter tipe beroep jou sal pas. Ek moedig kinders aan om na my huis te kom om die program te gebruik sodat hulle kan sien wat hulle wat hul eienskappe is sodat hulle denke rondom hul toekoms kan verbreed."*

- *Skakeling en bespreking van werkloosheid met ander instansies en verwys werkloses na hulpverleningsorganisasies*

Vanuit die getranskribeerde onderhoude word die volgende aangehaal om die bogenoemde kategorie te bevestig:

"*...ons* [is] *saam in die* [Naam] *Ministerskring met die doelstelling om as Kerke saam te werk en waar daar maatskaplike probleme is en hoe hulle die beste opgelos kan word en om te skakel met verskillende organisasies wat reeds daar is om hulp te verleen. Daar is reeds 'n hele aantal organisasies van*

Staatlik tot Semi-kerk tot Privaat wat gemeenskaps-probleme aanspreek. As ons bewus raak van 'n gemeenskapsprobleem skakel ons met die organisasies. Ons sal ook kyk watter hulpbronne is daar om die probleem op te los. Die hulpbron en die probleem met mekaar te verbind..."

"*...ons verbind mense met die NGO's want ons sien die behoeftes. Die organisasies is deel van die kerk. Ons is ook betrokke by bediening in tronke, want meeste van die gevangenis was werkloos en dan wend hulle, hul tot misdaad en ons help met die rehabilitasie op geestelike maar ook ander vlakke. Die opdrag van liefde is nie emosioneel nie, maar prakties. Die Kerk moet 'n omgewing skep waarin mense kan leef."*

"*...Het vier pilare in Kerk wat ons 'n prentjie gee van wat die Kerk saam* [met die] *gemeenskap en Staat doen. Een hiervan is ontwikkeling. Ons kyk na probleme ...elke Vrydag vergaderings met gemeenskap se jongmense en nooi mense wat deel is van werkersklas en bestuurders van maatskappye, of mense wat kan help met die aangeleentheid onder bespreking. Werkloosheid is een van die probleme onder bespreking ten einde strategie te ontwikkel en help mense om ook vanuit hulle eie werk te soek."*

5.5.2 <u>Beoogde inisiatiewe vir die aanspreek van werkloosheid binne gemeenteverband</u>

Vanuit die getranskribeerde onderhoude is die volgende beoogde inisiatiewe wat beplan word om werkloosheid binne gemeenteverband aan te spreek:

- *Vaardigheidsopleiding met die oog op inkomstegenerering*

"*Ons het nie vaardigheidsontwikkelingsplan nie, maar dis in die pyplyn. Daar gaan 'n organisasie van die* [Naam van dorp] *kom na die Kerk om mense sekere vaardighede aan te leer. Ek dink daaraan om 'n groentetuin op die Kerk*

grond te begin wat mense kan bewerk en die opbrengs kan gebruik om kos op die tafel te sit."

"Ek dink daaraan om werklose mans te kry en hulle leer verf, want ek het jare geverf voordat die gemeente my kan onderhou, so ek het ondervinding. Wil mans oplei en die werk kry ek sal toesig hou oor werk en die prys uitwerk..."

"*Huidiglik is* [ek] *besig met rekenaars - daar is mense in die Kerk wat rekenaarvaardig is wat ons gaan vra om mense basiese rekenaarvaardigehede te leer. Ons wil mense help om werk te kry en te skep sodat die persoon selfonderhoudend kan wees, want die Kerk kan nie wees soos 'n barmartigheidskas nie."*

- *Beoogde skakeling, samewerking en besprekings met ander instansies om werkloosheid hok te slaan*.

Een deelnemers het die volgende gesê oor die beoogde inisiatief om met ander instansies te skakel, besprekings te hou en saam te werk ten einde te poog om werkloosheid te help bekamp:

"*Met baie van die betrokkenheid* [met verwysing na die Kerk se betrokkenheid by inisiatiewe om werkloosheid aan te spreek] *hanteer ons egter net die simptome* [van werkloosheid]. *Ons het onlangs by Kerkraadsveragdering ... gesê ons moet eintlik met die Munisipaliteit en politieke leiers in gesprek tree en uitvind hoe kan ons ons kundigheid inspan om die breër probleem van werkloosheid te kan aanspreek."*

- *Beoogde bevordering van werkskepping*

Een deelnemer het met die volgende uitlating aan die kategorie beslag gegee: *"Ek sal in ons Gemeente ... die selleiers verantwoordelikheid ... maak om*

werkskepping te bevorder en die lede bewus te maak van werkloosheid. Elke selgroep het welsynverteenwoordiger wat hiermee kan help."

Afgesien van die huidige inisiatiewe wat binne gemeenteverband van stapel gestuur word om werkloosheid aan te spreek en inisiatiewe wat beoog word het een deelnemer die volgende opmerking gemaak met verwysing na die bekamping van werkloosheid en werkloosheid as probleem in die gemeenskap: *"Ons is 'n klein konserwatiewe gemeente. Daar is nie direkte uitreikaksies wat deur die Kerk gereël word nie."* Verder aan in die onderhoud het hy die volgende opmerking gemaak: *"Ons het nie veel kontak met ander Kerke wat projekte* [met verwysing na werkloosheidbekampingsinisiatiewe] *betref wat hulle doen nie. Ek self het egter kontak met ander leraars. Ons het nog nooit 'n opname gemaak oor wie werkloos is in die gemeenskap nie."*

'n Ander deelnemer het genoem dat afgesien van die gebedsondersteuning, uitdeel van kospakkies en om vir werkloses voorspraak te maak by besighede vir werk is "*...daar ... nie 'n gestruktureerde beleid binne die Kerk* [met verwysing na sy spesifieke Kerkgenootskap] *om werkloosheid te bekamp nie."*

Een deelnemer het ook aan die navoser genoem dat hulle nie inisiatiewe binne gemeenteverband het om werkloosheid aan te spreek nie. Hy het die volgende antwoord ter motivering hiervan voorsien: *"In ons gemeente self is daar nie juis werkloses nie, miskien so een of twee wat na skool is en wat werkloos is."*

'n Ander deelnemer kon ook nie enige voorbeelde noem as insiatiewe wat binne gemeenteverband aan die gang is om werkloosheid aan te spreek nie. Hy het hom soos volg uitgedruk: *"Ek het nie enige voorbeelde* [met verwysing na inisiatiewe ter bekamping van werkloosheid in gemeenteverband] *nie, want ek, die Kerk doen nie regtig enigiets. Die Woord word verkondig dat die gelowiges sosiaal betrokke moet wees en dat hulle moet liefwees en omgee vir hul naaste. Ek hoop dat dit individue in die Kerk sal aanspoor om iets te doen,*

want dit is baie keer nie die Kerk as organisasie wat iets kan doen nie, maar wel individue in die Kerk. Daar is soms mense in die gemeente wat werkloses kan help maar hulle wil nie die risiko loop nie omdat hulle al te nagekom is in die verlede, maar aan die anderkant wil hulle oor hul Christenskap praat op 'n sekere vlak, soos: 'ek is gered, ken die Here, gaan hemel toe', maar hulle is nie bereid om ... in [die] *werklike lewe hul geloof te demonstreer nie - waar [die] eerste Kerk hul besittings gedeel het,* [nou] *net die teenoorgestelde."*

'n Ander deelnemer het ook verwys na prediking as 'n manier om lidmate se sosiale verantwoordelikheidheid aan te spreek en geïmpliseer dat hy hoop hulle so by die werkloses betrokke sal raak. Hy het hom soos volg uitgedruk:. *"In prediking praat ons baie oor lidmate se rol en verantwoordelikheidheid in die samewlewing en die gedagte dat God ons seën om vir ander tot seën te wees."*

Die inisiatiewe vanuit die verskillende kerke soos hier gelys, dui daarop dat daar wel vanuit gemeentes gepoog word om op 'n praktiese maniere bystand en hulp aan werklose mense te bied. Die verskeidenheid van insiatiewe dui ook daarop dat die gemeentes ook nie net op geestelike gebied 'n verskil probeer maak nie, deur byvoorbeeld net te bid of te preek nie, maar ook deur vir mense werk te help soek en aan te bied waar moontlik. Vanuit die terugvoer kom die kompleksiteit van die probleem van werkloosheid en die hantering ook na vore.

5.6 Hooftema 4: Voorstelle aan kerke oor hoe hulle betrokke kan raak by die hantering van werkloosheid

Hierdie hooftema het sy ontstaan te danke aan die response wat die deelnemers voorsien het op die volgende vraag van die navorser aan hulle: "*Watter voorstelle sal u maak aan kerke oor hoe om betrokke te raak by die aanspreek van werkloosheid?*

Een van die ***voorstelle*** wat herhaaldelik gemaak was oor hoe Kerke betrokke kan raak by die aanspreek van werkloosheid was ***om as Kerk-genootskappe met mekaar en met besighede en die Regering saam te werk om werkloosheid aan te spreek***. Van die deelnemers was ook baie vokaal oor die feit dat daar 'n gebrek aan samewerking tussen die Kerke is en dat die omvang van die werkloosheidsprobleem vir groter samewerking vra. Die volgende aanhalings vanuit die getranskribeerde onderhoude het hierop betrekking:

"Skakeling met besighede, met veral bestuurders wat betrokke kan raak by...gemeenskaprojekte, byvoorbeeld 'n komitee wat bestaan uit sakemanne waarmee geloofsgemeenskappe skakel. 'n Reëlingskomitee van sakemanne en besighede wat dan ook saamwerk met geloofsgebaseerde organisasies ...oor hoe om die probleem aan te spreek."

"*As gemeente is ons baie arm en dis moeilik om dit* [met verwysing na projekte om werkloosheid te bekamp] *te doen. Ek onderneem om met die plaaseienaars te praat om te help in hierdie verband ... Kerke wat saamwerk is goeie ding, maar dit ...is meer die geval van geen of min samewerking tussen kerke hier in die [Naam van] area. Sommige kerke voel bedreig deur ander kerke en dat hulle lede sal verloor aan 'n ander kerk. Daar is dus nie goeie samewerking tussen kerke [nie], alhoewel dit veronderstel is om daar te wees. Die Wit Kerk in die omgewing is in 'n beter finansiële posisie as die ander kerke en sal kan fondse voorsien, maar ek is nie seker of hulle dit sal doen nie. Dit sal die ideaal wees, maar ek dink nie dit werk prakties uit nie."*

"*Ons moet dalk meer kontak hê met ander Kerke en nouer saamwerk maar dit is ook kompleks. Die rol is moeilik en kompleks en soms voel ons magteloos."*

"As ons [met verwysing na Kerkgenootskappe] *ons bronne saamgooi sal ons sien hoe ryk is die Kerk. Die Kerk moet oor grense begin beweeg en mekaar help*

en ons trots wat oor my gaan moet ons laat gaan. Dit gaan nie oor my nie, maar die ou agter my. Die Kerk moet gaan praat met die Regering en vra hoekom lyk dinge nog steeds so ... na soveel jaar van demokrasie. Hoekom het jy 10 mlijoenêrs is en 90 ander wat niks is nie? Die Kerk moet nie sy profetiese rol nie ver nalaat nie. Ons moet voortgaan om vir geregtigheid te veg ...Die Kerk moet uit die kantoor en pakke uitkom en by die mense uitkom sodat hulle kan verstaan waardeur mense gaan."

.. "*Kan met Regering saamwerk aan werkskepping veral waar die Kerk nie sekere bronne het wat die Staat dalk het, byvoorbeeld geld."*

"*In bediening het ek agtergekom dat daar groepe van verskillende belange in Kerk verteenwoordig is. As die kundigheid saamgegooi word behoort daar beter voorstelle te wees as wat die predikant op sy eie iets moet begin. 'n Mens kan nie wegkom van die feit dat die kerke betrokke moet raak. Kerkgaan en Kerk wees kan nie net as geestelik gesien word nie.* [Die] *Kerk moet baie breër gesien word as net die geestelike. My kritiek aan die Regering is dat geloofgebaseerde organisasies word nie so erken soos jou gemeen-skapsgebaseerde organisasies nie. Daar word ook nie geld bewillig vir FBO's* [Faith Based Organizations] *nie."*

"[Die] *Kerk moet nouer saamwerk met sakelui sodat mense ook meer vertroue kan kry in die Kerk. Die bestuurder van Spur het onlangs met my gesels oor 'n herlewingsweek en na die gesprek gesê ...dat* [as] *ek weet van werkloses kan ek hom kontak en hy sal vir hulle werk gee. Kerkleiers moet nie stilsit nie. Ons moet skakel met ander in die gemeenskap."*

"*Ons moet saamwerk soos ek reeds gesê het en hande vat, want die probleem is baie groot. Ons moet by projekte betrokke raak en 'n verskil maak."*

"*Iets wat baie belangrik is dat die verskillende Kerkgenootskappe bymekaar moet kom. Jy is so gekonsentreer op jou gemeente, maar die breër*

gemeenskap is waar gelowe moet bymekaarkom. Ek wil 'n voorbeeld noem: Jare gelede was daar [Naam van woonbuurt] *inwonersvereninging wat bestaan het uit kerkleiers in* [Naam van woonbuurt]. *Dit was as gevolg van dié vereninging wat die eerste gekleurdes op Munisipaliteitraad gesit het en die probleme in die gemeenskap aangespreek het. So as kerkleiers liewer bymekaarkom om te praat oor probleme in die gemeenskap. Daarvan kan ons verder beweeg, want almal* [se] *probleme is baie dieselfde. Ons doen dit op ander gebiede. Daar is byvoorbeeld 'n gesamentlike sangaand gewees in Oktober, maar gaan 'n sangaand die probleme in die gemeenskap aanspreek? Dis nie oplossing vir probleme in gemeentes nie. Kerkleiers moet besef ons moet bymekaar kom om die probleem van werkloosheid aan te spreek. In daardie vergaderings kan gedagtes geruil word en ons kan sê wat die behoeftes is en hoe kan ons mekaar help. Ons kan dan identifiseer watter mense die ergste geraak word en dat ons op hulle konsentreer.* [Naam van dorp] *is juis 'n gelowige plek. Mense wil kerk gaan. Jy sien dit op Sondae en Woensdae, maar ons moet die inisiatief neem. Dit is juis die wat swaarkry wat gereeld daar sal wees en ons moet hulle help. Ons het 'n jeug wat saamgegaan het op die uitreik en ek was verbaas oor hoe hulle die mense hanteer het. Ons dink baie keer, ons as volwassenes weet beter, maar jy is verstom oor hoe daardie jongmense dink. Hulle het uitgegaan en gevoel kon toon met die werklose mense. Daar het ek besef dat die jeug kan jy ook betrek by projekte, want hulle het gevoel vir die mense."*

Buiten vir die voorstel om as kerkgenootskappe met mekaar, met besighede en die regering saam te werk om werkloosheid aan te spreek, was daar ook voorstelle ***dat die kerkleiers ingelig moet word oor die werkloosheid in die gemeenskap en 'n kommissie aanstel om aan die werkloosheids-kwessie in die gemeenskap aandag te gee.*** Die volgende twee aanhalings vanuit die getranskribeerde onderhoude spreek hiervan:

"Ek dink dis iets wat aangespreek kan word by die bedieningsgroep [is] *dat iemand ons kom toespreek oor werkloosheid sodat ons die pobleem meer publistiteit kan gee. Ek dink die tyd is reg vir so iets omdat die hele dorp ... betrokke* [is] *by die 40 dae van doelgerigte lewe waar diens aan die gemeenskap op 'n Bybelse manier aangespreek word. Ek voel ons gemeenskap is besig om ...* [ingestel] *...te word om hulp te verleen, maar iemand sal daarvoor verantwoordelikheidheid ... neem. Verteenwoordigers van die gemeenskap moet die Kerke gaan besoek en die probleem verduidelik aan die gemeente sodat daarvoor gebid kan word en mense bewus gemaak kan word daarvan. Mense moet anders begin eksponensieel dink hieroor en niemand het ons nog gemotiveer om eksponensieel hieroor te dink nie ... Ons gemeentes is nie genoegsaam ingelig oor werkloosheid nie."*

"Miskien moet 'n mens ook 'n kommissie hê wat kyk na die nood in die samelewing wat dan werkloosheid as een van die probleemareas identifiseer, want dan sal jy agter kom watter hartseer daar is..."

Nog 'n ***voorstel*** (deur een deelnemer spesifiek) oor wat Kerke kan doen om werkloosheid aan te spreek was om met ***werkskeppingsprojekte te begin*** indien hulle oor die nodige finasies hiervoor beskik. Hy het die volgende in die verband kwytgeraak: "*As die Kerk die finansies het moet ons klein besighede begin om werkskepping moontlik te maak."*

'n Ander deelnemer betwyfel die vermoë van die Kerk om besighede ter wille van werkskepping op die been te bring en het homself soos volg uitgespreek:

"*Ek twyfel of Kerke werk kan skep omdat die Kerke se besigheidsvaardighede nie goed is nie en dan vervreem hulle hulself. As daar 'n projek is wonder ek hoe lank dit gaan werk omdat 'n projek op besigheid-beginsels geskoei moet wees. My voorganger het byvoorbleed met die* [Naam van] *projek begin waar mense geleer is om matte te weef, maar die projek het nie lank gehou nie omdat daar*

nie noogwendig 'n vraag was na die produk nie. Daar is nog enkele vroue wat met die projek voortgaan. Alhoewel die bedoeling baie goed was, was die projek nie geslaag om die projek in ekonomies vatbare projek te omskep. Dit is klaar moeilik vir 'n interpreneur om kop bo water te hou binne die vryemarkstelsel, wat nog te sê as die Kerk probeer om 'n besigheid te bestuur?"

Van die deelnemers het ook ***voorgestel dat die kerk*** die werkloosheids-probleem in die gemeenskap kan aanspreek deur ***mense op*** te ***roep tot morele (geestelike) hervorming en hulle op te voed om 'n werksetiek te ontwikkel.*** Die voorstel word afgelei vanuit dié storielyne:

"Dis 'n hele probleem in die gemeenskap, van alkohol- en dwelm-misbruik, swangerskappe. Ek glo nie 'n ou steel omdat hy honger is nie, hy steel omdat hy skelm is. Ek glo as daar 'n geestelike verandering by mense kom sal die ander dinge ook regkom. En die mense in die Kerk is verantwoordelikheid in hoe hulle met hulle geld werk. Die mense moet vertel word deur die Kerk dis is ook hulle verantwoordelikheid om werk te soek. Dis verkeerd om net by die huis te sit en niks te doen nie. As die Kerk sy werk deur die Evangelie te verkondig, mense tot bekering kom, hulle word verant-woordelikheid geleer en mense leer om volgens die Skrif [te] *leef. Dan bring dit 'n verandering. Ek het dit al gesien. Die Kerk moet doen wat hy doen en dan sal al die ander dinge begin regkom. Ek weet nie of 'n sopkombuis hier en sopkombuis daar die probleem sal oplos nie. Ek glo alles begin by die geestelike. Die mens is geestelik siek en om die gemeenskap gesond te kry moet jou siel gesond word. "*

"*As* [die] *Kerk verder kan kyk as die materieële dan sal ons besef dat 'n sopkombuisie* [en] *kospakkie nie genoeg* [is nie] *...Ons as Kerk moet mense leer. Dit is* [ons] *taak om mense op te voed. Adam en Eva (Genesis) – 'jy sal brood verdien in die sweet van jou aangesig', Spreuke – 'gaan na die mier jou luiaard en word wys', Mattheus 20 – 'werkers op verskillende tye gehuur', Mattheus 25 – 'elkeen kry 'n talent om daarmee te gaan werk'. So as* [Die] *Bybel sê: 'werk is kragtig – daar moet gewerk word, ...het* [ons] *'n mandaat uit God se Woord nie*

net [om] *te kyk na die siel maar, ook na die tydelike.* [Die] *Kerk het 'n ondersteunende rol...leer mense om werk te behou, leer in hoe om verhoudings te handhaaf."*

"Mense raak soms kieskeurig wat werk betref en dis 'n probleem [Ons] *moet mens ... leer om geleenthede aan te gryp."*

Nog 'n voorstel wat gemaak was oor hoe Kerke betrokke kan raak by die aanspreek van werkloosheid was ***om lidmate te motiveer om as Kerk by mense (onder meer die werkloses) binne en buite die gemeente betrokke te raak***. Die volgende aanhalings uit die getranskribeerde onderhoude verwys hierna:

"As jy lidmate kan motiveer deur kerkraadslede. Dis moeilik om mense op te wek om betrokke te raak veral buite hul eie gemeente."

"[Dit is] *belangerik om betrokke te raak op 'n manier. As 'n mens* [mense] *leer ken kry mense later 'n gesig en 'n naam en hoe meer kontak daar kan kom met mense wat werkloos is en dié sukkel met die hantering van die effek van werkloosheid sal maak dat mense meer betrokke sal raak."*

"*Ek dink die Kerk kan meer uitreik. Daar is die neiging dat die Kerk 'n eksklusiewe klub is. As die kerk net meer sal omgee. Mense staan rond op hoeke van strate en bedel. Dit is 'n geleentheid waar ons op 'n een-tot-een gesprek met hulle kan tree en hulle betrek by kerkprogramme... Dan voel hulle weer tuis met mense, want dis koud daarbuite - koud in die sin dis 'n cruel society en jy is nie altyd welkom as jy vir n job gaan vra* [nie]. *En emosioneel is mense nie voorbereid vir wat op hulle wag nie. As ons mense kan motiveer en help soek, telefoonnomers gee ander organisasies kontak ... dit saam met hulle doen, nie net verwys nie. Ons moet meer betrokke raak by die gesinne self, want hulle* [met verwysing na die werkloses] *kom uit gesinne en waar daar jongspanne nie ouers het nie moet ons as ouers optree. As ons net almal kan*

leer deel van wat ons het, kos, ons bronne, sal ons meer kan bereik ...Kerke het tenologie – geld. Wend dit aan om jeug te leer bestuur. Mense op kortkursusse te kan stuur. As die Kerk net 'n breër visie het en dat die Kerk nie op 'n Saterdag, Woensdag en Sondag bestaan nie ... ons 'n bydrae maak."

Twee deelnemers het ***voorgestel dat*** die Kerk werkloosheid kan aanspreek deur ***ongeregtighede en uitbuiting in die gemeenskap aan die groot klok hang en dat die Kerk optree as waghond oor die Regering se besteding van geld.*** Hulle woordelikse mededelings was die volgende:

" [Die] *Kerk kan uitbuiting aanspreek. In die Kerk is van alle kategorie mense – werkgewers en werkloses."*

"*... die Kerk moet spreek teen ongeregtigheid en optree daarteen, byvoorbleed: ons het 'n gemeente in* [Naam van dorp] *wat uitsluitlik wit is en nie ander inlaat nie. Hulle is onder die indruk dat hulle rustig aangaan met hulle Kerk en dat hulle niemand affekteer daardeur nie, maar hulle maak 'n standpunt wat daardeur ongeregtigeid ondersteun. As die publiek daarvan uitvind sal daar 'n groot reaksie wees hieroor. Die Kerk is te besig om mense in 'n persoonlik verhouding met die Here te bring om bekommerd te wees oor mense in die alledaagse lewe of realiteit. Prediking moet verander en mense moet hulle geld sit waar hulle mond is en moet standpunt inneem. Dit sal moeilik gebeur in die breër Kerk, maar deur individue wat byvoorbeeld betrokke raak in politiek en so ' n verskil maak. Mense verander moeilik. Om mense as groep te verander in die Kerk gaan nie maklik gebeur. Die kerk is te vasgevang in sy eie teologie en belangrikheid om iets te doen. Die werk wat in ons kerk gedoen rakende die armes is net vir ons mense en nie breër nie."* Die aanhaling beklemtoon ook die eksklusiwiteit van die Kerk (waarna 'n ander deelnemer vroeër in die verslag verwys het) en bevat ook 'n reeds genoemde voorstel dat die Kerk buite gemeenteverband betrokke moet raak.

"Ons het die leeraarskring wat 2-maandeliks byeenkom en ons spesifiek gepraat oor werkloosheid en gesê ons moet dalk met die Owerheid praat oor die besteding van geld wat vir ontwikkeling gegee word. Die kerk kan dalk die oë wees om te verseker dat geld effektief aangwend word." Die uitlating kan ook geag word 'n beoogde inisiatief om werkloosheid in die gemeenskap aan te spreek.

Ander voorstelle oor hoe kerke betrokke kan raak by die aanspreek van armoede in die gemeenskap, was die volgende:

Voorstel dat die kerk opleiding en vaardigheidskoling ondersteun en fondse en fasiliteite hiervoor beskikbaar stel. Die volgende aanhalings verwys na die voorstel:

"*Verbetering van opleiding en vaardigheidsvlakke van mense*, *want dit is van die groot redes hoekom mense werkloos is."*

"[Die] k*erk het 'n ondersteunende rol ... fondse beskikbaar* [stel wat] *kan gebruik word om opleiding te gee, vennootskappe, intreperneurskap aan te moedig en aan te help – stel fasiliteite beskikbaar."*

"*Gelletterheidsklasse en deurlopende huweliksberading sodat paartjies sterker kan wees as krisisse soos werkloosheid voorkom."*

Voorstel dat die Kerk optree as skakel tussen werklose en werkgewer, as referent optree en oor 'n databasis van werkloses beskik. Die subtema is afgelei vanuit die volgende uitlating deur een van die deelnemers:

"*As iemand werkloos is kan die Kerk die rol van 'n adviesburo speel - daardie skakel tussen werkgewer en werklose...Mense het meer geloofwaardig in die kerk as die kerk 'n persoon aanbeveel, of die Kerk het 'n databasis van*

werkloses. ... Die Kerk moet deur die dag en week ook sosiale dienste lewer en nie net funksioneer wanneer daar geestelike byeenkomste is nie. Die Kerk moet hom meer beskikbaar stel 24/7 sodat die mense ook kan kom met ander sake behalwe geestelike of kerksake..."

Voorstel dat die kerk in die materiële, geestelike en emosionele behoeftes van die werkloses sal voorsien. Die voorstel word onderstreep en saamgevat in die volgende aanhaling vanuit een van die getranskribeerde onderhoude:

"Die kerk kan in werkloses se tydelike behoeftes voorsien deur barmhartigheid aan hulle te bewys, alhoewel dit dalk nie op 'n vaste basis geskied nie. kerk kan ook bid vir werkloses. [Ek] *het gevalle gehad waar ons vir mense gebid het en hulle het werk gekry. So ek glo daar is die geloofstoepassing van die kerk se kant af belangrik waar die Kerk saam met die mense* [die werkloses] *kan uitkyk vir werk en advies gee in die verband.* [Die kerk] *moet ook mense motiveer om werk te soek."*

6. Samevatting

In die voorafgaande hoofstuk is die hooftemas, gepaardgaande subtemas en waar van toepassing kategorieë aangebied na aanleiding van 'n proses van data-ontleding en kodering van 18 getranskribeerde onderhoude wat gevoer was met kerkleiers in die Paarl- en Wellington-omgewing. Die doel van die ondersoek was om die die rol van geloofgebaseerde organisasies in aanspreek van werkloosheid te verken en te beskryf. Die tabel op bladsy 4 tot 9 van hierdie hoofstuk. bied n opsomming van die hooftemas, subtemas en kategorieë waarvolgens die data bespreek is in hierdie hoofstuk. Saam met die bespreking van die data is ook literatuurkontrole gedoen. In Hoofstuk 6 word die gevolgtrekkings en aanbevelings bespreek wat geskoei is op die literatuurstudie asook die data deur die empiriese ondersoek verkry

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstuk is die geïnterpreteerde data bespreek aan die hand van hooftemas, subtemas en kategorieë. Tesame met die bespreking van die data is daar ook literatuurkontrole gedoen. In hierdie hoofstuk word op grond van die literatuurstudie en die bevindinge van die empiriese ondersoek gevolgtrekkings gemaak, wat ook as grondslag vir aanbevelings dien.

Die doelstellings van hierdie studie lui soos volg:

- Ontwikkeling van kennis en begrip vir die verskynsel van werkloosheid en veral die uitwerking van werkloosheid op individue, gesinne en die gemeenskap;

- die ontwikkeling en uitbreiding van bestaande netwerke tussen geloofsgebaseerde organisasies wat effektiewe samewerking en koördinering van projekte met betrekking tot werkloosheid kan bevorder;

- die ontwikkeling van ’n nuwe of ’n verbeterde praxis aangaande die rol van geloofsgebaseerde organisasies in die hantering van werkloosheid in die Paarl- Wellington-omgewing.

Die doelwitte wat die breër doelstellings van hierdie studie onderlê, behels die volgende:

- ’n **Voorondersoek,** wat ’n literatuurstudie behels oor die konsep werkloosheid, werkloosheid in Suid-Afrika, die effek van werkloosheid op die inidividu, die gesin en die samelewing, en ’n teologiese perspektief op werk;
- ’n **empiriese ondersoek,** waar die navorser deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude data insamel oor die navorsingsvraag ,naamlik: Wat is die rol van geloofsgebaseerde organisasies in die hantering van werkloosheid? Die **resultate van die ondersoek word met die literatuur geverifieer** as ’n wyse van kontrolering van die betroubaarheid van die inligting soos deur die empiriese ondersoek verkry;
- laastens word **gevolgtrekkings en aanbevelings** vanuit die resultate van die studie gemaak ten einde geloofsgebaseerde organisasies met voorstelle te bedien aangaande hulle rol in die hantering van werkloosheid.

Na aanleiding van die navorsingsvraag en navorsingsdoelstellings het die navorser ’n toepaslike navorsingsbenadering gekies wat vervolgens kortliks verduidelik word.

6.2 Navorsingsbenadering

In hierdie studie is daar van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak. Die navorser is van mening dat die kwalitatiewe navorsingsbenadering die navorsingsvraag die beste sou beantwoord omdat daar in die navoringsbenadering op die beskrywing van mense se intensies, geloof en waardes gefokus is (Henning 2004:20). Die fokus van die navorsingsvraag in hierdie studie, was om vas te stel hoe leiers van kerke as geloofsgebaseerde organisasies die rol van die kerk verstaan ten opsigte van die hantering van werkloosheid in hul spesifieke omgewing. Die doel van die studie was dus om kerkleiers se verstaan van die rol van die Kerk ten opsigte van werkloosheid in ’n spesifieke area te beskryf.

Die kwalitatiewe navorsingsparadigma leen hom die beste tot hierdie beskrywende tipe navorsing en is om daardie rede as navorsingsbenadering in hierdie studie benut.

In die lig van die navorsingsvraag en doelstellings van die studie het die navorser die basies beskrywende navorsingsontwerp gekies. Hierdie navorsingsontwerp word deur navorsers benut wat daarin belangstel om te verstaan hoe deelnemers sin maak uit ‘n situasie of verskynsel en die betekenis word dan bepeins deur die navorser as instrument. Hierdie strategie is induktief en die uitkoms is beskrywend. In die uitvoering van basies beskrywende kwalitatiewe navorsing ontdek en beskryf, die navorser ‘n bepaalde verskynsel of proses, die perspektiewe of sieninge van mense betrokke rakende die proses of verskynsel. Data is by wyse van semigestruktureerde onderhoude ingesamel. ‘n Ryk beskrywing van die bevindinge is Hoofstuk 5 aangebied en bespreek. Die literatuuroorsig het as raamwerk gedien vir die literatuurkontrole in die bespreking van die bevindinge (Merriam 2002:6).

Vervolgens word gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak aan die hand van die doelstellings van die studie. Hierdie gevolgtrekkkings en aanbevelings is gebaseer op sowel die literatuurstudie as die bevindinge wat van die empiriese ondersoek verkry is.

6.3 Gevolgtrekkings en aanbevelings

Doelstelling 1

Ontwikkeling van kennis en begrip vir die verskynsel van werkloosheid en veral die uitwerking van werkloosheid op individue, gesinne en die gemeenskap;

Die volgende gevolgtrekkings kan vanuit die literatuurstudie gemaak word, naamlik dat:

- Nie almal wat nie werk as werkloos geklassifiseer kan word nie. ’n Bepaalde kriterium is gebruik om iemand as werkloos te klassifiseer,

naamlik dat die persoon nie werk het nie, beskikbaar is vir werk, graag wil werk en werk soek;

- die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika onaanvaarbaar hoog is en die afgelope 10 jaar boonop met ongeveer 10% toegeneem het;

- die jeug en diegene met laer vaardigheidsvlakke die meeste deur die situasie van werkloosheid in Suid-Afrika geraak word;

- werkloosheid besig is om selfs onder meer geletterdes toe te neem;

- die meeste werkloses in Suid-Afrika nog nooit gewerk het nie;

- werkloosheid meestal as negatief in Suid-Afrika ervaar word omdat om te werk as die ideaal gesien word;

- volgens die teologiese perspektief op werk is om te werk as ’n integrale deel van die mens se skeppingsdoel gesien word;

- die uitwerking van werkloosheid in die meeste gevalle ’n baie negatiewe impak is op individue, gesinne/families en die gemeenskap asook op die politieke situasie in die land.

Gevolgtrekkings vanuit die empiriese ondersoek lui soos volg:

- Deelnemers se persepsies rondom werkloosheid as verskynsel ’n probleem en werkloosheid in die gemeenskap is die volgende:

    - Twee deelnemers het die persepsie gehuldig dat werkloosheid nie in hul gemeente voorkom nie – maar dat dit wel ‘n probleem en in die gemeenskap voorkom;

- slegs een deelnemer het aangedui dat werkloosheid nie ‘n probleem in hul gemeente en gemeenskap is nie.
- volgens agt deelnemers is werkloosheid ‘n probleem in hul gemeenskap;
- ses deelnemers het werkloosheid as ‘n probleem in die gemeenskap én in die gemeente beskryf;

- volgens die data het 16 van die 18 deelnemers aangedui dat hulle in hulle onderskeie gemeentes en gemeenskappe gekonfronteer word met die aanwesigheid van werkloosheid en uitdagings wat daarmee gepaard gaan;

- uit die navorsing blyk daar ’n bewustheid onder kerkleiers te bestaan omtrent die probleem van werkloosheid van gemeentelede sowel as in die breër gemeenskap;

- daar is ’n duidelike korrelasie tussen dit wat die literatuur uitwys aangaande die voorkoms van ’n hoë werkloosheidsyfer in Suid-Afrika en dit wat deur die ondersoek in die Paarl - Wellington - omgewing bevind is;

- werkloosheid is in die Paarl – Wellington- omgewing ’n realiteit en ’n uitdaging;

- uit die data blyk dit dat deelnemers insig toon in die moontlike redes waarom mense in die gemeenskap werkloos is;

- uit die response was dit duidelik dat die negatiewe uitwerking wat werkloosheid op individue,gesinne/families en die gemeenskap het baie ooglopend is in die gemeenskap van Wellington -Paarl. In hul respons op die vraag oor die aanwesigheid van werkloosheid in die gemeente en

gemeenskap het heelwat deelnemers verwys na die uitwerking van werkloosheid op individue, gesinne/families en die gemeenskap;

- uit die terugvoering kom ook die kompleksiteit van die probleem van werkloosheid en die hantering daarvan na vore. Deelnemers vertel byvoorbeeld dat hulle dikwels oorweldig en hulpeloos voel weens die negatiewe uitwerking wat werkloosheid op die individu, maar veral op gesinne/families en gemeenskappe het;

- die bose kettingreaksie wat deur werkloosheid ontketen word, omdat dit dikwels aanleiding gee tot ander sosiale euwels, soos in die literatuurstudie beskryf, was deur deelnemers bevestig;

- van die deelnemers het ook gemeld dat daar ook baie werklose jongmense is in die gemeenskap waarbinne hulle gemeente geleë is;

- deelnemers beskou werk as deel van die mens se skeppingsdoel en as opdrag van God aan die mens.

<u>Aanbevelings:</u>

- Die bevindinge van die studie kan benut word om plaaslike gemeentes meer te sensitiseer omtrent die aanwesigheid van werkloosheid en die uitwerking daarvan op individue, gesinne/families en gemeenskappe;

- ’n opname van werkloses in gemeentes kan gedoen word ten einde ’n databasis op te bou wat voortdurend opgedateer word. Hierdie databasis kan gebruik word om mense in kontak te bring met moontlike werkgeleenthede. Die databais kan verder benut word vir dienslewering vanuit die kerk aan werkloses in die vorm van onmiddellike

noodverligting en ondersteuning aan werkloses deur middel van pastorale begeleiding;

- kontak met werkloses vanuit die kerk is noodsaaklik veral om hulp te verleen met die negatiewe uitwerking wat werkloosheid dikwels het op inidividue en veral families. Pastorale begeleiding kan in dié verband van baie groot waarde wees. Pastorale begeleding kan geskied deur middel van spreekure by die kerkkantoor of enige ander geskikte plek. Afhangende van die omstandighede van die families kan huisbesoek ook benut word vir pastorale begeleiding aan inidividue en families;

- ondersteuningsgroepe kan vir werkloses op die been gebring word waar lede mekaar kan ondersteun en veral kan help om hul selfwaarde as mense te herstel en te bevestig;

- groter belangstelling in jongmense se leefwêreld kan getoon word, veral gedurende kategese-opleiding by die onderskeie kerke wat dan skool- en tersiêre opleiding en toekomsplanne kan insluit. Vir baie jongmense is die toekoms uiters onseker en bystand en belangstelling in dié verband vanuit die kerk kan vir hulle baie waardevol wees;

- deur ’n meer aktiewe betrokkenheid by die lewe van die werklose kan die kerk ’n enorme rol speel in die bevestiging van mense se selfwaarde en selfrespek.

<u>Doelstelling 2</u>

Die ontwikkeling en uitbreiding van bestaande netwerke tussen geloofsgebaseerde organisasies wat effektiewe samewerking en koördinering van projekte met betrekking tot werkloosheid kan bevorder;

Gevolgtrekking vanuit die literatuur:

- Vanuit die literatuur is die belangrikheid van onderlinge samewerking deur organisasies as ononderhandelbaar uitgewys as deel van effektiewe sosiale ontwikkeling. Daarsonder is die hantering van die onderskeie sosiale uitdagings soos werkloosheid nie moontlik nie;

- verder word daar ook aangedui dat die kerk tot op hede nie baie goed daarin geslaag het om met onder andere die staat en ander gemeenskapsorganisasies saam te werk nie.

Gevolgtrekkings vanuit die empiriese ondersoek:

- Onderlinge samewerking tussen kerke en samewerking met die regering is deur deelnemers baie belangrik geag. Die voorstel wat herhaaldelik gemaak is, was dat die mees effektiewe wyse waarop die kerk by die hantering van werkloosheid betrokke kan raak is om as kerkgenootskappe met mekaar, besighede en die regering saam te werk;

- enkele deelnemers het aangedui dat hulle reeds met ander organisasies, die plaaslike regering, en besighede skakel ten einde werkloosheid aan te pak;

- ahoewel daar ’n bewustheid onder die deelnemers bestaan van die aanwesigheid van werkloosheid en die uitwerking daarvan op mense is die gebrek aan samewerking van die kerk met ander organisasies in die Paarl-Wellington-omgewing as ’n groot leemte beskou.

Aanbevelings:

